

Weg!

Ry & Sleep

Hartenbos toe!

Kom kamp en verken die
Tuinroete se agterpaaie



WOONWATOETS

MOBI LODGE QUATTRO

Dubbeldosis weelde
in die boendes



MOSAMBIEK

Ons buurland nooi jou na
die Maputo- nasionale park

NAWEEKKAMP | Span rustig uit langs die Breërivier | **ROETES WAT ROEP** 6 taai uitdagings tussen slagvelde | **kykNET-BUITE-EKSPLO** Blinknuwe waens vir die Kerskous | **RYGOED** Nissan Navara Warrior, Ford Ranger XL & Jetour T2 | **OORGRENSGESPREK** Botswana is Khwai in die somer | **KAMPBOFFIN** Is jou wa se lêplek groot genoeg? | **4x4-PROF** Die jaar in oorsig

TOERUSTING

HIER'S ONS KAMPWENSLYS, KERSVADER!



R140,00 (BTW INGESLUIT)
NAMIBIE N\$145,00



MOBI LODGE CONTINENTAL



MOBI LODGE XL



Skandeer om die
ander Mobi Lodge
modelle te sien!

DIE NUWE MOBI LODGE QUATTRO

HOEKOM MOET JY KIES TUSSEN AVONTUUR
EN GEMAK AS JY ALBEI KAN HÊ!

- ✓ 4-Slaper met Koninggrootte-Eiland & Dubbelbed
- ✓ Ten Volle Toegeruste Buitekombuis & Binnenshuise Koffiastase
- ✓ Volledige En-Suite-badkamer met Instap Toegeboorde Stort
- ✓ Ten Volle Outomatiese, Elektriese Uitskuif-slaapkamer
- ✓ 6 Sitplek Sitkamer met Panoramiese Vensters
- ✓ 5 Meter Afdak – Elektries

Onvergelykbaar!

★★★★★

Mobi Lodge



Raak kalm en waardeer die mooi

Hierdie laaste klompie weke van die jaar laat my altyd voel asof die lewe teen 'n skrikwekkende tempo voortstorm. Daar is net soveel dinge te doen, 'n magdom mense te sien en een saktyd te veel om te oorleef voordat jy kan asem skep en die Out of Office op jou e-posse aansit.

Maar wanneer dit uiteindelik gebeur en jy vir 'n oomblik kan stilstaan, lê 'n heerlike paar dae (of weke vir die gelukkiges) se vakansie voor waar jy kan fokus op dinge wat saak maak... familie en vriende.

Die Desembervakansie het nog altyd vir my 'n diep waarde. Toe ek 'n kind in die huis was, was hierdie familietyd en dan het ons saam met oupas, oumas, ooms, tannies, nefies en niggies gekuier. Ek is versot op die warm en lang somerdae, en ek glimlag nou nog as ek dink hoe ons destyds lank ná sononder nog geswem het terwyl die grootmense om die vuur kuier.

'n Lang vakansie soos dié herinner ons ook hoe belangrik dit is dat 'n mens soms afwyk van jou alledaagse patroon. Veral in Suid-Afrika, waar jy jou kan wend tot enigiets van pragtige strande tot 'n vakansie in die berg, bosveld of wildtuin. Wys my 'n beter agtergrond waar 'n mens weer vir 'n rukkie jou innerlike en uiterlike kan lawe...

Ek hoef nie die eenvoudige plesier van 'n kampvakansie of 'n sloertoer aan jou te probeer smous nie, want as jy hier lees, verstaan jy, as deel van die Ry & Sleep-gemeenskap, dit maar te goed. Jy besef die waarde van hierdie leefstyl en beleef dit waarskynlik op hierdie presiese oomblik.

Dit is in oomblikke soos dié dat 'n mens dan jou grootste rykdom ontdek: 'n Vryheid, 'n tevredenheid, 'n rustigheid en 'n besef van hoe belangrik hierdie tyd saam met geliefdes is.

Ek glo vas almal verdien die lekkerte van 'n blaaskans. As jy my vra, is daardie terugkeer na wesenlike eenvoud – waar jy die dinge wat werklik belangrik is, opnuut ervaar en waardeer – die beste manier om van die werk, die stad en al die ander beslommernisse van die lewe te ontsnap.

Ek hoop hierdie ontsnapping is jou ook beskore. Staar in hierdie tyd stil. Geniet elke oomblik en herinner jouself aan die eenvoud van geluk. Die lewe se beste avonture of beloning lê nie altyd in alles wat ons jaag nie, maar in dít wat voor ons is.

Namens ons almal by Ry & Sleep wens ek jou en jou mense 'n vakansie vol goeie tye, vreugde en wonderlike herinneringe toe. Geniet elke oomblik en ry asseblief versigtig.

Ons praat gou weer.

Schalk

REDAKTEUR

✉ schalk.jonker@media24.com

Inhoud

#70 | Desember 2025-Januarie 2026



NAWEEKKAMP 60



ROETES WAT ROEP 66



4x4-BESTEMMING 36

ELKE MAAND

3 REDAKTEURSBRIEF

8 POSBUS

12 NUUS

26 KYKNET-BUITE-EKSPO

34 NUWE RYGOED

70 BULL RUN

78 DIEREVAKANSIE

82 RY-INDRUK

86 SLEEPTOETS

90 WOONWATOETS

96 KAMPBOFFIN

98 4x4-PROFESSOR

100 TOERUSTING

104 KAMPKOS

113 BLOKRAAI

114 PRETBLAD

116 MIC SE RUBRIEK

118 NEELS SE STOEPENT

120 RUBRIEK

122 IETS ANDERS

REDAKSIE

REDAKTEUR SCHALK JONKER ✉ schalk.jonker@media24.com

JOERNALISTE LEON BOTHA ✉ leon.botha@media24.com

CYRIL KLOPPER ✉ cyril.klopper@media24.com

UITLEGKUNSTENAAR OWEN WILLOUGHBY ✉ owen.willoughby@media24.com

TEKSREDAKTEUR PETER VAN NOORD ✉ peter@subteks.co.za

KOSREDAKTEUR JOHANÉ NEILSON

MULTIMEDIA DESIREE HARTNEY ✉ desiree.hartney@media24.com

MEDIA24 KORPORATIEF

UITVOERENDE HOOF: MEDIA24 RAJ LALBAHADUR

UITVOERENDE HOOF: MEDIA24 MEDIA MINETTE FERREIRA

UITGEWERSPAN: MEDIA24 LEEFSTYL

FINANSIËLE BESTUURDER LANA GOLIATH

BEDRYFSHOOF EDWINA LYNERS

HOOF: PRODUKSIE JACQUES DU PLOOY

VERKOPE EN BORGSKAPPE

HOOF: ADVERTENSIES DANIE NELL

✉ danie.nell@media24.com ☎ 082 859 0542

KLIËNTBESTUURDER SHARLENE SMITH

✉ sharlene.smith@media24.com ☎ 083 583 1604

KLIËNTBESTUURDER SANETHA MEINTJIES

✉ sanetha.meintjies@media24.com ☎ 082 957 9747

INKOMSTHOOF NERISA COETZEE

✉ nerisa.coetzee@media24.com

HOOF: DIVERSE PROJEKTE FRANCOIS MALAN

✉ francois.malan@media24.com

ATELJEE: MEDIA24 LEEFSTYL

HOOF LAILA MAJIET

KREATIEWE HOOF SANDLASETHU-SIPHE YILANI

REDAKTEUR SPESIALE PROJEKTE GERDA ENGELBRECHT

gerda.engelbrecht@media24.com

PRODUKSIEBESTUURDER CHRISTINE SMITH

SENIOR BEMARKINGSBESTUURDER ANDILE NKOSI andile.nkosi@media24.com

KONTAK ONS

ANN DU BOIS ☎ 011 713 9529 ✉ ann.dubois@media24.com

KAAPSTAD

POSADRES Weg Ry & Sleep, Posbus 740, Kaapstad 8000

STRAATADRES Media24-gebou, Heerengracht 40, Kaapstad 8001

JOHANNESBURG

POSADRES Weg Ry & Sleep, Posbus 785266, Sandton 2146

STRAATADRES Kikuyustraat 6, Sunninghill 2191

INTEKENINGE, HERNUWINGS EN NAVRAE

☎ 087 353 1300 | ☎ +27 21 065 0033 (internasional)

Faks 086 296 6681 | WhatsApp ☎ 087 353 1287

SMS "diens" na 31069 | ✉ subs@media24.com



DRUKWERK NOVUS PRINT
Alle regte word voorbehou.



VERSPREIDING

ON THE DOT




Ry & Sleep is 'n lid van
die Ouditburo vir Sirkulasie



PUBLISHER
RESEARCH COUNCIL

© Kopiereg Weg Ry & Sleep. Alle regte voorbehou. Gedeeltelike of algehele reproduksie sonder die skriftelike toestemming van die redakteur is streng verbode.

MEDIA24



KAMPBESTEMMING 48



OORGRENSGESPREK 64



#70 VOORBLADFOTO – CYRIL KLOPPER

“ Ek en my dogter, Miri, het die skoolvakansie gebruik om ons gesinsband te versterk. Haar gunstelinguitkykpunt is op ons Jimny se dakrak, ongeag waarheen ons reis. Hierdie foto is op Danabaai gekiek, sowat 13 km buite Hartenbos. ”



Kameraverstellings Canon EOS R10, f8, 320ste van 'n sekonde, 24 mm, ISO 100

SAVANNAH 3 BOOGTENT



2.1m x 2.1m x 1.5m
R3 790⁰⁰

SAVANNAH 4 BOOGTENT



2.5m x 2.5m x 1.9m
R4 900⁰⁰

SAVANNAH 5 BOOGTENT



3.0m x 3.0m x 2.2m
R5 790⁰⁰

SENIOR SAFARI DELUXE BOOGTENT

- > 320GSM SAFARI RIPSTOP-SEIL
- > 540GSM SWAARDIENS PVC-GRONDSEIL
- > 8.5MM GEËLEKTROPLATEERDE HOË TREKVASTE STAALRAAM
- > BINNE/BUIITE VENSTER SLUITING
- > HITTE LUGGAT MET BINNESLUITING



3VENSTERS
BINNE- EN
BUIITESLUITING

SENIOR
3.0m x 3.0m x 2.2m
R8 150⁰⁰

RANGER SAFARI BOOGTENT



2.1m x 2.1m x 1.8m
R4 510⁰⁰

JUNIOR WANDERER BOOGTENT



2.5m x 2.5m x 1.9m
R5 200⁰⁰

SENIOR WANDERER BOOGTENT



3.0m x 3.0m x 2.2m
R6 000⁰⁰

JUNIOR SAFARI DELUXE BOOGTENT



2.5m x 2.5m x 1.9m
R6 510⁰⁰

JUNIOR SAHARA



4.5m x 2.9m x 2.65m
R12 510⁰⁰

SAHARA DELUXE



6.0m x 2.9m x 2.65m
R17 340⁰⁰

SAHARA LODGE



8.0m x 2.9m x 2.65m
R23 300⁰⁰

SAHARA GRAND



8.0m x 2.9m x 2.5m
R24 620⁰⁰

Startopening

Ingeboude
badkamer

SENIOR GAZEBO



3.0m x 2.8m x 2.3m
R3 410⁰⁰

- > 260MSG SAFARI RIPSTOP-SEIL
- > GEËL GEPAASSIVISEERDE ELEKTRIES GEPLATEERDE STAALRAAM
- > NYLON HOEKE

SNR GAZEBO AGTERMUUR SOLIED

R720⁰⁰



SNR GAZEBO AGTERMUUR MET DEUR

R830⁰⁰



SNR GAZEBO SOLIED SYMUUR

R800⁰⁰



SNR GAZEBO SYMUUR, 2 VENSTERS

R1 150⁰⁰



SNR GAZEBO SYMUUR, DEUR & VENSTER

R1 220⁰⁰



GAZEBO & JNR BOOG KOPPELSTUK

Pas alle Tentco 2.5m x 2.5m boogtentte

R1 330⁰⁰



GAZEBO & SNR BOOG KOPPELSTUK

Pas alle Tentco 3.0m x 3.0m boogtentte

R1 500⁰⁰



SNR GAZEBO SKADUNET BINNEVOERING

R3 620⁰⁰



Gazebo en Boogtent nie ingesluit

JUMBO GAZEBO

4.0m x 2.9m x 2.5m

RUIM

SPESIFIKASIES:

- > 260GSM SAFARI RIPSTOP SEILMATERIAAL
- > GEËL GEPAASSIVISEERDE ELEKTRIES GEPLATEERDE STAALRAAM 22MM
- > VERSTERKTE SWAARDIENS NYLON HOEKE

TOEBEHORE OPSIONEEL BESKIKBAAR



R4 550⁰⁰

OOK BESKIKBAAR BY:

NB: PRYSE SAL VERSKIL TUSSEN WINKELS

CAMP.CLIMB

Kloppers

OUTDOOR WAREHOUSE

takealot

Agri Land

LeisureWorld

AGRIMARK

SIEN ONS LYS VAN AGENTE OP ONS WEBWERF

E-POS: info@tentco.co.za

TEL: +27 11 397 6451

PRYSE, KLEURE, SPESIFIKASIES & VOORRAAD - BFW
HANDELSNAVRAE WELKOM

Volg ons op





KUDU-BRAAIROOSTER

- > 500mm x 415mm x 20mm
- > Vaste handvat

R485⁰⁰



BUSHBUCK-BRAAIROOSTER

- > 430mm x 340mm x 20mm
- > Vaste handvat

R330⁰⁰



WATERBUCK-BRAAIROOSTER

- > 430mm x 340mm x verstelbare boonste rooster
- > Vaste handvat

R360⁰⁰



DUKER-BRAAIROOSTER



IMPALA-BRAAIROOSTER

- > 430mm x 340mm x 20mm
- > Glyhandvat

R355⁰⁰



SPRINGBOK-BRAAIROOSTER

- > 430mm x 340mm x 20mm
- > Glyhandvat

R220⁰⁰



STEENBOK-BRAAIROOSTER

- > 27.8cm x 13cm
- > Vaste handvat

R150⁰⁰



HOU 4 TOEBROODJIES

- > Vaste handvat
- > 27.8cm x 26.2cm

R250⁰⁰

3-RAK DELUXE KASSIE



R1 150⁰⁰

4-RAK DELUXE KASSIE



R1 700⁰⁰



*Inhoud uitgesluit

KOMBUISKABINET DELUXE



R1 450⁰⁰

Hou ys vir tot 7 dae

EXTREME ICE BOX 40L

61cm x 43cm x 43cm



R2 999⁰⁰

EXTREME ICE BOX 20L

58cm x 35cm x 36cm



R1 999⁰⁰

EXTREME ICE BOX 60L

80cm x 43cm x 43cm



R3 999⁰⁰

EXTREME ICE BOX 90L

89cm x 49cm x 49cm



R5 500⁰⁰

EXTREME ICE BOX 120L

101cm x 53cm x 48cm



R6 200⁰⁰

EXTREME ICE BOX 140L

90cm x 58cm x 57cm



R6 999⁰⁰

BIG BOY



Maks dra gewig: 150kg
R865⁰⁰

SL-2



Maks dra gewig: 150kg
R850⁰⁰

SLX-2



Maks dra gewig: 150kg
R1 100⁰⁰

SLX-2



Maks dra gewig: 120kg
R720⁰⁰

DIRECTORS DELUXE



Maks dra gewig: 180kg
R950⁰⁰

DIRECTORS DELUXE



Maks dra gewig: 200kg
R1 599⁰⁰

CLASSIC



Maks dra gewig: 120kg
R1 499⁰⁰

LOUNGER



Maks dra gewig: 120kg
R1 250⁰⁰

KOELSAK 12L



R450⁰⁰

KOELSAK 28L



R499⁰⁰

KOELSAK 55L



R650⁰⁰

OOK BESKIKBAAR BY:

NB: PRYSE SAL VERSKIL TUSSEN WINKELS



SIEN ONS LYS VAN AGENTE OP ONS WEBWERF

E-POS: info@tentco.co.za

TEL: +27 11 397 6451

PRYSE, KLEURE, SPESIFIKASIES & VOORRAAD - BFW
HANDELSNAVRAE WELKOM

Volg ons op





Ons hoor graag wat jy op die hart het! Skryf vir ons by rysleep@weg.co.za en onthou asseblief om jou volledige adres en kontakbesonderhede te gee. *Ry & Sleep* behou hom die reg voor om briewe te redigeer en verkort – en na goeddunke in die tydskrif, op die webwerf en elders te gebruik.

Ry tot jy vriende maak

Ná 10 jaar se kamp in 'n boswa besluit ek en my man, Nantes, om weer 'n daktent aan te skaf. Ons is albei ouer as 60 en besluit op BunduTec se BunduTop wat elektries oopmaak.

Ons maak 'n wenslys van plekke wat ons nog wil sien en beleef, en begin planne maak. Binne weke is die daktent gereed en ons plek op 'n begeleide toer bespreek. Oor die volgende drie weke lê 7 100km voor...

Zimbabwe, hier kom ons!

Ons pak die Fortuner, wat toegerus

is met 'n yskas en rakstelsel. Die rug-sakke wat ons laas in 2010 in Griekeland gebruik het, pas op die agtersitplek. Ná die gerief van 'n boswa is dit nogal 'n aanpassing om al jou toergeriewe in 'n voertuig te pak.

Die eerste paar dae bekyk ek die ander boswaens in die toergroep en voel hartseer. Die mense se veldryers is van kop tot tone toegerus en hier kom die Le Roux's met "PAD AF WP", ons Fortuner.

Ons gaan klaarmaak waarmee ons begin het, en besoek 'n paar nasionale parke. Hwange is 'n belewenis en die

swembad van die Robinskamp 'n lafenis ná ure se ry. Dis beslis 'n besoek werd.

Matusadona steel my hart met sy skouspelagtige sonsondergange en die olifante wat deur die kampe drentel terwyl seekoeie in die agtergrond gesels.

Ons was in 2012 laas by die Manapoel, en om dit weer te sien is ongelooflik. Dié slag is alles droog met geen teken van reën nie. Saans verluister ek my aan die seekoeie en bedags kom kuier die olifante – om van die bobbejane en hulle streke nie eens te praat nie.

Hoe beskryf 'n mens Gonarezhou? >



Salma wen 'n koelsak ter waarde van R485. Of jy nou kamp, piekniek hou of langs die krieketveld sit, dié koelsak het onder meer plek vir 'n kosblik én genoeg ruimte vir 'n 1,5ℓ-koeldrankbottel. Daar is ook nog pakplek in die boonste helfte vir 'n bottel die helfte van dié grootte. Verder is die binnekant met 'n PVC-laag uitgevoer, wat dit maklik maak om die koelsak skoon te hou. Die sak het ook 'n handvatsel wat bo-oor kom en met klitsrits heg, asook 'n skouerband as jy jou hande los wil hê.

campcover.co.za



Nuwe: Okto-woonwaens, Afrispoor, Metalian, Nayela en Freeline Maverick-veldwoonwaens.
Edgeout en Vagabond Teardrop sleepwaens. Metalian-grondpadsleepwaens.

*Talle goeie gehalte uitgesoekte, gebruikte woonwaens. *Kamp- en veldsleepwaens.
*Dak- en sleepwatente, seil- en nylonkamptente. *Fabrieksgoedgekeurde werkswinkel.
*Volle toegeruste LeisureWorld winkel met al jou kamp en woonwa toerusting en parte.

LeisureWorld

Loftus Caravan City

Bel: 011-792-1456

OKTO
CAMPERS

SWIFT

AFRISPOOR

NAYELA

EDGEOUT

M
METER

F
FREELINE CAMPERS

VAGABOND



Dis ongerep; jy móét dit self beleef. En die Chipindapoele en Chiloy-koppe is ongelooflik om te aanskou.

Elke koue stort en puttoilet sorg vir 'n belewenis en maak dit die moeite werd. Daarna is ons 'n paar nagte in 'n huisboot op die Karibameer en ek stort vier keer binne 72 uur, onder lekker warm water, en 'n mens wil sommer die keramiektoilet omhels. Intussen is die water rondom jou spieëlglad, so wyd as wat die oog kan sien. Die skemervaart neem ons tot by nog seekoeie en olifante – alles deel van 'n emmerskoplys.

Die ruïnes van Groot-Zimbabwe slaan jou asem weg en is net so indrukwekkend as 'n katedraal in Europa. Die ekstra dollar vir 'n gids is elke sent werd.

Praat van dollars: Neem daarvan saam, hoewel jy meestal met jou kredietkaart sal regkom. Daar is byvoorbeeld Pick n Pays in die groter dorpe.

Ons verkies 'n toergroep soos dié



van Kwando Adventures bo alleen reis. Dries Fourie was die toerleier en sy algemene kennis is ongelooflik. Alles word ook tot in die fynste besonderhede beplan.

Almal staan saam – niemand is op 'n eiland nie. Kyk byvoorbeeld as iemand 'n lekband kry, of dr. Werner Botha se lugreëlaarpyp ontplof, dan help iemand. Dana Bekker se yskas lol en word vinnig herstel.

Mense met dieselfde ingesteldheid reis goed saam en 'n mens maak vriende vir 'n leeftyd.

Intussen word PAD AF nou deeglik toegerus met 'n goeie rak-en-stortstelsel want ons is amper weer op pad. Mabuasehube is in Februarie aan die beurt en Malawi, Zambië, Damaraland en Kaokoland volgende.

Voor die lewe jou onderkry, kry die pad onder jou bande en ry!

SALMA LE ROUX
Durbanville 🇿🇦




Uys en Anneke de Vos van Swakopmund geniet die skemer in die Matusudona-nasionale park.

Volg @wegrysleep op Instagram en merk jou foto's met #wegrysleep – ons publiseer dit dalk op ons profiel of op dié blad.



Instagram




BAINES BAOBABS, BOTSWANA
Foto @cruiser_chronicles_overlanding



@HEUNINGBERG 4x4 NABY PORTERVILLE,
WES-KAAP Foto @frikadi



BAVIAANSKLOOF CALLING...
Foto @noel_cloete



THE CALL OF THE ROAD
Foto @i_livewild_za



Die Stealth Kudu Karavaan

Gerief wat jou volg



Gaan Enige Plek:
2 500 kg as, 17"
veldrybande.

Bly Af-Die-Netwerk:
100Ah litiumbattery,
Victron-laaistelsel,
tot 200L water.

Leef Gerieflik:
Koninggroottebed,
binnestort,
volledige kombuis.

Reis Liger:
1 350 kg Tare,
aerodinamiese
ontwerp.

Stel bekend: Die Stealth Kudu Karavaan

Jou 2-bed veldry-karavaan
met volle badkamer



Geen terrein te moeilik nie, geen
bestemming te ver nie – met die Kudu
gaan avontuur en gemak hand-aan-hand.



www.stealthcaravans.co.za



Nuwe kampplek in die Waterberg

Kampplekke rondom Bela-Bela is gesog, veral in die omgewing van die Waterberg, noord van die dorp. Modubu-lodge sluit nou aan by hierdie groep bestemmings.

Dit is skaars 10 minute se ry uit die dorp en teerpad tot by die hek. Die lodge is geleë in dieselfde doodloopstraat as die ATKV-aftreeoord Klein-Kariba Negester. Hier is dus nie deurverkeer nie, wat grootliks bydra tot die rustigheid.

Leon en Maria Prinsloo en hulle vriende Tom en Marietjie Brown het die lappie Bosveld van 23 ha in 2024 gekoop toe hier drie selfsorgchalets was. Hulle sê hulle wou van die begin af kampergiewe op die grond ontwikkel, en die eerste van drie fases is nou afgehandel met 12 staanplekke tussen inheemse bome. Elke staanplek is genoem na een van die Waterberg se bekendste boomsoorte, soos kiereklapper, koedoebesie en apiesdoring. Die oord se naam het ook boomwortels: Modubu is die Tswana-woord vir die riviervaderlandswilg.

Die oordterrein strek in die lengte voor jou uit wanneer jy by die hek inry. 'n Entjie verder kry jy dan eers die omheinde swembad links van jou, gevolg deur die chalets en dan die kampterrein.

Die staanplekke is in 'n halfmaanvorm om die ablusieblok uitgelê. Jy slaan jou kamp op in die koelte, op 'n skoongemaakte stuk grond met 'n kragpunt (huissok) en waterkraan. Elke staanplek het ook 'n lorriewieldrombraai op wiele.

Die ablusiegiewe bestaan uit vier gesinsbadkamers (met 'n stort, handwasbak en toilet) en een gesinsbadkamer met 'n bad pleks van 'n stort, plus twee afsonderlike toilette, 'n waskamer en opwasplek.

Hier is twee swembaddens (een verhit), 'n klouterraam vir die jongspan en staproetes waarop jy die koppie, kloof en kranse kan verken. Die kans is goed dat jy rooibokke, koedoes en njalas sal sien, en hier is ongeveer 100 voëlspecies.

Prys Afhangend van die seisoen R300-R650 p.n. per staanplek vir tot 4 mense, daarna R100 p.p.n. (maksimum 6 mense per staanplek).

Kontak 📞 079 510 7553 📞 076 505 3721 of 082 377 9707 ✉️ modubu@omnileisure.co.za 🌐 modubu.co.za ➤



NÓG 'N PLEK IN DIE BOSVELDSON. Modubu is die heel nuutste kampplek in die Waterberg. Kom saal af tussen inheemse bome en geniet die staproetes, swembaddens en kinderspeelplek... en natuurlik die natuur.



Ruim gemak. Maklik om te
sleep. Geen kompromieë
nie.

Die Invader Duo X bied vir jou al die
spasie en gerief van 'n luukse
kampeerwa - sonder die gewig.
Maklik om te sleep, vinnig om op te
slaan, en gereed vir enige avontuur.
Stewig genoeg vir Afrika, lig genoeg
vir elke reis.



www.invader.co.za



Die Paarlse berge wink

Wolwehok is 'n nuwe kampplek op die Mineral Springs-wynplaas van 150 ha buite die Paarl waar die eienaars, Pieter en Helene Beyers, met sitrus en olywe boer.

Die kampterrein is langs die oewer van die Wildeperde-jachtrivier wat naby die plaas in die Limietbergreservaat ontspring en by Paarl deel word van die Bergrivier.

Altesame 8 van die 10 staanplekke is langs mekaar en die ander 2 oorkant hulle en langs die badkamergebou. Pieter-hulle het buffelsgras op die staanplekke aangeplant en lae paaltjies dui aan watter staanplek is waar. Hier is losstaande braaidromme vir almal – onthou net jou eie rooster.

Die badkamergebou is die naaste aan die middelste staanplekke en bestaan uit drie ruim gesinsbadkamers. Elkeen het 'n oop stort, wasbak, spieël en toilet, en 'n gasgeiser sorg vir die warm water. Die ligte werk met sonkrag maar onthou, hier is geen 220V-kragpunte in die kampplek nie. Die opwasplek is by die badkamers en daar is 'n buitestort (met koue water). Jy kan ook in die bergstroom afkoel.

Troeteldiere is welkom in die kampplek en jy kan hout en ys hier koop. Selfoonsein is wisselvallig.

Van die teepad af moet jy ongeveer 2,5 km grondpad ry wat geskik is vir enige ryding.

Helene verduidelik die kampplek is genoem na die ou "wolwehokke" van klip en modder wat hulle op die plaas ontdek het waarmee die oumense meer as 'n eeu gelede glo hiënas gevang het (een van die hokke is langs die kampplek te sien, maar die ander een is toegegroei).

Pieter is die vyfde geslag Beyers op die plaas, met die sesde (35 jaar oud) en sewende geslag (9 maande), albei sy naamgenote, wat ook hier woon.

Prys R180 p.p.p.n. (R100 vir kinders o.12).

Kontak 083 679 4676 helene@mineralsprings.co.za
mineralsprings.co.za



Rhino-man

**Een kappie. Twee wêrelde. Eindelose moontlikhede.
Oorwin 4x4-roetes of verken stadspaaie,
met jou Rhinoman kappie.**



*Die hoof foto toon die Rhinoman Xtreme-kappie.



**DUBBELKAJUIT
XTREME-KAPPIE**
R46 700 insluitend
BTW en vervoer



**DUBBELKAJUIT
XPEDITION-KAPPIE**
R41 100 insluitend
BTW en vervoer



**DUBBELKAJUIT
LX-KAPPIE**
R34 800 insluitend
BTW en vervoer

+ (27) 10 010 0060 | sales@rhinoman.co.za | rhinoman.co.za

BESIKBAAR
BY:

Rhino-man

BEEKMAN
EXPERIENCE LIFE WITH STYLE



BushCoOverland
South Africa

**CANOPY
CENTRE**
CANOPY CENTRE

Die Weskus roep jou groep

Saggies op 80 is 'n nuwe “private” kampplek op 'n plaas tussen Vredenburg, Velddrif, Hopefield, Langebaan en Saldanha. Hier is plek vir tot 30 mense, maar slegs een bespreking word aanvaar – die hele kampplek is dus joune, of jy met jou tweemantent kom kamp of al jou kampvriende saamnooi.

Die plaas van 64 ha lê ongeveer 5 km buite Vredenburg en behoort aan Dewald en Jandra Kraftt. Die naam, verduidelik Jandra, het niks te make met ouderdom nie: “Dis 'n sêding uit die oudae: Wanneer 'n klomp mense musiek oor 'n draadloos luister en iemand in die geselskap wil iets sê, dan sou iemand gou sê: ‘Sit die musiek saggies op 80.’”

“Ons is kuiermense en het aanvanklik die plek vir ons en ons vriende ingerig. Die lapa was natuurlik eerste, maar toe pla die sand. 'n Grasperk was dus volgende en toe bou ons die swembad. Ons het 'n paar Wendy-huisies opgerig, maar ons vriende wou ook langer oorbly. Dit is wat tot die kampplek gelei het wat laat in 2023 oopgestel is.”

Een van die huisies is toegerus as oornagplek en die ander drie het net beddens. Dis ideaal as van jou mense saam wil kamp maar dalk nie die eintlike kamptoerusting het nie.

Die swembad is in die middel van die kampplek met die vierkantige grasperk rondom dit. Die lapa, waar jy krag kry, is



op die een hoek. (Hier is nie kragpunte by die staanplekke nie, maar by die lapa is 'n omskakelaar wat jy vir klein toestelle kan gebruik.)

Jy kan enige plek kamp opslaan. Die badkamergebou is links van die grasperk en daar is drie storthokkies met 'n aantrekplek en drie toilette (alles apart).

Hier is 'n boma met braaiplek links waar jy die kampplek binnery, maar losstaande braaiers met roosters is ook beskikbaar.

Klein honde word toegelaat mits hulle in vrede kan saamleef met die hoenders, ganse, eende en hasies op die werf.

Die laaste 4 km is 'n netjiese grondpad.

Prys R120 p.p.p.n. (R60 vir kinders o.12; gratis vir o.3's). Pryse vir die Wendy-huisies is R150 p.p.p.n. en R750 vir 4 (dit is toegerus).

Kontak 083 566 4513 Saggies op 80 jkraftt@mweb.co.za >





FVELDT



**WAAR
JOU
AVONTUUR
BEGIN**

DIE ADVENTURER SERIES™

Die Ripstop-seil Koepeltent, Vervolmaak.

 **Beskikbaar in 'n 2-, 3- en 4-Slaap.**

Konsepvoertuie uit Japan

Die Tokyo-motorskou is in die laaste week van Oktober gehou en daar was 'n hele paar interessante rygoed. Ons bekyk drie konsepvoertuie wat waarskynlik nooit die lig sal sien nie, maar nietemin wys wat ons in die toekoms kan verwag.

DIE TOEKOMS

Die Lexus LS is 'n bussie wat lyk na iets uit 'n wetenskapfiksieflik. Die opvallendste eienskap buitelangs is die vier kleinerige agterwiele en die twee groter voorwiele. Waarom? Want Lexus kan.

Die letters LS in die naam staan vir "Luxury Space" – en die binneruim is inderdaad luuks. Daar's tradisionele Japannese bamboes oral waar jy kyk en die vier sitplekke lyk gemaklik verby. Die stuurwiel en instrumentepaneel kan na links of regs skuif sodat jy die LS in enige land kan bestuur, maar die uiteindelijke mikpunt is om heeltemal ontslae te raak van 'n bestuurder en eerder kunsmatige intelligensie in te span.



DIE KAT KOM WEER

Die Mitsubishi Elevance is 'n elektriese sportnutsvoertuig in sy konsepfase. Nugter weet of Mitsubishi-motors hom gaan bou, want die maatskappy sukkel die afgelope paar dekades om rigting te kry. Dit is wel goed om te sien dat Mitsubishi innoveer pleks van stagneer.

'n Groot deel van die deure is van glas gemaak sodat jy amper dwarsdeur die kar kan sien. Ook die dak is feitlik heeltemal van glas. Mitsubishi sê die Elevance gaan 'n hardebaard 4x4-ryding wees en sy luukse voorkoms gaan nie sy veldryvermoë beïnvloed nie. Die Elevance het kunsmatige intelligensie wat jou gewoontes aanleer, maar die plan is darem nie om die bestuurwerk by jou oor te neem nie.

RUIMTETAXI

Toyota wil hê toekomstige Toyota HiAce-bussies moet aanklank vind by ambagsmanne en kampeerders, hoewel hy inderdaad ook as 'n minubustaxi gebruik kan word. Trouens, die HiAce wat by die motorskou te sien was, gebruik digitale skerms in die bakwerk om voetgangers en ander motoriste te waarsku as die bussie gaan wegtrek, stop of draai – iets wat ons dalk kan beskerm teen roekelose taxibestuurders in Suid-Afrika. >





**PRETORIA
caravans
& OUTDOOR**
- SINCE 1968 -

KOOP AANLYN

LANDSWYD AFLEWERING
www.pretoriacaravans.co.za

info@pretoriacaravans.co.za

Tel: 012 329 2259

h/v Johan Heyns Dr & Jacobs St
Gezina, Pretoria

Sprite

QUANTUM

STEALTH

JURGENS

Gypsey

CARETTA

VAGABOND

TONGA

oztrail

ELITE

ELITE

Die Topbestemming vir...

Nuwe Karavane | Gebruikte Karavane | Onderdele | Kamptoeerusting | Toebehore



Veselglaswerk -	Versekeringseise -
Yskas inbouings -	Ongelukskade -
Buite kombuise -	Ombouings -
Lugversorging -	Herstelwerk -
Dienste -	Houtvrot -
Onderstel dienste -	Haelskade -

Instandhouding | Installasie | Herstel | Herbou | Verbouing

...Karavaan Spesialiste

www.caravanfitmentcentre.co.za

info@caravanfitmentcentre.co.za

Tel: 012 944 2487

h/v Johan Heyns Dr & Jacobs St,
Gezina, Pretoria

Nou oop in KZN!
061 474 5568



Die wêreld se ruimste veldry kampeerder.

ALPHAGO | **DIE NUWE**
OFF-ROAD | **S6**
AIR



Geen pale meer nie

Hooftent, afdak en badkamer.
Selfopblaas, vir 'n baie groot leefarea.



Stel op in minder as 5 minute

Ontwerp vir maksimum kampeertyd en
om opstel- en wegpaktyd te verminder



Huisves tot 6 mense gerieflik

Sluit die familie by jou aan vir die
naweekwegbreek? Dis nie 'n probleem nie.



072 362 3175



info@alphago.co.za



www.alphago.co.za



Alphago Off-Road Camper/Trailers



Blaas op binne 4 minute*

*Met elektriese pomp
van Pro-weergawe

Inflatable Air Tent



Skandeer om
meer uit te vind



Standaard Weergawe

WAS ~~R27,995~~ NOU SLEGS **R22,000**

- ✓ Cube LugTent (Liggrys)
- ✓ Handpomp
- ✓ Drasak
- ✓ Herstel-kit
- ✓ 3 Jaar Waarborg

SPAAR R6,000

Explorer Pro Weergawe

Gewildste Opsie

WAS ~~R32,995~~ NOU SLEGS **R24,995**

Alles wat ingesluit word in die
Standaard weergawe

PLUS

- ✓ Elektriese Pomp
- ✓ Tentafdak (Awning) (2m)
- ✓ Interne en Ekterne Grondseil
- ✓ 5 JAAR WAARBORG

SPAAR R8,000

Produksievoertuie wat kom

Dit was nie net konsepvoertuie wat by die Tokyo-motorskou te sien was nie. Hier is drie nuwe rygoed wat reeds goedgekeur is vir vervaardiging, hoewel dit nog 'n paar jaar gaan neem voor jy hulle op die pad sal sien.

Honda 0 SUV



GLAD SOOS SEEP

Honda se jongste elektriese voertuie word die 0-reeks genoem en die kruisnuts wat jy hier sien, is die Honda Series 0 α , of dan 0 Alpha.

Die voertuig op die skou was egter 'n prototipe en daar gaan waarskynlik kosmetiese veranderinge wees voordat vervaardiging in 2027 begin. Die 0 α sal aanvanklik slegs in Japan en Indië verkoop word (hy word in Indië gebou), maar is moontlik vir ander markte bestem. Honda beoog om teen 2040 uitsluitlik elektriese voertuie te bou. Die res van die wêreld sal moet inhaal of agterbly.

'N GHRËND BUSSIE

Die Nissan Elgrand sal van middel 2026 af te koop wees in Asië, Australië en Europa. Dié stasiewa word aangedryf deur 'n 1,5 l-petrolenjien wat ondersteun word deur 'n elektriese motor wat al vier wiele aandryf. Die instrumentepaneel bestaan uit een lang digitale skerm en die middelkonsole en stuurwiel het gewone knoppies.

Nes heelparty nuwe rygoed kry die Elgrand kunsmatige intelligensie – hierdie een word ProPilot genoem – wat help met die bestuurwerk, hoewel die taak darem nie heeltemal oorgeneem word nie.



'N KLEIN CRUISER!

Ons is veral opgewonde oor die Toyota Land Cruiser FJ wat op pad is. Toyota het vermoedelik gesien dat die nuwe Suzuki Jimny 'n wegholsukses is wat verkope betref en nou wil hulle deel daarvan wees.

Die Land Cruiser FJ is 'n blinknuwe ryding wat soos 'n kleiner Prado lyk. (Hy is 50 cm langer en 20 cm hoër as 'n Jimny.)

Hy word aangedryf deur 'n 2,7 l-petrolenjien en skakel elektronies oor tussen 2H, 4h en 4L. Niemand weet nog of hy hierheen gaan kom nie, maar Toyota Suid-Afrika is glo besig om met Japan te onderhandel. As dit vrugte afwerp, kan hy einde 2026 reeds hier wees.

>





OVERLANDER

Die Overlander-veldkampeerder is spesifiek gebou as 'n luukse, gerieflike kampeerder wat vinnig opstel. Dit het onafhanklike suspensie, wat dit in staat stel om op enige terrein gebruik te word.



BESKIKBAAR IN ENKELAS (500) EN DUBBELAS (590).

Kontakbesonderhede: 021 552 7752 | info@overlander.life | www.overlander.life
Vierdestraat 12, Montague Gardens 7441

www.facebook.com/OverlanderCampers www.instagram.com/overlander_campers

Kry rigting



Die internasionale voertuigreus Stellantis het in Oktober aangekondig die vervaardiging van die jongste Jeep Compass het begin. Hy word in Melfi, Italië, gebou en sal in 60 lande verkoop word, waaronder Suid-Afrika.

Die Compass is 'n topverkoper vir Stellantis en meer as 2,5 miljoen van hulle is al wêreldwyd verkoop. Amerika gaan steeds sy eie weergawe van die nuwe Compass bou (om die Trump-administrasie se tariewe vry te spring), maar die res van die wêreld kry die een uit Italië.

Pres. Donald Trump het verklaar hy is gekant teen groen energie en verkies steenkoolkragopwekkers bo hernubare bronne. Daarom is dit ironies dat 'n Jeep – een van Amerika se mees ikoniese rygoed – in 'n aanleg gebou word wat sonpanele, windturbines en biogasse gebruik.

Daar sal drie weergawes wees: volledig elektries, ligte hibriede en herlaaibare hibriede aandrywing. Pryse vir plaaslike modelle is nog nie beskikbaar nie.



Willie wen 'n gereedskaptrollie!

Ons hoor van soveel lesers wat in hulle noppies is as daar 'n Adendorff-brosjyre in ons tydskrif is. Dit is nou maar eenmaal lekker om deur te blaai en te dagdroom oor hoe die volmaakte motorhuis se werkplek moet lyk, of hoe?

Willie Barnard van Ermelo is een tree nader daaraan om daardie droom 'n werklikheid te maak, want hy is die gelukkige wenner van die kompetisie wat ons in die Oktober-November 2025-uitgawe van *Ry & Sleep* aangebied het. Willie is nou die eienaar van 'n MAC AFRIC-CRV-gereedskaptrollie met 207 stukke in 7 laaie – hy gaan ongetwyfeld voortaan vinniger, netjieser en slimmer kan werk met dié gereedskapsopgradering van Adendorff ter waarde van R12 950.

Hierdie is 'n revolusionêre toevoeging tot enige werkstasie, met sterk 120mm-rubberwiele wat rol na waar jy ook al werk. Hy is toegerus met topgehalte gereedskap – van moersleutels tot skroewedraaiers – en dis alles georganiseer vir maklike toegang. Die trollie is ontwerp vir doeltreffendheid met 'n slim tafelbladuitleg.

Dis 'n móét vir enige werkspasie.

Hou toekomstige uitgawes van *Ry & Sleep* dop, want wie weet... dalk gee Adendorff weer een van die dae iets op hierdie blaaie weg.

Baie geluk, Willie – geniet jou prys!



SilverLakes

CARAVANS & TRAILERS

950 Lynnwood Weg* Equestria* Pretoria
012 - 944 1919 * 012 - 807 5651

KARAVANE & SLEEPWAENS * VERKOPE EN VERHURINGS



KARAVANE & SLEEPWAENS

NUUT

&

GEBRUIKTE

Inruil Welkom



Venter

SLEEPWAENS / AL DIE PAD AGTER JOU!

NUUT & GEBRUIKTE

VERKOPE

&

VERHURINGS



Sterk genoeg vir enige vrag!

Koop dit! of Huur dit!

Inruil Welkom

BOKSBURG

Winkel No: 1*Venter Sentrum
h/v. Noord Rand & Rietfontein weg.

011-826 1529

PRETORIA 950 Lynnwood Weg* Equestria* Pretoria **012-807 5651**

Krismis op Hartenbos

'n Hele klompie nuwe woonwaens het kom gesig wys by die onlangse kykNET-Buite-ekspo buite Mosselbaai.

Teks en foto's **Leon Botha**

IMAGINE

Imagine het sy reeks met twee nuwe waens uitgebrei: Die ComfortVan-modelle is 'n variant ryker terwyl die GravaVan 'n uitvloeisel is van die bestaande CruiserVan-waens.

Die nuwe 2.0 ComfortVan het 'n soliede bed pleks van die uitslaanbed in die reeks se ander modelle. Hiervoor is die romp met 50 cm verleng, en hoewel die bed in die prototipe dwars staan, is die plan dat die bed reguit in die lengte van die wa staan met bedkassies aan weerskante.

Die deel wat in die bestaande modelle uitslaan vir die tweede bed óf 'n klerekas is in die 2.0 met 'n uitglykapsule vervang wat 48 cm ver uit die romp gly.

Die neuskas is danksy die langer romp nou twee keer groter: 100 cm diep, 110 cm breed en 70 cm hoog.

Die res van die ComfortVan se konfigurasie – die buitekombuis en badkamer – bly dieselfde.

Die GravaVan is 80 cm korter as die CruiserVan. Hy het dus steeds 'n soortgelyke vorm met die kenmerkende opwipdak wat oor die hele lengte van die wa strek. Waar die badkamer gewoonlik regs van jou is soos jy inklim, skuif dit tot voor jou.

Die GravaVan is ook 250 kg ligter as die twee bestaande modelle se BVM van 1 750 kg. Hy word met 15 duim-wiele en 'n 2,5 t-as toegevoeg.

Prys ComfortVan 2.0 R472 000; GravaVan R370 000.

Kontak 082 411 1266

hugo@roadlech.co.za

imagine-trailvan.co.za >



IMAGINE COMFORTVAN



IMAGINE GRAVAVAN



JOU SOMERAVONTUUR **BEGIN HIER**

Hierdie somer, neem jou
avonture na die volgende
vlak met ons eersteklas reeks
kook- en kamptoerusting.

Outdoor
Warehouse
Dienste



**OUTDOOR
WAREHOUSE**

vir elke avontuur

SKANDEER WINKEL VINDER

vir jou naaste winkel of skakel tolvry 0800 007 261



OutdoorW



Outdoorwarehouseza



CASCADE LEISURE

Cascade het sy Bordeaux-model se buite-kombuis aangepas, en in die proses het die wa 'n venster bygekry.

Die buitekombuis se kas en werkblad is links van die deur, bo die wiel. Die kas het steeds verskeie rakke en daar's ook plek vir 'n mikrogolfoond, maar dit sit nou laer om plek te maak vir die ekstra venster. Binne staan 'n kas met 'n blad onder die venster.

Pleks van 15 duim-wiele kry die nuwe modelle nou wiele van 16 duim.

Die koningingrootte bed is deel van die standaardtoerusting, saam met die staans-vrieskas (220V), mikrogolfoond, lug-reëlaar, volledige badkamer, 110ℓ-watertenk, buitekombuis met breekware en eetgerei vir ses, 100Ah-diepsiklusbattery en Victron-kragstelsel.

Jy kry ook 'n keuse tussen 'n elektriese of gasgeiser; 'n induksieplaat of 'n gasstoof, en die kleurskakering binne: grys en silwer of bruin en swart.

Die tarragewig van 1450kg en die BVM van 1800kg is onveranderd.

Prys R585 000

Kontak info@cascadeleisure.co.za

082 926 0377 cascadeleisure.co.za



CASCADE BORDEAUX



ELXV GHARI 3.2



ELXV

Die waens van ELXV, of dan Elite Luxury Offroad Vehicles, is die versinnebeelding van swierige boswoonwaens. Nou het die vervaardiger sy Ghari-reëks opgegradeer.

Die Ghari 3.7 se bed, spatkamer en buitekombuis verander. Die bed (koningingrootte) draai dwars om meer binneruimte te skep, terwyl die spatkamer, oorkant die deur soos jy in klim, ook vergroot is.

Die buitekombuis het steeds twee laaie wat by die neus uitgly, maar dis nou 50 cm langer. Die onderste laai met sy versinkte wasbak, kry 'n groter werkblad én 'n laai wat aan die kant uitgly. Die boonste laai is ook groter en het meer pakplek.

Standaardtoerusting wat op die skou te sien was, sluit in 'n 8 900 BTU-lugreëlaar (12V), 12V-binne- en buite-yskas ('n 150 ℓ-Vitrigfrigo-yskas binne en 'n 95 ℓ-model buite), 200 Ah-litiumbattery, 30 A-Victron-laaier en elektriese dak, 'n Hansen-14 ℓ-gas-elektriese geiser, twee-plaatgasstoof, 12 stuk-melamien-eetstel en 150 ℓ-watertenk.

Prys R799 900

Kontak 082 444 2850

info@elxv.co.za elxv.co.za

>



KONTAK ONS
info@bushcosa.co.za
www.bushcosa.co.za
 +27 61 124 6258



*Hoofbeeld toon die LX27 daktent



STYLVOL EKSCLUSIEF

BETROUBAAR



BUSHWAKKA

Skougangers het die geleentheid gehad om 'n Australies-vervaardigde boswoonwa te sien in die gestalte van Bushwakka se Drover 15.

Bushwakka Africa is in Worcester geleë met 'n sustermaatskappy, Bushwakka Australië, in Brisbane. Hulle deel produkte, en die Drover is 'n voorbeeld van wat die Aussies bou.

Die modelle wat hierheen ingevoer word, die Fakawi Tribe 2, die Wego en die Drover 13 en 15, word omtrent volledig in Australië vervaardig, terwyl die plaaslike fabriek sekere aspekte hanteer sodat hulle

kan voldoen aan plaaslike wetgewing. Die elektriese remme is 'n voorbeeld hiervan en word vervang met inlooppremme.

Australië en ons is op dieselfde bladsy wanneer dit kom by 'n tipiese boswoonwa. Kyk byvoorbeeld na die buitekombuis in die linkerpaneel met 'n ys-vrieskas op 'n glyraam en die kaste bo die linkerwiel. Dieselfde geld vir die stoepdak en eet-hoekie binne langs die bed.

Hulle is nie suinig met standaard-toerusting nie: 'n drieplaatgasstooft (of induksieplaat as opsie); die binnebad-kamer met 'n aparte stort en elektriese spoelkassettoilet; lugreëlaar en slim-TV;

'n kragstelsel wat 'n 200Ah-litiumbattery, sonkrag en 2000W-omskakelaar insluit; 'n gas-elektriese geiser; en twee 120ℓ-watertanks plus 'n 85ℓ-tenk vir gryswater. 'n Diesilverwarmer vir die binneruim is een van die ongewone items wat jy nie sommer in plaaslike waens sien nie.

Die romp bestaan uit 'n aluminium-samestelling en onafhanklike vering met 'n hoëtreksterkte staalonderstel wat gegalvaniseer is. Die BVM is op 2500kg vasgestel met 'n tarragewig van 2200kg.

Prys R950000.

Kontak 📧 info@bushwakka.africa

☎ 087 250 2766 🌐 bushwakka.africa



BUSHWAKKA DROVER 15



BUSHWAKKA

TUFF CATS

Tuff Cats het 'n model by sy reeks gevoeg én sy Dindingwe opgekikker.

Die nuwe Mbada 2D Max is geskoei op sy bestaande Nova 2D-model met 'n paar aanpassings. Die bed is in die lengte voor in die wa en die dwarsbalk bo die bed by die koppenent val weg. Die dak is dus verleng tot gelyk met die koppenent, wat heelwat meer ruimte bo die bed skep. (Die dak lig steeds elektries.)

Die dwars deur by die koppenent is vervang met 'n permanente koppenent wat in 'n ligbruin bekleeëlsel afgewerk is. Oorkant die instapdeur in die regterkantse paneel is 'n deur wat oopmaak in die storttent. Die wasbak langsaan (binne die wa) skuif nader aan die voetenent van die bed. Dit laat plek vir 'n ekstra bankie tussen die wasbak en deur.

Net soos die Nova 2D bied die nuweling slaapplek vir twee mense en standaard-toerusting sluit in 'n 120ℓ-watertenk met waterpomp, tweeplaatgasstoof, 5 ℓ-gasgeiser, 105 Ah-diepsiklusbattery saam met 'n Victron-kragstelsel (12V-30 A-laaier, BMV-712-monitor en 100/30-sonkragbeheerder), elektriese dak, storttent met stort en wasbak plus die binnewasbak en die stoepdak. Items soos 'n 20 ℓ-mikrogolfoond, skuivers en 'n lug-reëlaar is opsioneel.



TUFF CATS DINDINGWE



TUFF CATS MBADA 2D MAX



Die vlagskipmodel, die Dindingwe, is binne- en buitelangs vernuwe.

Die soliede bank regs van jou waar jy instap, is minstens 20 cm breër en nie meer 'n eenheid nie. Dit laat ruimte vir twee enkelbanke wat na mekaar toe kyk en wat jy in 'n enkelbed kan omskep deur dit plat te slaan. Jy kan ook 'n stapelbed hier aanbring.

Die bed skuif steeds uit die regterpaneel, maar is nou nader aan die neus, want die wasbak langs die bed is nou in die badkamer. Dit laat dus minstens 40 cm ruimte by die voetenent van die bed die naaste aan die deur en is nou meer van 'n semi-eilandbed.

Die bed kry nou 'n soliede kopstuk pleks van 'n venster, maar wel twee syvensters. Die afwerking hiervan en die twee banke is in dieselfde materiaal as die bank en kopstuk in die Mbada 2D Max.

Die ys-vrieskas in die buitekombuis trek nie meer dwars uit die romp nie, en die Dindingwe kry nou 'n staan-ys-vrieskas (12V). Dis beskikbaar óf as 'n eenheid óf afsonderlik: 2 van 65 ℓ.

Tuff Cats het in sy hele reeks die los pale vir sy stoepdakke weggedoen en gebruik nou nokpaaltjies wat vorentoe skuif.

Prys Mbada 2D Max R525 000; Dindingwe R729 000.

Kontak ☎ 082 301 2393 🌐 tuffcats.co.za ➤



Elke avontuur begin met MEERKAT

Stewige, betroubare kamp- en buitelewetoerusting – trots ontwerp vir Afrika se avonture.




Ontdek ons volle reeks by meerkatoutdoor.com

+27(0)82 883 1297 I meerkatoutdoor.com



DESTINATION INSPIRATION



DESTINATION

Destination se nuutse woonwa, die Inspiration, pas tussen sy Nature- en Magic-modelle in.

Volgens die eienaar, André van Helsing, kry die meeste van hulle modelle 'n dwars bed, maar die nuweling kry 'n eilandbed (koninginggrootte) in die lengte van die wa, soos in die Destiny, die intreemodel.

Dit wat jy in die groter waens kan kry, is nou deel van die Inspiration, soos die banke voor jou wanneer jy instap.

Die badkamer is in die stert en regs van die deur. Dis 'n volwaardige badkamer, wat beteken die hele eenheid is afgesonder van

die ander ruimte in die wa én die storthokkie is afgeskort van die gesigwasbak en toilet. André het ook hier meer ruimte in die badkamer bewerkstellig: Die spieël agter die wasbak is versink, en die kas onder dit waarop die wasbak staan breër.

'n Wye reeks noodsaaklike en luukse toerusting is by die standaardkoop ingesluit. Dit wissel van die volledige badkamer, 'n lugreëlaar, staan-ys-vrieskas en mikro-golfoond regdeur tot die 120 l-watertenk (veselglas), 'n waterpomp en 30 l-gas-elektriese geiser.

Die buitekombuis kom met laaie, wasbakke, 'n induksiestoof en breekware, en eetgerei vir ses mense.

Dieselfde geld vir die 100 Ah-diepsiklus-battery en Victron-laaier, maar jy kan vir R79 000 die stelsel tot 'n allemintige 3 kVA-sonkragstelsel opgradeer. Dit behels vier 100 Ah-litiumbatterye wat saam met drie 590 W-sonpanele 5,12 kWh lewer.

Die tent is ook standaard en 'n uitrolstoepdak is deel van die opsionele ekstras, net soos die skuiwers, trukamera, gasgeiser en veiligheidshandreling.

Die tarragewig is 1 650 kg en die BVM 2 000 kg.

Prys R695 000

Kontak 016 366 1630/1

sales@destinationcaravans.co.za

destinationcaravans.co.za

** Die pryse het gegeld vir die duur die skou en mag verskil van handelspryse.*



ALUBLACK
JOU AVONTUUR



+27 71 633 6632



sales@alublack.com



www.alublack.com



Oaktree Business Park,
Buffeljagsrivier, 6742, South Africa



KAPPIERAME EN 4X4-BYKOMSTIGHEDE
ONTWERP VIR AVONTUUR, GEBOU OM TE HOU



NEEM ALTYD DIE PAD MINDER GEREIS



ENKULU 1



ENKULU 2



ENKULU 3



ENKULU 4



sales@infanta4x4.co.za

www.infanta4x4.co.za

+ 27 28 512 3663

GEBOU DEUR KAMPEERDERS, VIR KAMPEERDERS



Tawwe Tienie

Jetour wil met sy jongste sportnuts die GWM Tank 300 die stryd aansê. Cyril Klopper bekyk die syfers.



JETOUR T2

Die Jetour T2-sportnuts is in Oktober vanjaar in Kaapstad bekend gestel. Jetour, 'n dogtermaatskappy van die Chinese voertuigreus Chery, het in 2024 op eie bodem begin sake doen en die T2 is sy vierde voertuig in Suid-Afrika.

Die T2 het drie weergawes: 'n voorwiel-aangedrewe Aspire (R569 900) en twee vierwiel-aangedrewe modelle (sonder laestrek) genaamd Xplora en Odyssey wat onderskeidelik R639 900 en R679 900 kos.

Die Aspire word aangedryf deur 'n 1,5 ℓ-turbodiesel wat 125 kW en 270 Nm opwek terwyl die Xplora en Odyssey 'n 2 ℓ-turbodiesel kry wat 180 kW en 375 Nm uitskop.

Jetour was bra skraps met spesifikasies op die bekendstelling en sy mediavystellings sê ook nie veel nie, maar ons het dieper gaan krap en ontdek dat die F4J20-enjin in die Xplora en Odyssey in 2021 aangewys is as een van die voorste tien enjins in China.

Dié enjin gebruik die sogenaamde Miller-siklus (teenoor die meer algemene Otto- en Atkinson-siklus) wat bekend is vir beter brandstofverbruik en laer besoedeling, maar teen 'n koste van hoër slytasie en afhanklikheid van 'n aanjaer.

Al drie modelle is beskikbaar in swart, wit, groen en silwer bakverfkleure, en standaardtoerusting sluit in parkeerkaameras en -sensors, 'n banddrukmeter en LED-ligte.

Die twee topmodelle het 'n grootte noodwiel terwyl die basis-model-Aspire een van daai Mariebeskuitjies het. Alle modelle het vyf sitplekke, hoewel Jetour in 2024 'n langer sewesitplekmodel bekend gestel het in China wat moontlik eendag na Suid-Afrika sal kom mits die aanvraag daar is.

SPESIFIKASIES

Model	2.0TD Odyssey
Enjin	1 998 cc-viersilinder-turbodiesel
Krag	180 kW @ 5 500 r.p.m.
Wringkrag	375 Nm @ 1 750 r.p.m.
Ratkas	7 spoed-outomaties (dubbelskoppelaar)
Topspoed	180 km/h
Brandstofverbruik	6,8 ℓ/100 km (volgens die vervaardiger)
Tenk	70 ℓ
Gewig	1 934 kg
Asafstand	2 800 mm
Afmetings	4 785 (l) x 2 006 (w) x 1 880 mm (h)
Grondvryhoogte	220 mm
Veiligheidsgradering	Onbekend
Waarborg	10 jaar/1 000 000 km
Diensplan	5 jaar/60 000 km
PRYS	R679 900



STEWIG GENOEG VIR DIE ROETE. GERIEFLIK GENOEG OM TE BLY.

Die Rooivalk C2- en C4-modelle kombineer soliede staalwerk, unieke ontwerp en slim stelsels, sodat jy verder, langer en met volle gemak kan verken.



- Gemaak van duursame 3CR12 vlekvrystaal
- Buitekombuis, gas-elektriese geisers en sonkrag-gereed
- Veldry getoetste onderstel & opslaan-dak
- Keuse van uitleg, kleure & opgraderings

ONTWERP VIR AVONTUUR. GEREED VIR JOU.


www.rooivalkoffroadsa.com | Leanie: 083 660 9975 | Kotie: 083 226 2129 | info@rooivalkoffroad.com

Hartenbos, my hart se punt

Dit is die somervakansie en ons span uit op Hartenbos. Vir sommige kampeerders is dit lekker om weke lank agteroor te sit en rus, maar ander raak kriewelrig en soek iets om te dóén.

Teks en foto's **Cyril Klopper**







“

Indien jy vertrou is met Riekie se roete, kan jy op jou eie gaan speel, maar as dit jou eerste keer is, moet jy wag totdat die res van die groep nuwelinge opdaag.

”



PRET. Die bakkrans by Die Punt (bo) lok argeoloë sedert 1888 toe George Leith pylpunte van klip hier ontdek het. Vleesbaai se duine (links en oorkant bo) is 'n heerlike speelplek waar jy kan toets hoe jou bosbakkie in los sand vaar. Die kleinspan gaan elke enkele dag by die swembad en sy waterwurms (oorkant regs) wil deurbring.



Hartenbos is in 1933 deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens (vandag Transnet) gevestig as 'n vakansieoord vir sy werknemers van 'n laer rang. Die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) het die oord van sy begindae af bestuur, en hoewel toegang aanvanklik beperk was tot Afrikaners, staan Hartenbos se deure deesdae oop vir almal.

Buiten om onder jou stoep te ontspan en jou medekampeers onderweg na die ablusieblok te groet, kan jy ook hengel en in die see gaan swem. Hartenbos is inderdaad een van 44 Blouvlag-

strande in Suid-Afrika en dit beteken die water is onbesoedel, die strand skoon en veilig, en toegang onbeperk.

Ander noodsaaklike doendinge is om 'n roomys by Milky Lane te koop op pad na die swembad en sy waterwurms. Hartenbos is 'n plek waar jy kan ontspan terwyl die kinders baljaar, en tog gebeur dit dat 'n mens soms rooimiere in die broek kry. Dan wil jy 'n bietjie meer van jou omgewing sien sonder om té ver te ry. Dit is om dié rede dat ons ons beperk het tot 'n sirkel met 'n radius van 80km rondom Hartenbos. Ons mag ook net drie dae op die pad deurbring terwyl ons op

Hartenbos kamp, want ons is immers hier om te rus.

Klim in en ry 'n draai saam met ons deur die Hartenbos-omgewing.

Los jou boswa in die ATKV-oord en volg die R102 (ook bekend as Louis Fouriestraat of die Mosselbaaipad) weswaarts deur Mosselbaai se nywerheidsgebied. Die dorp is deesdae só groot dat dit eintlik tot 'n stad verklaar kan word, en hier is allerlei dienste waar jy byvoorbeeld jou ryding en stoep te kan laat herstel.

Die dorp is goed ingerig vir toerisme met bootritte (R350-R3550 p.p. deur



(aquachartercats.com), diepseehengel-
 vaarte (R1 300 p.p. deur saltlife.fishing)
 en helikopterritte (R965 p.p. deur
 mosselbayhelicopters.co.za).

Op hierdie toer gaan ons egter ons eie
 ryding gebruik om die wêreld te verken.
 Besienswaardighede binne Mosselbaai
 wat jy met jou trokkie kan bereik, sluit in
 die Bartolomeus Dias-museum in Grave-
 straat (R30 p.p.) waar jy 'n replika van
 die seevaarder se skip kan bekyk en die
 Kaap St. Blaize-vuurtoring op Die Punt
 (R100 p.p.) waar jy tot bo in die glashuis
 kan klim. Hier is ook twee gholfbane en
 'n ooraanbod eetplekke langs die see.

Ons verlaat Mosselbaai en volg die
 R102 verder suid tot by die afdraai na
 Danabaai. Hierdie kUSDorp is het basiese
 dienste soos 'n apteek, supermarkie en
 drankwinkel, maar andersins is dit stil,
 nes die inwoners dit verkies. Daar's 'n uit-
 kykpunt aan die onderpunt van Cynaro-
 idesstraat van waar jy tussen Junie en
 Desember walvisse kan dophou – die uit-
 kykpunt is by S34.20438 E22.05108.

Ná 'n kort besoek aan Danabaai mik
 ons Vleesbaai toe vir ons eerste akti-
 witeit van die dag. Keer terug na die N2,
 ry Kaapstad se kant toe, maar draai ná
 9 km links af op die Vleesbaaipad.

Ons ry verby Boggomsbaai, 'n gawe
 kusdorp wat jy op 'n ander geleentheid
 kan besoek indien jy oorweeg om hier
 langs die see af te tree – en eindig op
 Vleesbaai. Ons is op soek na die plaas
 Misgunst waarop die Vleesbaaiduine-
 4x4-roete geleë is. Daar is bordjies wat die
 pad beduie, maar die koördinaat by die
 ontvangsgebou is S34.29702 E21.91313.

Riekie van Rensburg ontvang jou en
 vra of jy al voorheen hier was. Indien jy
 vertrou is met Riekie se roete, kan jy op
 jou eie gaan speel, maar as dit jou eerste
 keer is, moet jy wag totdat die res van
 die groep nuwelinge opdaag sodat julle >



MENSGEMAAK. Die aalwynbeeld op Albertinia (links bo) is gemaak deur die beeldhouers Dirk van Wyk en Francois de Wet. Hierdie twee duifies (links) het pas verloof geraak en die bordjie langs hulle picknietafel lees: "Sit vandag jou hand in myne."



“

Dit is 'n lieflike grondpad wat die Goukourivier volg tot op Riversdal.

”



agter Riekie aan deur die duine kan ry. Hoe ook al, jy moet vooraf bespreek – bel vir Riekie by 082 784 8238 of stuur 'n e-pos na vleesbaai4x4@misgunst-farm.co.za. Jy kry 'n papierkaart van die roete en toegang is R400 per voertuig.

Die roete is sowat 12km lank en neem jou deur 'n duineveld teenaan die see. Sommige duine is betreklik uitdagend en jy gaan beslis bande moet afblaas tot 0,8 bar of laer. Ons het 'n standaard-BMW X3 op die roete raakgeloop wat heel goed gevaar het deur die hindernisse – dit is dalk vir jou 'n aanduiding van hoe uitdagend die roete is.

Ná 'n paar uur se 4x4-pret is dit tyd vir middagete. Verlaat Vleesbaai soos jy hom binnegery het, maar draai by S34.27906 E21.83430 links op die Gouritsmondpad. Die teerpad neem ons oor die Gouritsrivier, en 12km ná die afdraai verander die teerpad in 'n grondpad. Dit is hier waar ons eers gou aftrek by die Gourikwa- private natuurreservaat. Toegang kos R100 per voertuig en die rede waarom ons hier aftrek, is om die Yster-varkpunt-vuurtoring te besoek.

Die vuurtoring staan op die koördinaat S34.39191 E21.72799 en dis 'n fraai plek om foto's te neem. As jy in die toring self wil gaan loer, moet jy die reservaat se bestuur vooraf laat weet sodat hulle vir jou kan oopsluit.

Jou maag grom seker al teen dié tyd. Volg die grondpad van die Gourikwa-reservaat af al die pad tot op Stilbaai. Dié vakansiedorp het talle eetplekke – ons het aangeklop by On The Rocks in die hoofstraat soos jy die dorp binnery. Die restaurant bied verskeie geregte soos burgers en steak, maar 'n mens kan tog nie nee sê vir vars kabeljou (R195) nie.

Ons eerste dag in die Hartenbos-omgewing is amper op 'n einde en dis tyd om terug te keer na die kampplek toe. Pleks dat ons die R305-teerpad uit die dorp neem, ry ons eerder met 'n bruggie oor die Goukourivier en draai regs in Waterblomweg. Dit is 'n lieflike grondpad wat die Goukourivier volg tot op Riversdal.

Hierna volg ons die N2 tot op Albertinia waar ons vinnig aftrek om die wêreld se grootste aalwyn te sien (dié mens-gemaakte bielie staan 9m in sy sokkies) en aalwynaandenkings by die Alcare-fabriekswinkel te koop. Sonbrandmiddel kos R65 vir 'n 50ml-buisie en lyfroom R114 vir 300ml.

>

Vandag was 'n heerlike uitstappie en jy kan môre leeglê totdat daai lastige rooi-miere weer hulle verskyning maak.

Op 'n ander dag verken ons die kus oos van Hartenbos. Volg die R102 in die rigting van Groot-Brakrivier en draai dan 7 km later af na Klein-Brakrivier. Hier is talle oop strande wat aan Blouvlag-standaard voldoen waar jy kan swem.

Reël jou tyd so dat jy ná jou plons in die see kan aansit vir seekos by die strandrestaurant De Vette Mossel. Jy móét wel vooraf plek bespreek, want jy kan nie net opdaag en vra vir 'n tafel nie. Etes kos R370 p.p. en jy mag jouself help met seekos soos mossels, snoek, calamari, garnale en 'n vleispotjie, maar vir dinge soos kreef betaal jy ekstra (R390 vir 330 g).

Die restaurant maak sy deure twee

keer per dag oop oor die besige dae – om 12:00 en weer teen 18:30 – maar in die stiller seisoen is hulle net elke tweede dag oop met net een sessie per dag (om 12:00). Bel of WhatsApp hulle by 079 339 0170 of stuur 'n e-pos na grootbrak@devettemossel.co.za.

As jy nie 'n tafel by De Vette Mossel kon kry nie, is hier talle ander gawe eet-plekke tussen Klein- en Groot-Brakrivier. Keer terug na die N2 en volg hom in die rigting na George. By die lughawe se afdraai (S34.01322 E22.37835) neem ons die Heroldsbaaipad (of dan die R404) see se kant toe.

Presies 5 km nadat jy die N2 verlaat het, is daar 'n ongemerkte afdraai na regs (S34.04972 E22.37018). Dis die Voëlklip-pad, 'n grondpad wat doelbewus ongemerk is weens sy bedenklike reputasie. Die pad volg 'n hoë krans en eindig by

'n uitkykpunt met 'n onverbeterlike uitsig op die see en die kusedorpie Heroldsbaai. Wees egter op jou hoede, want voertuie tuimel gereeld teen die krans af tot in die branders doer onder. Trouens, in 2021 was daar soveel voorvalle waar mense per ongeluk óf doelbewus hulle lewe verloor het dat George se munisipaliteit dit oorweeg het om die gewilde pad te sluit. Die jongste noodlottige voorval was op 31 Maart vanjaar toe 'n vrou in 'n Toyota Fortuner hier gesterf het, skaars 11 dae nadat 'n 59-jarige man deur dieselfde lot getref is. Die Voëlklip-uitkykpunt is by S34.05899 E22.38443, maar hou om hemelsnaam die wiele op die pad.

Heroldsbaai self is beslis ook 'n besoek werd. 'n Mens kan maar net droom om 'n vakansiehuis hier te besit, want 'n leë erf kos rondom R2 miljoen en huisepryse wissel van R7 miljoen tot R14 miljoen. >

“

Skermsewewers gebruik die stygende lugstrome om oor die kusstrook te sweef.

”





VAN BO AF. Die Voëlklip-uitkykpunt (bo) bied 'n uitsig oor die kusdorp Heroldsbaai waar tieners roomys koop (links). Skermsewewers (oorkant en links onder) lanseer hulle by die Kaart van Afrika en sweef dan kuslangs.



“

Die Kaaimansivier maak 'n skerp draai in 'n vallei onder jou en die loop van die rivier lyk besonder baie na die buitelyn van ons vasteland.

”



Ons volg die N2 verby George en draai buite die dorp af om te kyk wat op Victoriabaai aangaan. Hier is kamp-plek en selfsorghuisies, maar die gewildste attraksie is die branderplankryskool waar hulle mense wys hoe om die branders baas te raak.

Ons volgende aftrekplek is Wildernis, waar ons die berg bo die dorp met die Heights Road-pas bestyg. Aan die bopunt van die pas is twee besienswaardighede, waarvan die Kaart van Afrika eerste is (S33.99314 E22.56048). Die Kaaimansrivier maak 'n skerp draai in 'n vallei onder jou en die loop van die rivier lyk besonder baie na die buitelyn van ons vasteland. Die ander attraksie is 'n groen weiveld langs die Kaart van Afrika waar skermsewewers die stygende lugstrome gebruik om oor die kusstrook te sweef. Tandemsweefspronge kos rondom R1300 – besoek paraglideafrica.com indien jy belang stel.

Ry terug Wildernis toe. Maar pleks daarvan dat jy weer die N2 neem, volg Watersidestraat verby die Touwrvier se strandmeer en steek die rivier by die Ebb-and-flow-kampplek oor. Nou vat ons die Hoekwilpad dieper die berge in.

WATERS WAAR RUS IS. Die Touwrvier (bo) loop verby die Ebb-and-flow-kampplek en die Kaaimansrivier (onder) vorm 'n kloof wat lyk soos die buitelyn van die Afrika-vasteland.



EK WIL OOK GAAN!

Kan ek op my eie ry? Ja, al die paaie in hierdie artikel is openbare paaie of betaalroetes.

Hoe lank? Die roete soos ons hom hier bespreek, is 700 km lank en jy ry hom oor drie dae.

Waarmee moet ek ry? Die openbare paaie is meestal teerpad of goeie grondpad. Jy het wel 'n ryding met viertrek nodig as jy die betaalroetes wil aandurf.

Hoeveel brandstof het ek nodig? Vulstasies is nooit verder as 50 km uitmekaar nie.

Mag my hond saamry? Ongelukkig is honde verbode in die natuurreservate, dieretuin, botaniese tuin, grotte en die meeste oorde.

Watter noodtoerusting moet ek pak? Jy't niks spesiaals nodig nie. Die grondpaaie is van so aard dat jou bande nie sommer gesny sal word nie.

Kan ek motorfiets hier ry? Absoluut! Dit is 'n gewilde bestemming vir avontuurmotorfietsryers. Geen van die plekke wat ons in hierdie artikel noem, verbied ysterperde nie.

Die Hoekwilpad is 'n steil teerpad-bergpas en aan sy bokant staan 'n pad-predikant (S33.94775 E22.62109) wat sê "George oor Bospad". Daar volg nou vier pragtige bergpasse, almal deel van die Sewepassepad. Eerste aan die beurt is die Duiwelskoppas met 'n grondoppervlak gevolg deur die geteerde Silwerrievier-, Kaaimansgat- en Swartrivierhoogtepas.


Ons laaste kuierplek vir die dag, mits daar genoeg tyd is, is die Tuinroete- botaniese tuin aan die bopunt van Caledonstraat in George (S33.94801 E22.46374). Dis 'n fraai tuin met fynbos, waterlelies en helderkleurige voëls. Toegang kos R25 p.p. (R10 vir leerlinge) en dis 'n gawe plek om rustig te raak ná 'n besige dag.

Ons derde rit uit Hartenbos neem ons na die binneland toe. Verlaat die vakansiedorp, ry met die brug oor die N2-snelweg en volg die R328-streekpad Oudtshoorn toe. Net mooi 26 km buite Hartenbos tref ons 'n padteken aan vir Haelkraal waar ons links draai op 'n grondpad (S33.94458 E22.03576).

Volg die grondpad vir 8 km tot by die afdraai na die Bonniedale-vakansieplaas, vandag se 4x4-speelplek. Ons het in April 2021 (Ry & Sleep #42) oor hierdie betaal- >



TUINROETE. Die woud waardeur die Duiwelskoppas (heel bo) kronkel, is geheimsinnig maar treffend. George se botaniese tuin (onder) is 'n lieflike plek waar jy op 'n kombars kan ontspan met 'n picknickmandjie vol peuselhappies.



HIER HET ONS GEBLY

ATKV-Hartenbos


Hartenbos het letterlik ontstaan as 'n vakansieoord, en vandag is daar vier aparte blokke: C, D, E en F. Die eerste drie het uitsigte oor die see terwyl die F-blok meer skaduwee geniet en effens minder wind kry. Ons het op E10 gekamp, op 'n geplaveide staanplek tussen die see en die toegangspad. Die ablusieblok word gereeld gediens en toiletpapier word verskaf. Die wifi is redelik vinnig, ten spyte daarvan dat die E-blok 90% volbespreek was. As die kinders se gegiggel tot tienuur saans jou pla, moet jy eerder F-blok toe mik waar die ouer garde kamp.

Pryse Vanaf R275 tot R1 405 p.n. per staanplek vir 6, afhangend van die seisoen en seefront aldan nie. ATKV-lede kry afslag.

Kontak 044 601 7200

hartebos@atkv.org.za

hartebos.co.za




“


Moenie té beledig voel as die gids sê jy's te mollig vir die toer nie, want eiewyse besoekers sit gereeld vas.

”





OERLANDSKAP. Bonniedale se Ossewaroete (oorkant bo) bied matige uitdagings en bogemiddelde natuurskoon, terwyl die Kangogrotte en -dieretuin (onder) jou beslis sal beïndruk. Ander besienswaardighede sluit in die Montagupas (links) en die Robinsompas (oorkant onder).



roete geskryf, maar kortom kan jy verwag om 'n gedeelte van die geskiedkundige Ossewaroete te ry.

Die roete het die Wes-Kaapse dorpe Heidelberg en Oudtshoorn tussen 1689 en 1869 verbind en is hoofsaaklik deur trekboere en transportryers gebruik. Die Hesterman-egpaar ontvang jou by hulle huis en gee vir jou 'n papierkaart van Bonniedale se 4x4-roetes. Dit is 'n mooi roete, maar daar is uitdagende dele waar 'n treeplank of buffer gaan buig as jy 'n verkeerde lyn kies.

Nadat jy jou trokkie vuilgesmeer het, mik ons terug na die R328 en hervat ons rit na Oudtshoorn. Dié groot dorp is genoem na 'n VOC-goewerneur wat in 1771 onderweg na die Kaapkolonie ter see gesterf het.

Ons gaan besoek aflê by twee besienswaardighede: die Kango-dieretuin en gelyknamige grotte. Eersgenoemde lê aan die borand van Oudtshoorn, langs die selfde R328-streekpad wat jou hierheen gebring het.

Toegang kos R250 p.p. (R150 vir o.13's)

en die kaartjie sluit 'n insiggewende begeleide toer in. Dit staan jou egter vry om op jou eie en teen jou eie pas rond te loop.

Die dieretuin is in vyf kampe verdeel, waaronder een vir jagluiperds, leeus, luiperds en 'n eksotiese Bengaalse tier. 'n Ander kamp het 'n oerwoudtema met helderkleurige voëls en reptiele.

Hierna ry ons 25 km noord na die bekende grotte wat in 1780 deur die boer Jacobus van Zyl herontdek is toe hy in die omgewing gejag het. Vroeër jare kon jy doodeenvoudig by die grotte opdaag, 'n kaartjie koop en binne gaan rondloop. Vandale het die grotte egter só beskadig dat besoeke deesdae aansienlik anders werk. Deesdae móét jy jou plek in 'n toergroep vooruit bespreek. As jy uit die bloute opdaag sonder 'n bespreking, moet jy hoop daar's 'n oop plekkie in 'n volgende toer, want anders word jy weggewys.

Daar is twee toere om van te kies: die erfenistoer (R150 p.p.) en avontuurtoer (R200 p.p.). Albei word beperk tot

hoogstens 20 mense en 'n gids verskaf inligting en sê waaraan jy mag vat en waaraan nie.


Die erfenistoer duur sowat 60 minute, en hoewel jy dit maklik kan stap, is daar geen geriewe vir rolstoele of stootwaentjies nie. Die avontuurtoer duur rondom 90 minute en slegs skraal mense word toegelaat, aangesien jy deur knap tonnells en gate moet kruip. Moenie té beledig voel as die gids sê jy's te mollig vir die toer nie, want eiewyse besoekers sit gereeld vas.

Al wat oorbly, is om terug te keer na Hartenbos oor die lieflike Montagupas, mits hy oop is vir verkeer (hy was met ons besoek gesluit weens reën-skade), of die ewe skouspelagtige maar geteerde Outeniquapas.

Ons hoop hierdie roetes kan jou 'n paar dae besig hou, maar ons raai jou ten sterkte aan om steeds jou rus in die vakansieoord te vind. Rondry om plekke te verken is beslis lekker, maar 'n mens moet darem ook tyd maak vir stilsit en ontspan, of hoe? 

A silver Toyota Fortuner is driving on a muddy dirt road in a savanna landscape. The car is equipped with a roof rack carrying a spare tire and other gear. In the background, another vehicle is visible on the road. The landscape is characterized by tall grass and scattered trees under a cloudy sky.

*Waar olifante
en seeskilpaaie
bure is*



Kom slaan kamp op net anderkant die Mosambiekse grens
en verken die Maputo- nasionale park se lowergroen
grasvelde, potblou mere en spierwit strande op soek na
olifante en lepelaars... en seeskilpaaie.

Teks en foto's **Evan Naudé**



“

Met 'n bietjie geluk sien jy op dieselfde dag sommer 'n olifant in die bos, 'n lepelaar langs 'n meer én 'n seeskilpad op die strand.

”

Min bewareas kan spog met 'n dierelys wat land-bewoners soos olifante, buffels en kameelperde, maar ook unieke seelewe soos mantas, walvishaai en seeskilpaaie insluit. En dan praat ons nie eens van die voëllewe nie... het jy al 'n kleinswartvlerkkiewiet op jou voëlls? Dít en nog meer kry jy in die Maputo- nasionale park, net 'n hane-tree anderkant die Kosibaai-grenspos.

Dis juis die ligging van die park waarvan sy besondere versameling spesies te danke is. Die suidelike grens van dié park van 1728 km² is net 40 km van die Suid-Afrikaanse grens af terwyl die noordelike grens teen Maputobaai lê. Die westelike grens loop al saam met die Futirivier, en die Indiese Oseaan vorm die oostelike grens. In die park wissel die omgewing van riviere, mere, vloedvlaktes en vleilande tot moeraswoude, grasvelde en uitgestrekte wit strande.

Hierdie bewarea strek selfs 5 km see-in, om die koraalriwwe en seelewe te beskerm. Met 'n bietjie geluk sien jy op dieselfde dag sommer 'n olifant in die bos, 'n lepelaar langs 'n meer én 'n seeskilpad op die strand.

In onlangse jare is die park toegankliker gemaak vir besoekers en die verblyfgeriewe is netjies opgegradeer. >





SANDPAD VOOR! Sodra jy die parkhek binnery (links onder) is sandry jou voorland – onthou dus om jou banddruk aan te pas. Voor jou lê 'n unieke wildernis van mere, woude, grasvelde en strande wat wag om verken te word.





DIE ARK. Die park se kuslyn sorg vir 'n verskeidenheid diersoorte, op land én ter see.






Nou is hier luukse lodges, selfsorg-opsies, formele én wilde kampplekke. Nogtans behou die park sy wilde atmosfeer en jy sien g'n teerpad nie.

Pak dus jou kroos in die kar en mik vir die Maputo- nasionale park, want daar wag 'n kampvakansie vol avontuur.

Sandry is jou voorland. Van die Kosibaai-grenspos af is dit minder as 'n halfuur se ry op teerpad tot by die park se hoofhek, Futi. Voor jy nog die hek bereik, waarsku padtekens met 'n prentjie van 'n olifant wat 'n voertuig omdop dat dinge wild raak. By die hek sien jy weer 'n waarskuwingsbord met dié prentjie, maar nou is daar 'n krokodil en 'n seekoei by.

Betaal jou parktarief hier, kry 'n kaart en blaas jou bande af tot minstens 1,8 bar – ja, die personeel maak seker voor jy binnege laat word. En as hulle jou moet kom uitsleep, betaal jy MZN2 500 (R735)! >

KAMP SOOS KONINGS. Elke staanplek by die twee kampe in die park het sy eie ablusiegeriewe met twee wasbakke, 'n stort en toilet binne-in sowel as opwasgeriewe en kragpunte (USB) aan die buitekant. Die staanplekke is ruim, met plek vir tot 4 tente rondom 'n braaiput.



KAMPBESTEMMING

Vou nou die kaart oop en bekyk die roetes in die park. Die hoofroete loop al kronkelend in 'n noordoostelike rigting na die Machangulohek (slegs vir toegang tot en vanaf die Machangulo-skiereiland buite die park). By elke vork, T-aansluiting of kruispad sal jy 'n genommerde bordjie aantref wat ooreenstem met die nommers op jou kaart. Die kaart dui ook die afstand aan tussen die genommerde punte, maar hou in gedagte dat jy in die sand baie stadiger as normaal vorder. Die 40 km tussen die hoofhek en die lodge en kampplek by Ponta Membene neem byvoorbeeld sowat 4 uur, selfs langer as jy op pad stilhou om wild te kyk.

Van die hoofroete af is daar sirkelroetes wat jou verby twee groot mere (Xinguti en Piti) in die suide van die park en twee kleineres (Munde en Zuali) in die noordooste naby die kus neem. Jou kans om wild te sien is die beste in die suidelike deel van die park. Olifante, kameelperde, sebras en wildebeeste is veral lief vir die gebied rondom die Xingutimeer. Wees op die uitkyk vir seekoeie en krokodille in >



“

Hou in gedagte dat jy in die sand baie stadiger as normaal vorder.

Die 40 km tussen die hoofhek en die lodge en kampplek by Ponta Membene neem byvoorbeeld sowat 4 uur.

”



BY DIE STRAND. Ponta Membene se ligging langs die see – en bekostigbare pryse vir Suid-Afrikanners – maak dit een van die gewildste bestemmings in die park. Bespreek vroegtydig!



LAGOA XINGUTI FOREST-KAMPPLEK

In die woud

Op die noordelike rand van die Xingutimeer volg jy 'n paadjie (nr. 36) onder 'n blaredak in na dié kampplek toe. Hier ontdek jy 'n opening in die bos met ses staanplekke op terrasse, só uitgelê dat die plantegroei jou verskuil van jou buurman.

Die bome sorg vir hope skaduwee en koelte regdeur die dag, en hier en daar het jy 'n uitsig van die meer deur die bosse. Snags hoor jy hoe nurk die seekoeie in die water en vroegoggend kom kuier rooидуикertjies in die kamp.

Bakkies met daktente en boswaens sal pas, maar op sekere van die staanplekke sal jy mooi moet draai tussen die bome. Groot waens en voertuie groter as 'n standaard-4x4-ryding sal egter sukkel om by die kampplek in te draai en onder die bome in te pas – jou Unimog sal dus op 'n nabygeleë stuk oop stuk gras moet staan.

Elke staanplek het 'n gelyke sandoppervlak ('n grondseil kom handig te pas) met 'n braaiplek, kraan en private ablusiegeriewe. Die braaiplek is 'n soort miniboma: 'n Sirkel kniehooëte paaltjies omring 'n sementblad waarop jy braai. Onthou jou eie rooster en staander.

Die ablusiegeriewe laat 'n mens aan glanskamp dink: Die skuins dakke, hout- en sinkplaatpanele en hoë dakbalke van die sjiek houtgeboutjie wat op dekke staan, lyk omtrent Skandinawies-geïnspireer. Hier het jy 'n toilet, stort, twee wasbakke aan die binnekant en 'n afsonderlike opwasbak buite (steeds onder dak). 'n Gasgeiser verskaf warm water en hier is 'n 220V-kragprop (slegs aan tussen 06:00 en 22:00) sowel as twee 2,1 A-USB-proppe.

Elke staanplek het plek vir drie voertuie en 'n maksimum van ses mense. Bring jou eie drinkwater, hout, braairooster en staander.

Prys Vanaf MZN600 p.n. per staanplek (parkariëwe uitgesluit).

Kontak 000 258 85 600 0900 • reservas@parquemaputo.gov.mz



ANDER BLYPLEKKE

Wild, of wit linne?

Die park het vyf wilde kampplekke (tot 6 voertuie en 12 mense elk), die sogenaamde 4x4 Trails Rustic-kampplekke. Die **Elefanteskamp** is die naaste aan die hoofhek (6 km) terwyl Futi North langs die Futirivier en Miradouro in die noordwestelike hoek van die park sit. Die **Nelakamp** is langs 'n meer met dieselfde naam in die middel van die park, en die **Futi South**, sowat 24 km suid van die hoofhek, is die enigste blyplek in die Futikorridor.

Die wilde kampplekke het 'n braaiput en kompostoilette, maar geen water of elektrisiteit nie. Bring dus alles saam wat jy gaan nodig kry.

Die park het ook drie lodges. By Ponta Membene is netjiese selfsorgeenhede op die duine en in die kuswoud. Na die noorde toe, ook langs die strand by Ponta Chemucane, is die **Anvil Bay-lodge** en na die suide **Malibangalila-lodge**, albei luukse verblyfopsies.

Prys Ponta Membene: Vanaf MZN4 800 p.p. wat deel. Anvil Bay: Vanaf USD450 p.p.p.n. Malibangalila: Vanaf R2 530 p.p. wat deel. Parkgeld uitgesluit.

Kontak 🌐membene.co.mz

🌐anvilbay.com 🌐montebelohotels.com



LEKKER LUUKS. As jy nie kans sien vir 'n tent nie, kies een van die chalets by Ponta Membene vir gemaklike verblyf.





PONTA MEMBENE-KAMPPLEK

Langs die see

Die kampplek by Ponta Membene lê net noord van die lodge. Soos jy by die strand aankom, volg jy die aanwysings na die kamp teen 'n duin wat oortrek is met kuswoud. Aan die ander kant van die duin lê 'n uitgestrekte wit strand.

Die kamp is in dieselfde styl as Xinguti gebou, maar die staanplekke is groter en verder uitmekaar. Hier is sewe individuele staanplekke en een groepskamp (nr. 8). Die staanplekke sit van 1 tot 8 in 'n streep van suid na noord. Die ooptes vir jou tent of wa is op sand, onder 'n digte blare-dak, wat dinge lekker koel hou. Elke staanplek het plek vir vier tente en almal het hulle eie ablusiegeriewe, 'n braaiplek en kraan. Die groepskamp het 'n groot kombuis met eetgerei, 'n yskas, drie gasplate en 'n eettafel op 'n dek.

Ook hier sal jy mooi moet mik met 'n daktent of hoë boswa, want nie oral is die boomtakke hoog genoeg nie. Wanneer jy jou staanplek bespreek, hou die volgende in gedagte: Sleepwaens met tente op sal pas op staanplek nr. 1A, 1B, 2, 4, 5, 7 en 8. Daktente pas op nr. 1A, 1B, 2, 4 en 7, en boswaens pas op nr. A en 1B. Op staanplek nr. 2 en 6 sal jy net met grondtente regkom.

Almal het toegang tot 'n voetpaadjie onder die bome aan die agterkant van die kamp. Volg dit en 2 minute later kry jy 'n houtdek bo-op die duin wat uitkyk oor die see. Hier is 'n stel trappe wat jou afneem strand toe. Van hier af is daar ook 'n plankpaadjie wat op die rug van die duin loop – volg dit na die lodge toe. Ja, kampeerdere het toegang tot die lodge se swembad, kroeg en restaurant!

Onthou jou eie drinkwater, hout, braairooster en staander, maar jy kan ys en houtskool by die lodge koop.

Prys Vanaf MZN1 880 p.p.n. vir 2, parktariewe uitgesluit.

Kontak ☎00 258 85 036 2730 📠00 258 87 016 2730

🌐membene.co.mz



Waar die grootvoete migreer

Voor die burgeroorlog in Mosambiek wat tussen die jare sewentig en negentig gewoed het, het groot getalle olifante vrylik heen en weer oor die grens van die Tembe-olifantpark in KwaZulu-Natal na die vloedvlaktes van Maputo-baai beweeg. Maar gedurende die oorlog is 'n grensdraad opgerig wat die olifante se migrasie stopgesit het. In die oorlogsjare is 90% van Mosambiek se olifantbevolking uitgewis.

In 2011 is die Futikorridor, 'n strook bewaringsgebied langs die Futirivier, gestig om die Tembe-olifantpark met die Maputo-nasionale park (toe nog die Maputo-spesiale reservaat) te verbind. In 2014 is die grensdrade uiteindelik verwyder en die olifante se antieke migrasieroetes sodoende herstel.

Die rehabilitasie van die nasionale park vind al stuk-stuk plaas sedert 2010, en tans is daar meer as 5 000 diere hervestig, waaronder spesies wat heeltemal uitgeroei is gedurende die oorlog. 'n Sensus in 2023 deur Ezemvelo KZN Wildlife het 13 800 diere getel en gesonde bevolkingsgroei aangedui.



“

Ry liefds in 'n konvooi van twee of meer voertuie ingeval jy vasval, want dié paaie sien min verkeer.

”



WEET VOOR JY WAAI

Hoe kom ek daar? Die Kosibaai-grenspas (oop van 08:00 tot 17:00) is 630 km van Johannesburg en 430 km van Durban af. Van die grenspas af is dit 40 km op 'n netjiese teerpad tot by die Futihek, die park se hoofingang. Van Maputo af is dit sowat 100 km op die Katembe-teerpad (EN1) tot by die Futihek.

Waarmee moet ek ry? Jou ryding moet 'n volwaardige 4x4-ryding wees met laestrektratte en goeie grondvryhoogte, want al die paaie binne die park is sand. Die beamptes sal nie voertuie toelaat wat nie die mas gaan opkom nie.


Kan ek sleep? Ja, maar slegs jou boswa sal hier oorleef, en jy moet ervaring hê met sleep in dik sand.

Wat kos dit? Die daaglikse bewaringstarief vir SAOG-burgers is MZN600 (metical, Mosambiek se geldeenheid). Jy betaal ook MZN900 elk vir jou voertuig en sleepding. Verdere tariewe geld vir bote en waterponies.

Wat nog? Bring 'n kompressor, banddrukmeter en 'n stel snotproppe indien jy 'n band moet regmaak. Jy mag ook visvang en jou eie boot inbring, maar reël vooraf met die park vir visvang- en bootlanseringspermitte. Tussen Oktober en Maart kan jy leerrug- en kareteeskilpaaie op die strande sien. Bespreek 'n toer deur die park of een van die lodges, want die neste word beskerm, en as jy die kleintjies wil sien uitbroei, moet jy 'n aandtoer doen.

Hektye 08:00 tot 18:00 (Oktober tot Maart) en 07:00 tot 16:00 (April tot September).

Kontak ☎ 00 25 885 509 6721 of 00 25 886 668 6317 🌐 parquemaputo.gov.mz



die mere, en hou ook jou oë oop vir lepe-laars, wolnekooievaars en geelbekooievaars op die oewers.

Tans is hier min roofdiere in die park, maar as jy gelukkig is, sien jy 'n hiëna, luiperd of witkwasjakkals.

Kyk fyn na die kaart. Sien jy die wit stipelroetes? Dis die 4x4-roetes, en hier is bykans 200km om te verken. Dié roetes is die enigste manier om die Futi se rivier-oewers suid van die hoofhek en die wye gras- en vloedvlaktes in die noordweste van die park te sien. Ry lief in 'n konvooi van twee of meer voertuie ingeval jy vasval, want dié paaie sien min verkeer.

Trouens, op jou kaart is sekere dele van die 4x4-roetes in groen gemerk; dié dele is dikwels onbegaanbaar in die somerreënseisoen. Vind dus eers by die parkpersoneel uit oor die toestande as jy vir hierdie dele mik.

Daar is twee openbare toegangspunte tot die strand: by Ponta Membene en Ponta Dobela. Hier kan jy swem, snorkelduik en uitspan op die strand. Van Junie tot Oktober sien jy dikwels bulrugwalvisse en in die somermaande baljaar bottelneusdolfyne in die branders. Onder die water is 'n wêreld van koraal-riwwe, kleurrike visse, seesterre en ander eienaardige gediertes wat jy met 'n snorkel kan verken.

Skrop nes by Falcon

Wanneer jy weer in Swellendam se rigting mik, gaan maak jou tuis by 'n splinternuwe kampplek op die oewer van die Breërivier.

Teks en foto's **Leon Botha**




Die Falcon River-reservaat lê halfpad tussen Kaapstad en Mosselbaai – van albei kante af ry jy sowat twee uur tot hier. Naby genoeg dus vir Wes-Kapenaars om vinnig koers te kies vir 'n vreedsame kampnaweek in hierdie mooi deel van die land.

As jy van elders af kom en jou Kaapse vakansie sluit 'n besoek aan die Moederstad én Tuinroete in, is dit 'n gawe keuse om vir 'n nag of drie oor te staan, want die reservaat se hek sit reg langs die N2.

Jy draai sowat 300m voor jy van Kaapstad se kant af die Breërivier oorsteek, links by Falcon se hek in. Die stukkie grond van 25 ha behoort aan Izak en Ilse-Belle Louw en 900m daarvan grens aan die rivier.

Ilse-Belle behartig die besprekings, en in die WhatsApp-inligting wat sy vooraf aanstuur, verduidelik sy hoe jy jouself deur die elektriese skuifhek help. Van hier af is dit 500m tot in die kampplek met twee rye staanplekke.





TRAPPE VAN VERGELYKING. Die badkamers is op die boonste terras met die twee rye staanplekke op die volgende twee.



“ Onthou ook ’n verlengkoord, want al die kragpunte in die kampterrein staan op die middelste terras, bo die vloedlyn.

Aan die gang

Die kamplek is teen die rivier uitgelê: Die badkamers en ontvangskantoor is op die boonste terras, tien staanplekke op die middelste een en nog tien teen die water.

Met ons besoek in Oktober was daar vier gesinsbadkamers in ’n langwerpige gebou, maar hulle was nog besig om die kampterrein se gemeenskaplike badkamers te bou. Ilse-Belle sê sodra die nuwe badkamers voltooi is (hulle het gemik vir middel November), gaan die gesinsbadkamers as private ablusiegeriewe vir spesifieke staanplekke ingespan word.

Hou dadelik links op die middelste terras wanneer jy aankom. Die ontvangskantoor is 60m verder aan jou linkerkant. Hier is basiese items soos hout, ys, koeldranke en water te koop. Laasgenoemde is belangrik, want die kraanwater word uit die rivier gepomp. Bring dus jou eie drinkwater saam of skaf vir jou aan wanneer jy aankom.

Onthou ook ’n verlengkoord, want al

die kragpunte in die kampterrein staan op die middelste terras, bo die vloedlyn. Jy gaan dus jou krag moet aanlê as jy 220V-elektrisiteit op jou oewerstaanplek wil hê. Die kragpunte het Fredlin-én huissokke.

Die beskikbaarheid van skaduwee is eintlik maar die grootste verskil tussen die twee rye staanplekke. Op die hoër terras kamp jy in die son, en onder teen die water is jy omring deur koeltebome. Hier is egter geen tekort aan gras nie, ongeag waar jy staan.

Die uitsig van albei terrasse af is onbepaald, en wanneer jy jou in jou kampstoel tuismaak en oor die water uitkyk, besef jy vinnig waar hy sy naam gekry het. Die rivier is hier ’n goeie 75m breed, met ’n ellselange keerwal effens verder stroomaf wat die water opdam. Die keerwal het heelwat lae watervalle tot gevolg en ’n mens hoor heeltyd ’n ligte gedruis, amper soos branders wanneer jy langs die see kamp.

>



Hier is 'n sandkol naby die rivier wat Ben's Beach genoem word – dis die Louws se kleinding wat vernoem is – en jy kan jou aas diékant ingooi om te sien wat byt. Met ons besoek het ons kampbuurman die een vis ná die ander uitgetrek wat geweeg en afgeneem is voor hulle weer saggies in die water teruggeplaas is.

Dis verbode om by Ben's Beach te swem, maar verder stroomop, oorkant die verste staanplekke, is wel swemplek en 'n lapa. Hier is 'n klompie kajakke, staanroeiplanke en reddingsbaadjies te huur vir R100-R150 p.d.

Jy stap teen die terrasse op na die ablusiegeriewe toe. Die badkamers verdien 'n pluimpie en stel 'n ordentlike standaard vir ander kampplekke. Dit is netjies afgewerk en ruim met meer as genoeg pakkplek, en saans word die gebou netjies verlig. Die opwasplek is op die punt, langs die kantoor.

'n Gasgeiser sorg vir warm water (jy kan selfs die temperatuur effens verstel) en die waterdruk is besonder sterk. Stort is dus pure plesier.

As jy wil bene rek, kan jy die staproete tot by die uitkykpunt aandurf. Van hier af kyk jy in die lengte af oor die rivier wat voor die kampterrein verbyvloei. Die roete, wat by die lapa begin, is netjies uitgelê met rooi pyle wat die weg wys. Jy stap 'n rantjie uit en dit neem jou skaars 20 minute tot bo – dis 1,6km heen en weer.

Terwyl jy in die omgewing is, is 'n vin-nige besoek aan die Bontebok -nasionale park die moeite werd. Die park se ingang is 3,3km van hier af en dagbesoekers betaal net die bewaringsarief.

Die bontebok was 'n eeu gelede amper uitgeskiet met getalle wat glo tot minder as 20 gedaal het.



Kortliks | Falcon River



Kampplek 20 staanplekke op 2 terrasse met gras; die helfte is langs die rivieroewer met koelte en die kragpunte is by die boonste staanplekke.

Ablusiegeriewe 4 private gesinsbadkamers en opwasplek. Gemeenskaplike geriewe was in aanbou met ons besoek.

Prys R435 p.n. per staanplek vir 2 mense, daarna R130 p.p.p.n. (R110 vir kinders 6-17 jaar; gratis vir o.6'e). Hoogstens 5 mense (3 volwassenes) word per staanplek toegelaat en in die Desemberavakansie moet jy vir minstens 5 nagte kamp.

Aankoms- en vertrektyd 14:00-18:00 en 11:00.

Kontak ☎ 064 957 4233 📧 bookings@falconriver.co.za 🌐 falconriver.co.za

Naaste dorp Swellendam 6 km.

Hoe lyk die pad? Die laaste halwe kilometer of wat is 'n klipperige grondpad.

GPS S34.067910 E20.405483

Ry & Sleep sê Hier is losstaande braaiers, maar bring jou eie rooster.



GROET DIE BURE. Jy is nou in 'n reservaat en jou paaie kan kruis met dié van wilde diere, maar maak gerus ook 'n draai langsaan by die Bontebok-nasionale park.



Waar Drome hul Roete vind

Met sorg saamgestel en bespreek vir jou
selfry-avonture deur Botswana, Namibië,
Zimbabwe en Zambië.




Foto: Dani Martin

Waarna toe volgende?

ultimateroutes.co.za | 071 471 4900



ULTIMATE
Routes



Khwai vir Kersfees

Terwyl die meeste Suid-Afrikaners in Desember koers kies kus toe, is daar wel sommiges wat Bosveld toe mik. Maar het jy al Botswana se bosveld oorweeg?



Khwai is 'n gewilde bestemming halfpad tussen die Okavangodelta en Chobe, en reisigers bly gewoonlik minstens drie nagte hier om die uitstekende natuurlewe en ongerepte wilderniskampplekke te ervaar.

Soos Peter Rau sê: “Khwai was nog altyd ons spesiale plek. Volgende keer bly ons vir 14 dae en slaan Moremi heeltemal oor.”

Is die somermaande 'n goeie tyd om te kom wildkyk?

Wilde diere is meer verspreid in die somer omdat daar dan oorgenoeg water in die omliggende veld is. Tog, soos die Ultimate Routes-kliënt en bosveldliefhebber Heinrich Richter stel: “Dit maak elke dier wat jy sien, soveel meer lonend.”

Dit klink soos 'n fees vir die sintuie...

In die groen seisoen lééf die wêreld behoorlik, en dis oral merkbaar – selfs die voëls pronk met die flitsende

vere van broeityd. Die kontras tussen donderweer en die glinsterende landskap sorg vir uitstekende foto-geleenthede en selfs die eenvoudigste kampplek lyk indrukwekkend. Die kenmerkende roep van die bontrietpadda eggo deur die nag, net so kenmerkend soos die blafgeitjie in die sanderige Kalahari.

“Ek het nie omgee dat daar minder diere was nie – die voëlsoek was regtig goed in Khwai,” sê Coenraad Berrange. “Ek het 'n hele klompie nuwe soorte op my lysie afgemerk.”



Foto Gaeleen Tompkins



Foto Fiona Smit



Foto Nicola Beykirch

AS DAAR WATER IS. Khwai het 'n gevoel van eksklusiwiteit wanneer jy in die somermaande kom kuier. Die reënseisoen beteken hier is nie massas toeriste nie en dit kan by tye voel of jy die omgewing vir jouself het. Bly net op jou hoede wanneer jy die paaie aandurf.



Foto Heinrich Richter



Foto Heinrich Richter



Foto Nicola Beykirch



Foto Fiona Smit



Foto Tish le Grange

Wat maak die ervaring anders in die reënseisoen?

Die weer verander daaglik. Heinrich beskryf dit uitstekend wanneer hy sê die omgewing is veral smiddae treffend – donderbuie bou dramaties op teen die horison, met wolke en lig wat veranderende tonele skilder soos 'n lewende kunswerk. Die reënbuie bied ook 'n welkome verligting van die dag se hitte en is 'n unieke kenmerk van hierdie deel van die wêreld.

Wenk Berei goed voor vir reën en wind, al is dit net kort sarsies daarvan. Belê

in 'n stewige stoeptent, grondseil en waterdigte tent. Vra plaaslike mense oor padtoestande en wees gereed om jou planne aan te pas, indien nodig.

Hoe uitdagend is dit om hier te ry?

Die nat weer sorg vir moeiliker padtoestande, want die paaie wat in die

winter droog is, raak in die somer modderig of selfs oorstroom. Maar in die somer is hier ook 'n rustiger atmosfeer, want dan is hier minder toeriste. Voor jy jou oë uitvee, voel dit of jy 'n avonturier op 'n eksklusiewe ekspedisie is.

Wenk Reis met 'n ordentlike 4x4-voertuig met herwinningstoerusting soos 'n graaf, sandplate, 'n kompressor en wenas. As dit veilig is, loop die roetes eers voor jy ry – en moenie dit waag as die water te diep is of te vinnig vloei nie.

KONTAK

ultimateroutes.co.za

hello@ultimateroutes.co.za


071 471 4900

Provinsiale kleure

Daar waar KwaZulu-Natal, Mpumalanga en die Vrystaat
bymeekaarkom, lê 'n bekende 4x4-roete met die gepaste
naam Drie Provinsies-4x4-avonture.

Teks en foto's **Cyril Kloppe**





Dis sommer vroeg al duidelik dat Ronel Geldenhuys, wat aan die stuur staan van Drie Provinsies-4x4-avonture, weet wat sy doen. Sy beantwoord jou boodskap dadelik met 'n string PDF-dokumente wat die reëls en regulasies, bepalinge en voorwaardes en belangrike notas uiteensit. Ronel hou jou selfs op die hoogte van die weer en temperature op Volksrust, waar die plaas geleë is.

Die betaalroete, op die plaas Waterval, is skaars drie uur se ry uit Johannesburg en bo-op Langkrans, 2 253m bo seespieël. Die afdraai na Waterval lê langs die R534-streekpad by S27.36795 E29.74512 – 'n padpredikant lees: "Waterval Staproete & 3 Provinsies 4x4".

Volg 'n grondpad van 5km – dit kan self 'n uitdaging wees as dit swaar gereën het – verby landerye en veekrale tot by Ronel en haar man, Herman, se plaasopstal (S27.40856 E29.75270).

Die Geldenhuys-egpaar was met vakansie toe ons besoek afgelê het,

maar Ronel het gesorg dat haar seun PF ons ontvang en die roetes verder verduidelik. Jy kry ook 'n netjiese kaart wat op harde karton gedruk is, met kleurfoto's van die hindernisse en doendinge.

Drie Provinsies-4x4-avonture het altesame ses roetes op Waterval, maar die Geldenhuys-gesin bedryf ook roetes naby Tshipise in Limpopo én hulle het geskiedkundige slagveldtoere rondom die vakansieplaas.

Die Drie Provinsies-hoofroete is teen 34km die langste op die plaas en hy kry 'n 4 uit 5 op ons moeilikheidskaal. Dit neem 5-7 uur om hom te ry, hoewel PF ons afgeraai het om hom te takel weens diep modder en ook omdat ons geen bystandsvoertuig had nie. Veral Helshoogte, 'n steil graad 5-opdraande met los rotse en 'n stroom water wat teen die spoor afvloe, was glo té moeilik sonder bystand.


Dan is daar die Bobbejaanskrans- en Tierkloof-4x4-roete wat onderskeidelik

5 km en 8km lank is en elk sowat 2 uur duur. PF noem dat die tye wat op die kaart gegee word, net rowwe aanduidings is, want dit neem soms dubbel so lank wanneer 'n roete erg beskadig is.

Omtrent die helfte van Drie Provinsies-4x4-avonture se roetes was inderdaad met ons besoek gesluit weens reënskade. Die laagliggende roetes soos die Tierkloof-4x4-roete was grotendeels onder water en onbegaanbaar. Die Tierkloof Extreme-roete, 'n moeiliker deel van die Tierkloof-4x4-roete, was uiteraard ook gesluit weens die swaar reën wat kort tevore geval het.

Die ander roetes is die 1 km lange Walletjiesstraat-roete wat nie 'n moeilikheidsgradering kry nie en slegs 'n halfuur duur. Ook die Malgas-roete is eerder 'n natuurroete as 'n ware 4x4-roete (mits dit nie verspoel is nie).

Dit gaan jou 'n volle dag neem om Drie Provinsies-4x4-avonture se makker natuurroetes te ry, en as jy kans sien >



vir die moeiliker hindernisse soos Helsehoogte, moet jy ekstra dae opsy sit.

Ronel werk selfs vir jou 'n toerpakket uit. Sy stel voor 'n mens takel op dag 1 die Drie Provinsies-hoofroete en Panne-tjiespas. Op dag 2 ry jy dan die Tierkloof-roetes – mits hulle oop is – en die Bobbe-jaanskrans-roete. Jy kan Wallestjiesstraat en die slagveldtoer vir dag 3 los.

Aangesien Drie Provinsies-4x4-avonture se roetes meer as net een dag duur, is daar ook slaapplek op Waterval. Daar's twee kliphuise met 'n oopplan-uitleg wat elk ses mense huisves. Die kombuise is volledig toegerus met potte, panne, breekware, eetgerei, 'n ketel, gasstoof en 12V-yskas. Die yskas en ligte werk met sonkrag en daar is geen sokke om byvoorbeeld jou selfoon te herlaai nie.

Daar is ook twee houthuise waarin vier mense elk kan slaap. Dit het een-dersde kombuise, en warm water kom uit 'n donkie wat jy self moet stook.

Ronel stel die kliphuise bo die



houthuise voor omdat hulle saans warmer is.

Die gastewoonstel naby die plaas-opstal het twee slaapkamers en 220V-elektrisiteit, maar dis uiteraard nie so afgeleë en privaat as die berghutte nie.

As jy eerder wil kamp, kan jy kies tussen die Rooibektiptol- en Boskamp. Jy het 'n 4x4-ryding nodig om by hulle uit te kom (ook vir die berghutte) en jy sal die pad na die Rooibektiptol-kamp kan baasraak met 'n boswa op die haak, maar nie na die Boskamp nie omdat die roete soontoe net te uitdagend is.


Elke roete en slaapplek het sy eie prys; dit kos byvoorbeeld R390 per voertuig om die Drie Provinsies-4x4-hoofroete te ry, en die tarief vir die berghut is R790 p.n. vir twee mense. Daar is mense wat jou kan help tent opslaan en jou skottelgoed kan was, maar jy moet dit vooraf reël (jy betaal per uur vir dié dienste; dis op een van die PDF-dokumente wat Ronel vir jou stuur.)



“

Die Drie Provinsies-hoofroete is teen 34 km die langste op die plaas en hy kry 'n 4 uit 5 op ons moeilikheidskaal.

”



Ons het R1 180 betaal vir verblyf in 'n kliphuis plus een roete van ons keuse wat met ons besoek rybaar was.

Op pad na die kliphuis het Ronel en Herman se skaaphond, Tankie, vooruit gedraf en ons presies tot by ons slaapplek geneem.

Die hond is glo bogemiddeld slim en sy het ook die beste lyn deur hindernisse gewys op die roete wat ons gery het. Sy mag eintlik nie saam met jou die berge invaar nie, want sy bedel iets vreesliks as jy saans braai. Sy kan ook aan die skuifdeur se glas krap en smee om saam met jou op die bed te lê as jy haar uitsluit. Ronel vra mooi dat jy nie vir Tankie moet beloon vir haar stout gedrag nie.

Ondanks die reën wat ons besoek aan Drie Provinsies-4x4-avonture effens in die wiele gery het, was ons tevrede met die doendinge en natuurskoon. As daar provinsiale kleure was vir 4x4-roetes, dan het Drie Provinsies-4x4-avonture dalk vir drie spanne gespeel.

DRUK 'N DRIE. Waterval is 'n werkende plaas met gemengde boerdery, en die 4x4-roetes bied slegs 'n aanvullende inkomste aan die Geldenhuys-gesin. Die roetes was nie almal rybaar met ons besoek nie, maar ons vertrou hulle sal mettertyd herstel word.



Wat jy moet weet



Maksimum getal voertuie? Drie

Provinsies-4x4-avonture is dikwels gasheer vir groot 4x4-klubs en ander saamtrekke. Die getal voertuie word bepaal deur die getal mense aan wie Ronel realisties slaapplek kan bied.

Kry ek 'n kaart? Ja, 'n mooi een met allerlei inligting daarop. Ook 'n plakker wat wys dat jy die roetes getakel het.

Sal my voertuig krap? Dit is moontlik, ja.

Moet ek 'n kompressor neem? Ja. Daar is 'n pomp by die opstal, maar wie het lus om tou te staan om hom te gebruik?

Kan ek halfpad braai? Slegs by die hutte en kampe.

Is daar selfoonsein? Ja, maar ontvangs is wisselvallig.

Beste tyd van die jaar? Heeljaar, maar die reënseisoen kan jou pret bederf.

Kan ek my gesin saamneem? Beslis.

Net vir die dag of die naweek? Kom eerder vir die naweek, want daar's te veel om binne een dag te sien.

Hoe lank neem dit? Dit gaan afhang hoeveel roetes jy wil takel en hoeveel van die omliggende omgewing jy wil sien.

Is daar ablusiegeriewe? Ja, by die oornagpunte.

Aanwysings? Volg die Vredepad (R543) vir 13,6 km uit Volksrust tot by 'n padpredikant wat lees: "Waterval Staproete & 3 Provinsies 4x4". Draai hier links en ry 5 km – moenie by die eerste huis naby die afdraai aanklop nie, want dis die Geldenhuys-egpaar se buurman.

Ry dat die stof so staan!

Een keer per jaar word die gordels vasgetrek, die petrolpedale weggetrap en die adrenalienvlakke tot in die rooi opgejaag wanneer die *Ry & Sleep Bull Run* op Vanwyksvlei in die Noord-Kaap gehou word.

Foto's **Piet van Wyk**

Die Bull Run het vanjaar maar net wêér gewys dat dié samekoms sy gelyke in Suid-Afrika nie ken nie. Oor die laaste naweek van die kort skoolvakansie het Vanwyksvlei ouder gewoonte uit sy nate gebars toe meer as 600 deelnemers, toeskouers en baanbeampes met hulle ou rygoed opgedaag het om te spog, te speel en te kuier soos net Bull Runners kan.

Soos gewoonlik het die spanne nie teleurgestel met hulle kleurrike temas, kreatiewe kostuums en onblusbare gees nie. En elke keer as jy dink "nou het ek alles gesien", kom die volgende span en verras jou opnuut.

Met die aankoms die Donderdag is elke voertuig fyn deurgegaan om seker te maak hulle voldoen aan die reëls – ouer as 1985 en nie meer werd

as R50000 nie. Daarna het ou en nuwe vriende bymekaargekom vir die eerste groot kuier van die naweek.

Vrydag het die ding regtig begin beweeg toe sowat 160 karre kort ná mekaar wegspring vir die tydren oor die omgewing se grondpaaie. By verskeie beheerpunte moes die deelnemers stilhou om aan unieke aktiwiteite deel te neem, wat natuurlik vir heelwat lag en mededinging gesorg het. Die MynKonyne (Sats Oosthuizen, Louis de Bruin en Pieter Basson) het hier geseëvier.

Saterdag het die aksie na die groot stofpan buite die dorp verskuif. Hier het die petrolkoppe behoorlik hulle staal gewys in verskeie aktiwiteite, en toe die stof uiteindelik gaan lê, het Lodewyk van Rensburg se Brandpatrolie 3 met die louere weggestap vir dag 2.

Dit was 'n dag vol bravade en pure pret, maar uiteindelik kon daar net een algehele wenner wees en dit was Die MynKonyne wat met die spogreg en 'n hoop pryse van ons borge weggestap het. Dié span was terloops ook die eerste wat 'n tweede keer as Bull Run-kampioen gekroon is – hulle het ook in 2018 met die louere weggestap. Beslis een vir die boeke en 'n sege wat behoorlik tot laat in die nag gevier is.

Dit was weer eens 'n onvergeetlike Bull Run – vol stof, lag, gees en goeie geselskap. 'n Groot dankie aan iedereen wat die lang pad Noord-Kaap toe aangedurf het, en aan die mense van Vanwyksvlei vir hulle hartlike gasvryheid. En dan, natuurlik, aan Stanley (hoofborg), Leatherman en WeBuyCars vir hulle volgehoute ondersteuning. 🚗









WELKOM OP VANWYKSVLEI. Met die aankomslag word elke Bull Run-deelnemer se kar van voor tot agter nagegaan om seker te maak dit voldoen aan veiligheidsregulasies en val binne die reëls van die byeenkoms. Die Vrydagoggend vertrek almal vir 'n tydren op die omgewing se grondpaaie.






'N BOER MAAK 'N PAN. Saterdag is pandag by die Bull Run, en dis hier waar behoorlik stof opgeskop word. Die meer as 150 spanne is in verskillende groepe verdeel om mekaar die stryd aan te sê. Ons opregte dank aan die byeenkomsorganiseerder, Gerrie van Eeden (links bo), en sy span, die baanbeamptes wat elke jaar vrywillig kom help, die mediese personeel en die mense van Vanwyksvlei.









KONYNE BO! Die MynKonyne (regs) het vanjaar die eerste tweemalige wenners van die Bull Run geword met Sputnik, hulle 1980-model Toyota Corolla 1.8 GLS — hulle het ook in 2018 met die louere weggestap. In die proses het hulle 'n hoop pryse van die Bull Run se borge gewen. Van links is Pieter Basson, Sats Oosthuizen en Louis de Bruin.



Hoe meer pote, hoe meer vreugde

Elke hond kry sy dag by dié agt troeteldiervriendelike kampplekke.

Saamgestel deur **Leon Botha**

ONS KAROOPLAAS



Troeteldiervoorwaardes Almal is welkom – van rottweilers tot die kleinste outjies.

Hulle moet egter goeie maniere hê, want hier is hoenders op die werf.

Was ons al hier? Nee.

Kampplek 7 afgebakende staanplekke op gras en grond, met 2 wat deels afgekamp is. Elke staanplek is 300m² groot en het 'n skadunet vir koelte, 'n kragpunt en losstaande braaiplek (onthou jou eie rooster).

Ablusiegeriewe Die badkamer met geriewe vir mans (met storte) en vroue ('n bad en storte) is in die middel van die kampterrein. Hier is opwasplek en 'n wasgoeddiens.

Aankoms- en vertrektyd Geen vasgestelde tye nie.

Kontak 📧 onskarooplaats@gmail.com


📍 Ons Karoo Plaas 📞 023 004 1381

Naaste dorp Laingsburg 50 km.

Hoe lyk die pad? 16 km goeie grondpad.

GPS S33.388642 E21.129921

KRUISTEMENTVLEI



Troeteldiervoorwaardes Jou brakkie moet goed met ander lewende wesens klaarkom.

Hier is plaasdiere soos skape, hoenders en varke én ander honde en katte op die werf. Jy betaal ekstra vir jou vierbeenkinders.

Was ons al hier? Nee.

Kampplek 'n Kampterrein op 'n plaas vir tot 20 mense. Hier is geen kragpunte nie, maar jy kan wel jou foon in die kombuis laai.

Ablusiegeriewe. Gemeenskaplike geriewe met 'n koue- en warmwaterstort en komposttoilette. 'n Donkie verhit die water. Langs die braaiplek is 'n kombuis met 'n gasstoof.

Aankoms- en vertrektyd Reël met die kamp se mense wanneer jy bespreek.


Kontak 📞 065 584 2682 of 071 480 8767

📧 admin@ksvfarm.co.za 🌐 ksvfarm.co.za

Naaste dorp Piketberg 20 km.

Hoe lyk die pad? 500 m mooi grondpad.

GPS S32.801974 E18.663629



Kampplek Hier is onafgebakende staanplekke op gras met 10 kragpunte en braaiplekke. Hier is plek vir tot 80 mense en 4-5 van die staanplekke is meer privaat. Daar is wifi by die hoofgebou beskikbaar en jy kan ook jou hengelpermit hier kry.

Ablusiegeriewe Gemeenskaplike badkamers vir almal se gebruik wat opwasplek insluit. Die kombuis is volledig toegerus met 'n gasstoof, mikrogolfoond, yskas, eetgerei en breekgoed vir 100 mense.

Aankoms- en vertrektyd Jy kan enige tyd aankom, maar moet teen 14:00 in die pad val.

Kontak 📞 bookings@wildwoodycape.com
🌐 wildwoodycape.com 📞 076 929 7184

Naaste dorp Alexandria en Boknes, albei 16 km.

Hoe lyk die pad? Grondpad na albei dorpe.
Die Boknespad is in 'n goeie toestand.

GPS S33.755566 E26.388781



Troeteldiervoorwaardes Van honde en katte tot voëls – almal is welkom, maar hulle moet deurgaans onder jou beheer wees.

Was ons al hier? Ja, November 2010 (*WegSleep* #28).

Kampplek 50 genommerde staanplekke op gras – die meeste daarvan met koelte. Die braaiers staan los en jou kragpunt gebruik 'n huisprop. Hier is 'n boma vir almal se gebruik.

Ablusiegeriewe 2 badkamergeboue wat opwasplek insluit. Een is groter as die ander en albei het aparte geriewe vir mans en vroue. Die nuutste toevoeging is 'n badkamer vir rolstoelgebruikers.

Aankoms- en vertrektyd Geen vasgestelde tye nie.

Kontak ☎ 083 793 3163 of 083 797 7505

📧 elangresort@mweb.co.za

elangeni-resort.co.za

Naaste dorp Emgwenya (die ou Waterval-Boven) 20 km.

Hoe lyk die pad? 300 m netjiese grondpad.

GPS S25.594178 E30.446885

CHARACTERS GARDEN PARK



Troeteldiervoorwaardes Jou klein honde kan saamkom, maar jy moet hulle op jou staanplek hou en 'n bykomende tarief is van toepassing. In die spitsyde beperk die oordmense die aantal troeteldiere wat mag kom.

Was ons al hier? Ja, Augustus 2010 (*Weg-Sleep* #25) – destyds was dit bekend as Corian's Pennington.

Kampplek 50 staanplekke op gras met hope koelte en beskut teen die wind. Jy het 'n kragpunt en deel 'n kraan met die bure. 'n Gemeenskaplike braaiplek is beskikbaar en hier is wifi by die saal en swembad.

Ablusiegeriewe 3 badkamergeboue. By twee van hulle is wasmasjiene wat met ruilmunte werk en al drie het aparte geriewe vir skottelgoedwas.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.

Kontak charactersgardenpark.co.za

admin@charactersgardenpark.co.za

073 297 5876

Naaste dorp In Pennington.

Hoe lyk die pad? Teer tot by die hek.

GPS S30.381487 E30.699116

ROOIDAM



Troeteldiervoorwaardes Die staanplekke is nie omhein nie; dus is dit jou verantwoordelikheid om deurgaans in beheer van jou woef te wees.

Was ons al hier? Nee.

Kampplek 3 staanplekke op grond en in die skaduwee van 'n koelteboom. Afhangend van jou staanplek kry jy óf 'n losstaande óf 'n gemesselde braaiplek (met 'n rooster). Jy kan braaipakkies en hout hier koop. Die eienaar sê hulle is besig om 5 wildernisstaanplekke in te rig waar jy onder 'n koelteboom sal kan kamp.

Ablusiegeriewe Jou eie badkamer op jou staanplek met plaveisel van 3 x 3 m voor die gebou. Hier is 'n kombuisie met 'n wasbak en gasstoof en ook 'n aparte stort en toilet.

Aankoms- en vertrektyd Geen vasgestelde tye nie.

Kontak ajraath@fastmail.fm

rooidamcottages.co.za 084 491 0142

Naaste dorp Britstown 10 km.

Hoe lyk die pad? 1 km mooi grondpad.

GPS S30.674154 E23.449275

RIVERBEND



Troeteldiervooraardes Diere moet gesosialiseer en gehoorsaam wees, want hier loop perde en 'n donkie.

Was ons al hier? Ja, April 2015 (WegSleep #76).

Kampplek 11 staanplekke langs die Umtentwenirivier op gras met heelwat koelte en krag. Hier is draagbare braaiers en wifi op van die staanplekke.

Ablusiegeriewe 1 gebou met geriewe vir vroue (stort, bad, wasbak, toilet) en gedeelde geriewe (stort en toilet) met opwasplek. 'n Wasgoeddiens is beskikbaar.

Aankoms- en vertrektyd 12:00 en 11:00, maar buigsam.


Kontak 📧 info@riverbendchalets.co.za
🌐 riverbendchalets.co.za 📞 083 666 3941

Naaste dorp Port Shepstone 5 km.

Hoe lyk die pad? Teer tot by die oord met 500 m steil afdraande tot by die staanplekke. Jy moet met dieselfde pad kan uitry met jou woonwa.

GPS S30.705733 E30.474464

RENDEZVOUS



Troeteldiervooraardes Jou hondkinder kos ekstra en hulle bly vir jou hele besoek slegs jou verantwoordelikheid.

Was ons al hier? Nee.

Kampplek 29 staanplekke op gras met losstaande braaiers, 'n kragpunt en koelte. Hier is gewoonlik heelwat langstaankampeers. Die kampplek het 'n swembad en parkie vir die kinders.

Ablusiegeriewe Jou private geriewe is een van 4 vertrekke in 'n gebou en hier is 'n stort, wasbak en toilet. Elkeen van die geboue het buite 'n opwasplek. Hier is ook 'n waskamer vir wasgoed.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.

Kontak 📞 078 700 3089


📧 office@rendezvouscaravan.com

📱 Rendezvous Caravan Park

Naaste dorp Oos-Londen 36 km.

Hoe lyk die pad? 50 m goeie grondpad.

GPS S32.841327 E28.114075



NISSAN NAVARA WARRIOR

Bak-leier

Die Warrior-pakket vir die Nissan Navara is vier jaar gelede in Australië onthul, maar eers in Maart 2025 na Suid-Afrika gebring. Is dit bloot 'n kosmetiese verandering of maak dit die standaard-Navara inderdaad beter?

Wat het ons hier?

Die Warrior-pakket is 'n skepping van die Australiese voertuigombouer Premcar, wat sedert 1996 in daardie land sake doen. Nissan het Premcar in 2019 genader om 'n spesiale weergawe van die Navara te bou, en die resultaat is min of meer wat jy op hierdie blaaie sien.

Ons sê "min of meer", want die Warrior wat op eie bodem verkoop word, is effens anders as wat die een waarmee die Aussies ry. Die Warrior Doer Onder is gegrond op die Navara wat in Thailand gebou word, die een met 'n 2,3 l-dubbelturbo-petrolenjien, teenoor Suid-Afrika se Navara wat in Rosslyn, Gauteng, gebou word met die ouer 2,5 l-turbo-diesel. Ander verskille tussen ons Warrior en die Aussies s'n sien 'n mens aan die voorkant: Die Australiër kry 'n staalbuffer wat wenas-versoenbaar is asook 'n bul van 'n skaafplaat onder die enjin, terwyl ons weergawe die standaard-plastiekbuffer kry.

Aan weerskante van die Indiese Oseaan kry alle Navara Warriors 17 duim-wielvelings met Maxxis RAZR-veelterreinbande. >

Nissan het sy Navara laat ombou met vetter tekkies en opgegradeerde vering sodat hy beter met 4x4-hindernisse kan baklei.

Teks en foto's **Cyril Kloppe**



Ook opgegradeerde kronkelvere wat die grondvryhoogte met 40 mm lig, wielboog-beskerming en 'n sportstaaf op die laaibak is standaard.

Premcar bied tans twee weergawes in Australië aan. Die topmodel is gegrond op die Navara Pro-4X, maar kry ekstra veldryvermoë in die vorm van wiel-, band- en veringverbeterings asook bykomende onderkantbeskerming, 'n sterker sleepstang en 'n 100 kg-GVM-opgradering.

Daar is ook die laer-spesifikasie-Navara SL Warrior, wat minder standaardtoerusting kry en nie heeltemal soveel onderkantbeskerming nie. Premcar Suid-Afrika vervaardig slegs een weergawe van die Warrior – die een wat jy hier sien – maar jy kry darem 'n keuse tussen grys, swart of wit bakverf.

Binnelangs

Die binneruim is amper identies aan die standaard-Navara Pro-4X. Die enigste verskil is die voorsitplekkopstuttes waarop die Warrior-kentekens geborduur is.

Die Warrior kry dieselfde 8 duim-raakskerm

in die middelkonsole wat koppel met jou slimfoon, dieselfde volgasstand- en kruis-spoedbeheer en dieselfde sitplekverstellings en aantal veiligheidselsels as die standaard-Navara Pro-4X.

Hoe ry hy?

Ons het die Nissan Navara Pro-4X Warrior in Johannesburg gaan haal en in KwaZulu-Natal gaan rondry. Soos almal weet, is sommige teerpaaië in Mpumalanga vrot van die slaggate en ons was dankbaar vir die groterige 275/65R17-bande wat die houe kon vat.

Die ritgehalte met die stywer kronkelvere en gekalibreerde skokbrekers op die agterste vyfskakelvering is ook aansienlik beter as met die standaardbladvere, maar dit kom ten koste van vragvermoë. Die standaard-Navara Pro-4X kan 1 003 kg dra terwyl die Warrior 892 kg kan vat – 'n verskil van 111 kg. Dus een Francois Steyn minder.

Wat hantering betref, kon ons nie veel verskil voel tussen die Warrior en die standaard-Pro-4X nie, ondanks die Warrior se hoër bakwerk. Dit is waarskynlik danksy die

wielspoor wat 30 mm breër is as normaal. Wanneer dit by versnelling kom, is daar wel 'n merkbare verskil tussen die Warrior en die standaard-Navara Pro-4X. Nissan en Premcar spog albei oor die groter bande en opgegradeerde vering, maar hulle bly tjoepestil oor die ratkas. Dis waarskynlik omdat jy duidelik voel hoe die ratkas sukkel om die groter wiele aan die rol te kry. Versnelling is geensins swak nie, maar die Warrior is beslis minder rats as 'n standaard-Pro-4X.

As jy egter op spoed is, voel alles dieselfde, en soos ons reeds genoem het, is jy tog te dankbaar vir die groter bande op slegte paaië. Ons moet ook byvoeg dat die bande relatief stil is op snelweë en die stemme op ons gunsteling-podcast is nooit deur 'n gedruis oordonder nie.

Die mededingers

Die Nissan Navara Pro-4X Warrior ding mee met Ford se Ranger Raptor, Isuzu se Arctic Trucks en die Toyota Hilux GR-S III.

Die Raptor is net twee jaar jonger as die Navara, maar hy voel aansienlik moderner.



“

Die Warrior het die tonge behoorlik los gehad by vulstasies en motoriste het ons skaamteloos aangejaag.

”



SPESIFIKASIES

Model	Navara Pro-4X Warrior
Enjin	2 488 cc-viersinder-turbodiesel
Krag	140 kW @ 3 600 r.p.m.
Wringkrag	450 Nm @ 2 000 r.p.m.
Ratkas	7 speed-automaties
Aandrywing	Deeltydse viertrek
Grondvryhoogte	232 mm
Nader- en vertrekhoek	35° en 27°
Tenk	80 l
Brandstofverbruik	10,1 l/100 km (getoets)
Bandgrootte	275/65R17
Gewig	2 223 kg
Vraggewig	892 kg
Afmetings	5 260 (l) x 1 920 (w) x 1 875 mm (h)
Sleepvermoë	3 500 kg (gerem)
Veiligheidsgradering	★★★★★ (ANCAP)
Waarborg	6 jaar/150 000 km
Diensplan	6 jaar/90 000 km
PRYS	R924 000



ROL. Versnelling en brandstofverbruik word geraak deur die groter bande, en volgens ons GPS-toestel is die spoedleser ook effens uit. Dit kan om die beurt beteken dat die afstandleser minder kilometer op die klok registreer as wat jy werklik gery het.

Die Raptor het ook 'n 3.0-V6-dubbelturbo-enjin wat die Navara Pro-4X vir brekfis opvreet. Die Raptor se vraggewig is egter 'n beteuterde 667 kg en hy kos R350 000 méér as die Warrior.

As dit vir jou oor groot bande gaan, kan jy maar ophou soek by die Isuzu Arctic Trucks D-Max AT35 se enorme 35 duim-316/70R17-veelterreinbande. Isuzu het nie bloot die bande verander nie, maar net soos Premcar die vering en onderstelbeskerming opgeknep. Teen R1 182 100 is die AT35 ongelukkig 'n kwartmiljoen rand duurder as die Warrior.

Laastens vergelyk ons die Toyota Hilux 2.8 GR-S III. Die GR-S III kos teen R999 000 net R75 000 meer as die Warrior en sy grondvryhoogte is 300 mm – 15 mm hoër as die gewone 4x4-Hilux en 68 mm meer as die Warrior. Sy vraggewig is ongelukkig net 790 kg teenoor die Warrior se 892 kg, en sy 265/65R17-bande is ook kleiner.

Slotsom

Een van die maatstawwe wat ons gebruik om 'n ryding te oordeel is die reaksie van petroljoggies en ander padgebruikers. Die Nissan Navara Pro-4X Warrior het die tonge behoorlik los gehad by vulstasies en motoriste het ons skaamteloos aangegaap.

Die reaksie sou waarskynlik dieselfde gewees het as ons met 'n Ranger Raptor, Arctic Trucks of Hilux GR-S III gery het, maar ons het lanklaas soveel aandag geniet in 'n Navara.

Op die vraag of jy hom moet koop, kan ons bloot die bakgat prys uitwys. Jy kry sommer baie bakkie vir onder 'n miljoen bokke. Die laer versnelling wat ons bespreek, pla nie werklik nie en die voordele van 'n groter bandomtrek vergoed daarvoor.

Kortom: Ons kon niks vind om oor te kla nie en dit gaan afhang of jy 'n Nissan-aanhanger is of eerder 'n ander handelsnaam verkies.



VAN DIE MEDEDINGERS Bakkies op groot tekkies



R1 270 000

Ford Ranger Raptor

'n Raptor is 'n ding wat spring, wat spring...
Nee, regtig. Dié bakkie kán spring!



R1 182 100

Isuzu Arctic Trucks D-Max AT35

Op pad na die Suidpool? Isuzu het net die regte bakkie vir jou.



R999 000

Toyota Hilux GR-S III

As hy goed genoeg is vir Giniel de Villiers, dan is hy ook goed genoeg vir jou.

Eenvoudig goed genoeg

FORD RANGER XL (4x4, HANDRAT)



Hoe vaar die goedkoopste 4x4-dubbelkajuitbakkie in Ford se Ranger-reeks wanneer jy hom voor 'n woonwa inspan?

Teks en foto's **Leon Botha**

Teen R700 000 is die XL die goedkoopste 4x4-model in die Ford Ranger-reeks. Ons klim in dié beskeie kalant, die enigste 4x4-lid van die familie met 'n handrat en enkelturbo, en kyk hoe vaar hy met 'n wa op die haak.

Met 405 Nm wringkrag het dié intree-model genoeg sleepspiere, en dan trek sy tarragewig boonop die skaal op 2 220 kg, wat op papier beteken jy mag van die swaarste waens in die land haak.

Ons besluit om so te maak en haak Infanta

se nuutste, 'n Enkulu 4, met 'n brutovoertuig-massa van 2 100 kg.

Sleep is in die gene

Al die Ranger-dubbelkajuitmodelle het 'n sleepvermoë van 3 500 kg en die sleep-haak is standaard, hoewel die XL se stangbol uitgesluit is.

Die stang word deur Brink vervaardig en het 'n vragtoetsindeks – of D-waarde – van 17,2 kN (wat gelykstaande is aan 1 754 kg). Sy vertikale vraggewig mag nie 225 kg oorskry

nie, maar dis akademies van aard, want die wet beperk dié gewig tot 100 kg.

Wanneer jy in die XL klim, herinner die skerm agter die stuur jou om die koppelaar in te trap voor jy kan aanskakel. By jou linkersy is 'n goeie outydse meganiese handrem, maar voor dit 'n rekenaarskerm wat jou toegang gee tot omtrent 'n sleepakademie.

Dis ook waar jy die beeld van die truckamera sien. 'n Mens sou 'n basiese weer-gawe verwag omdat jy in 'n intree-model sit, maar dis allermens die geval. Jy sien die stang



'N VOORBEELD. Trukameras is vandag algemeen in al wat voertuig is, maar Ford gee die toon aan as jy na al die woon-wasleepsagteware agter die skerm kyk en wat hy in sy intree-modelle bied.

duidelik aan die onderkant van die beeld met sy dinamiese indekslyne. Wanneer jy die stuurwiel draai, krom die lyne soos 'n baan op die skerm waarheen jy terugstoot.

Tweedens is daar 'n korrellyn van die bol af wat ook dinamies is. Jy kan dus die stuur draai tot die stippellyn se trajek op die koppelstuk eindig. S6 kan jy met een beweging, en sonder enige ander hulp, tot teen die wa terugstoot, selfs al staan jy nie haaks met die wa nie.

Derdens het die trukamera 'n boskoot-funksie wat jou 'n paar oë agter gee, asof jy by die koppelstuk staan. Jy stoot dus terug tot teen die koppelstuk en gebruik die boskoot om die bol mooi onder die kop van die koppelstuk in te stoot. Dis 'n funksie wat op enige trukamera hoort en die beste manier om seker te maak jy stoot nie skeef terug totdat die koppelstuk 'n duik maak in jou voertuig se buffer nie.

Funksies soos die klank, afstandmeter en brandstofverbruik kan op die rekenaarskerm agter die stuur nagegaan word. Hier is ook 'n Towing-opsie; as jy hierop klik sonder dat die wa se prop in die Ranger se harnas geprop is, s6 die blikbrein hy bespeur geen wa nie, maar as die wa wel ingeprop is, kan jy kies tussen twee opsies: Trailer Light Status en Towing Status. Dit stem ooreen met van die funksies op die hoofskerm.

Op die rekenaar se tuisskerm voor die rathefboom is ook 'n prentjie van 'n sleepwa met die woord "Towing" daarby. As jy op di6 ikoon klik, volg drie opsies: Profiles, Checklist en Trailer Sway Control in die laaste plek (wat jy kan deaktiveer).

As dit die eerste keer is dat jy 'n spesifieke woonwa haak, het jy 'n keuse om dit onder Profiles by die rekenaar in te voer. Jy kan selfs die wa se naam intik en dit as jou standaardwa op die rekenaar aktiveer. Ons het twee jaar gelede al hiermee te doene gekry toe ons die Ford Everest Platinum getoets het en dit leef voort in die XL. Die rekenaar neem jou stapsgewys deur al die belangrike aspekte van jou sleepkombinasie voor jy in die pad val, byvoorbeeld om die ligte prop na te gaan, waarna die neuswiel en die bakkie se sypie6ls aan die beurt kom. Met die wa gehaak, kan jy nou met die opsies agter die stuur die ligte nagaan. Dit sluit in die hoofligte 6n die flikker- en remligte.

Aan die sleep

Die wegtrekbeheer (of Hill Launch Assist) werk uitstekend met 'n wa wanneer jy teen 'n opdraande stilhou en weer jy uit die blokke moet kom. Dis amper asof die remme self die funksie van die handrem oorneem – dit >




werk seepglad saam met die handrat. Terwyl jy jou voet van die rempedaal tot by die koppelaar skuif, staan die Ranger bankvas en gee bes sodra jy vetgee. Dis 'n funksie wat net oomblikke aktief is en die kombinasie sal terugrol as jy dit kans gee.

Die tweeliterenjin trek sonder sukkel weg met 'n swaar gewig op die stang en hou maklik by 'n pendelspoed van 100 km/h op die snelweg en in vyfde rat. Hy staan nie terug vir matige bulte nie en die toere loop teen 2000-3000 r.p.m. In sesde rat daal die toere tot onder 2000 r.p.m. en dit voel of die enjin dan effens fut verloor. Volgens Ford se syfers lewer die enjin sy volle wringkrag tussen 1750 r.p.m. en 2500 r.p.m., maar vir 'n egalige kruisspoed en 'n swaar wa op die haak is vyfde nommerpas.

Van Kaapstad tot in Mosselbaai – net onder 500 km – het ons met die bakkie op sy eie 'n heel skaflike 6,9 l/100 km gekry, wat jou 'n reikafstand van 1160 km gee. Ford gee die gekombineerde syfer aan as 7,1 l/100 km.

Sake lyk dramaties anders wanneer jy haak – dan sluk die XL dubbel soveel brandstof: 13,2 l/100 km. 'n Mens moet darem hier noem dat die Enkulu 4 een van die swaarste waens op die pad is. Met 'n reikafstand van net meer as 600 km hoef 'n mens darem dan nie op elke dorp te stop om vol te maak nie. 🚗


Ry en Sleep sê Die stang-arm en bykomstighede kos 'n ekstra R3 105.



Totale afstand 713,7 km Sonder wa 483 km Met wa 230,7 km Pad Snelweë, agterpaaie, beboude gebiede en grondpaaie

SLEEPPROFIEL

Hoogte bo sepieël





SPESIFIKASIES


Model	XL 2.0 SiT 4x4
Enjin	4 silinder-turbodiesel
Krag	125 kW @ 3 500 r.p.m.
Wringkrag	405 Nm @ 1 750-2 500 r.p.m.
Ratkas	6 speed-handrat
Aandrywing	Agterwiele of 4x4 met ewenaarslot agter
Tenk	80 l
Brandstofverbruik sonder wa	6,9 l/100 km (14,5 km/l)
Brandstofverbruik met woonwa	13,2 l/100 km (7,6 km/l)
Gekombineerde verbruik	11,05 l/100 km (9 km/l)
Reikafstand met woonwa	608 km
Tarragewig	2 220 kg
BVM	3 190 kg
BKM	6 150 kg
Sleepvermoë	3 500 kg
Sleepstang se vragtoets-indeks	1 754 kg (D-waarde 17,2 kN)
Sleepstang se maksimum vertikale gewig	225 kg
Is die stang verwyderbaar?	Nee, net die stangarm en bol.
PRYS	R703 000



Die sleepding

Fabriek Infanta
Model Enkulu 4
Jaarmodel 2025
BVM 2 100 kg

Ry en Sleep het die Enkulu 4 by die vervaardiger geleen. ☎ 028 512 3663
 ✉ info@infanta4x4.co.za
 🌐 infanta4x4.co.za



Van die mededingers
 Dubbelkajuit, 4x4, diesel, handrat



R670 800

Isuzu 1.9 DDI L

350 Nm

Het 'n sleepvermoë van 2 100 kg en 'n 6 speed-ratkas.



R678 000

Nissan Navara 2.5 DDTi SE Plus

403 Nm

Het 'n sleepvermoë van 3 500 kg en 'n 6 speed-ratkas.



R684 800

Toyota Hilux GD-6 Raider

400 Nm

Het 'n sleepvermoë van 3 500 kg en 'n 6 speed-ratkas.

Swier in die bos

Mobi Lodge gee 'n dubbele tree vorentoe met sy nuwe vlagskip, die Quattro. Hy het twee keer meer slaapplek as die standaard-Mobi én 'n luukse binneruim soos min.

Teks en foto's **Leon Botha**

Mobi Lodge bou voort op sy Continental-model se sukses met die Quattro, wat spog met 'n dubbelas, 'n allemintige koningsgrootte bed wat uit die romp gly,

'n ekstra dubbelbed (wat in 'n sitkamer opslaan) en 'n groter en modieuse badkamer met 'n storthokkie.

Die wa het 'n dubbelraam-onderstel en sy romp is van 'n homogene veselglas met

'n 25 mm-heuningkoeklaag tussen die wande.

Jy het 'n belie van 'n sleepvoertuig nodig om die Quattro te sleep, want sy brutovoertuig-massa trek die skaal op 2 250 kg. (Hierdie gewig stem ooreen met

ander dubbelas-boswoonwaens soos die Conqueror UEV-25 (2 200 kg), BorderX Expedition (2 000-2 200 kg) en Nayela se Sahara (2 230 kg).

Ons klim in die nuwe wa en neem hom onder vier oë.

MOBI LODGE QUATTRO



Badkamer toe!

Mobi Lodge se waens is veral om twee redes suksesvol: Hulle is taai genoeg vir die onbeskofste paaie, en wanneer jy afsaal op jou kampplek, verander die wa omtrent in 'n hotelsuite.

Die Mobi's is veelsydige boswoonwaens wat effens afwyk van die norm. Gewoonlik het


dié soort wa 'n kis-ys-vrieskas wat iewers in die linkerpaneel op 'n glyraam uittrek, maar in die Quattro word jy bederf met 'n enorme 220V-staan-ys-vrieskas (240 l) in die deur. Jy het dus meer as twee keer soveel yskasruimte as normaalweg én die yskas is ewe maklik van binne en buite af bereikbaar.

Ook die deur is hoër (184 cm) én breër (62 cm) as in 'n gewone boswa. Jy klim dus regop in, wat in die meeste waens nie moontlik is nie.

Binne die wa is die kragpaneel nou regs van jou op kophoogte met al sy skakelaars, stroombrekers, batterymonitor en watervlakmeter. Regoor dit,

bo die yskas, is 'n plat kas met twee deure vir wynbottels en vier wynglase.

Die badkamer is links. In die wa wat ons getoets het, is daar nie 'n deur tussen die badkamer en die res van die Quattro nie, maar die produksiemodelle het wel een. Die badkamer se vloer is 9 cm laer as die van die res



van die binnaruim. Die handwasbak met 'n swaakraan langsaan staan op die kassie links met 'n regop spieël voor dit. Die storthokkie is regs en die kassettoilet net verby die stort. Die hoogte tussen die trogbodem en die dak is 199 cm, wat beteken net as jy 6½ voet of langer is, sal jy nie regop in die stort kan staan nie. Die stortkop se hoogte kan verstel word en jy kan dit los gebruik.

Slapenstyd


Van hier af stap jy met 'n kort gang (77 cm breed) na die kamer aan die agterkant. Die plafon is 190 cm bo die vloer en het 'n wit glansafwerking. In die dak is twee tweerigtingwaaiers, elk met twee dakligte.

Net verby die deur is 'n vloer-kas met 'n volume van 115 l waarin die 210 Ah-litium-battery, laaier en 1 500 W-omskakelaar staan.

Die bed is nou links en skuif deels uit die regterpaneel. Die bedkapsule trek soos 'n laai uit die paneel (in toekomstige modelle gebeur dit elektries). Dié "laai" is 248 cm breed, 111 cm diep met 'n vloer-tot-dak-hoogte van 166 cm en trek 93 cm uit die romp. Die ruimte binne word dus in 'n kits vergroot. Vir dié soort uitglybed is die slaapplek ruim, én daar is 'n goeie 37 cm aan weerskante oop, wat beteken jy kan sonder moeite om die bed beweeg. Die matras is 184 x 170 cm, wat 'n raps smaller en 'n sentimeter of drie korter as koningsgrootte is.

Die binnekante van die kapsule is met dieselfde mat uitgevoer as in Mobi Lodge se Continental-waens en aan elke kant van die bed is daar 'n bedkassie met USB-sokke.

By die koppenent is daar 'n ekstragroot skuifvenster (163 x 81 cm) en aan elke kant van die bed een van 73 x 73 cm). Die vensters is met gaas toegerus, en as jy privaatheid nodig het, kan jy 'n seilflap afrol.





Die hangkas links by die bed is 129 cm hoog en 45 cm breed, en onder die kas is 'n dubbele kragpunt.

By die voetenent, teen die buitekombuis se agterkant, is 'n muur vol kaste. Die onderste deel het 'n plat oop rak so breed soos die matras wat vir iets soos skoene gebruik word. (Die matras se punt pas in dié ruimte wanneer die bedlaai teruggestoot word.)

Bo dié rak is 'n klein werkblad (38 x 93 cm) links met 'n kragpunt, en die kaste bo en regs hiervan met oorgenoeg pakplek vir jou kruideniersware.

Die Quattro het 'n kuierhoek by die agterste muur wat in 'n dubbelbed kan opslaan. Dis in die vorm van U-banke wat rondom 'n verwyderbare blad (103 x 60 cm) op twee pote staan. Wanneer jy dit in 'n bed omskep, is die afmetings 189 x 117 cm, wat tussen 'n driekwart- en 'n dubbelbed is.





Ry & Sleep sê Die Quattro se trukamera werk uitstekend – niemand bekuip jou van agter sonder dat jy dit weet nie.

Uit by die deur

Die buitekombuis se werkblad is 187 x 52 cm breed, en jy kry toegang sodra jy die kasdeur bo die wiele oopmaak. Die bokant van die blad is 110 cm bo die grond en die tweeplaatgasstoof is in die middel vasgesit. Dis taamlik ongewoon, want gewoonlik is dit op een van die kante. Dit is wel prakties, want jy kan aan albei kante van die stoof staan en werk.

Die kas agter die blad het rakke van verskillende groottes en daar's plek vir potte en panne, 'n ketel en koshouers regdeur tot hangplek vir jou eetgerei en pasvorms vir jou bekere en glase. Hier is natuurlik ook 'n kragpunt ingeval jy 'n broodrooster, elektriese ketel of induksieplaat op die blad wil gebruik.

Die wasbak en droograk trek op 'n glyraam uit die kas regs van die kombuis.

Die stoepdak is 500 x 230 cm en die houer daarvoor is effens in die dak versink. Dit maak elektries oop.





Wat is standaard?

Die Quattro is volledig toegerus met 32 standaarditems – dit sluit in die badkamer, bed (wat elektries uitskuif), die kuierhoek wat in 'n bed kan verander, 'n binnekombuis, induksieplaat, 240 l-staan-ys-vrieskas, twee dakwaaiers, 'n 220V-12 000 BTU-lugreëlaar, 'n gasstoof en 20 l-mikrogolfoond (deel van die buitekombuis), 220V-gasgeiser, 210 Ah-litiumbattery met 'n 15 A-Victron-laaistelsel, binne- en buiteligte, USB- en 220V-sokke, elektriese afdak (5 m) en trukamera plus dan vier kampstoele, 'n vlek-vrystaalbraaier, graaf, twee jerrykanne en die noodwiel.



SPESIFIKASIES

Vervaardiger	Mobi Lodge Manufacturing
Model	Quattro
Slaapplek	4
Grootte	7,3 x 2,1 x 2,56 m
Tarra	1 920 kg
Dravermoë	330 kg
BVM	2 250 kg
As	2 x 2,5 t
Wielgrootte	16 duim
Onderstel	Gegalvaniseer
Romp	Heuningkoekveselglas
Prys	R1 058 000

Handelaarsnetwerk Hoofkantoor in Middelburg (Mpumalanga) met 4 takke (Mpumalanga, Gauteng en Wes-Kaap) en 'n dienssentrum in die Noord-Kaap.

Kontak ☎ 013 246 1080 📧 marius@mobilodge.com 🌐 mobilodge.com



R1 058 000 **MOBI LODGE QUATTRO** BVM 2 250 kg

VAN DIE MEDEDINGERS*

Dubbelaswaens in dieselfde prysklas waarmee jy die bos kan invaar



R890 000 **ELXV NG'OMBE S.2** BVM 2 600 kg

Is 7 m lank, het 17 duim-wiele en die romp bestaan uit XPS-skuim met veselglasbuitelae.



R917 447 **CONQUEROR UEV-25** BVM 2 200 kg

Is 7,29 m lank, het 16 duim-wiele en 'n romp van aluminium en sintetiese samestelling.



R1 084 110 **OVERLANDER 590 CUSTOM** BVM 3 000 kg

Is 7,3 m lank, het 16 duim-wiele en die romp is van glasversterkte plastiek.

** Soos gelys in die Koopgids 2025. Die prys is 'n aanduiding van 'n standaardwa – hoe elke model toegerus word, verskil van vervaardiger tot vervaardiger.*

Ry & Sleep het die Mobi Lodge Quattro, 'n prototipe, by die vervaardiger geleen.

Katelsake

Is 'n dubbelbed in verskillende woonwaens noodwendig so groot soos die dubbelbed in jou huis?

Teks **Leon Botha**



Afrispoor Wild Cat 4 sleeper



Berg CX3



Bundu X



Bush Lapa Ratel 2i

Die algemeenste bed in woonwaens is dubbelbedgrootte, en in sommige gevalle word dit vervang met twee enkelbeddens. Die vraag is of 'n dubbelbed in die een wa net so groot is as in 'n ander vervaardiger s'n. Teoreties is die antwoord ja, maar vervaardigers werk nie uit een handleiding nie en pas eerder bedgroottes aan by spesifieke modelle.

Ons vergelyk 'n paar woonwabeddens met mekaar.

Min of meer dieselfde

Waar kom bedgroottes vandaan? Dit blyk die Amerikaners was die eerstes wat die groottes van beddens gestandaardiseer het, hoewel 'n dubbelbed in Amerika nie noodwendig dieselfde grootte is as een in Europa óf hier in Suid-Afrika nie.

In sentimeter (die Amerikaners gebruik die imperiale stelsel en meet dus in duim) is 'n dubbelbed in Amerika 190,5 x 137 cm, terwyl die Europeërs s'n 190 x 135 cm groot is. Hier by



Cascade Bordeaux XL



Destination Destiny



ELXV Ghari 3.2



Gecko Xtreme



Obiqua Drifter 2



Nagela Mahem



Mobi Lodge Quattro



Tuff Cats Mbada 4 Sleeper

ons is die afmetings 188 x 137 cm. (Die ander bedgroottes is 188 x 91 cm vir 'n enkelbed, 188 x 107 cm vir 'n driekwartbed, 188 x 152 cm vir koninginsgrootte en 188 x 183 cm vir koningsgrootte.)

Vrygewigheid op wiele

Ons het 82 woonwamodelle van 23 vervaardigers met mekaar vergelyk, en dis duidelik die kans is goed dat die dubbelbed in jou woonwa groter is as die een by die huis.

Altesame 51 van die 82 modelle het 'n dubbelbed, en die gemiddelde breedte is 139 cm (teenoor die standaard van 137 cm). Met 'n koningin- en koningsgrootte bed wen jy selfs meer, want in woonwaens is hulle gemiddeld 4 cm breër as die standaard van onderskeidelik 152 cm en 183 cm.

Wat driekwart- en enkelbeddens betref, sny wervaardigers egter. Enkelbeddens in woonwaens is gemiddeld 17% smaller as die een by die huis (74 cm teenoor 91 cm), met die smalste een 68 cm en die breedste 86 cm. Net een van die 82 waens het 'n driekwartbed, wat 7 cm smaller is as die standaard 100 cm.

Vervaardigers is wel oorwegend vrygewig met die lengte. Die gemiddelde woonwabad is 197 cm lank, byna 10 cm

langer as die gewone bed se 188 cm, met die langste een 230 cm. Altesame 20% van die waens se beddens is wel korter as die standaard (die kortste een is 170 cm).

Net twee van die vervaardigers se beddens is presies dieselfde grootte as die standaard, en toevallig is albei dubbelbeddens. Die grootste bed in 'n woonwa is 200 x 200 cm, presies dieselfde as 'n standaard-superkoningsgrootte bed.

Langer slaapplek

Volgens die kenners moet 'n bed 10-20 cm langer wees as die mens

wat daarop slaap. Volgens die webblad worlddata.info is mans in Suid-Afrika gemiddeld 169 cm lank en vroue 158 cm. Dit maak dus sin dat ons gewone huisbeddens 188 cm lank is (19 cm langer as die gemiddelde man).

Dit is duidelik dat niemand kan kla oor die dubbelbed in 'n woonwa nie.

Bronne bedking.co.za betsymattress.com
themattresswarehouse.co.za dialabed.co.za
sloom.co.za

DIE JAAR IN SYFERS

Het jy geweet 40% van alle nuwe woonwaens is vanjaar in Gauteng verkoop? Dat BYD die meeste werknemers – 968 900 – het, en dat *Ry & Sleep* se sirkulasie met 10% gegroei het vergeleke met dieselfde tyd verlede jaar?

Teks **Cyril Klopper** Infografika **Owen Willoughby**

40%

Soveel van 'n tipiese Continental-motorband word van herwonne materiale vervaardig

Continental 

5 500 mm

Die langste bakkie in Suid-Afrika is die **LDV Terron 9**

1847 ℓ

Volume van die **Ford Ranger**-enkelkajuit **se laaibak**, die ruimste onder plaaslike bakkies



279 mm

Die **Toyota Hilux** het die hoogste grondvryhoogte onder standaard-bakkies in Suid-Afrika

R679 978 708 800

Toyota se wêreldwye opbrengs vir die laaste boekjaar – dit is R680 miljard



Só lank neem dit die **Aston Martin DBX707**, die haastigste sportnuts op eie bodem, om van wegtrek af 100 km/h te haal

R1 399 900

Soveel kos die **Jeep Gladiator**, Suid-Afrika se duurste standaardbakkie



Die prys van die **Nissan Magnite**, die goedkoopste plaaslike sportnuts

3 380 kg

Die gewig van Suid-Afrika se swaarste sportnuts, die **Land Rover Defender 130**



4,1 miljoen


Die getal voertuie wat die Chinese vervaardiger **BYD** wêreldwyd verkoop het (volgens *Forbes*)

30 000


Soveel onderdele het 'n tipiese moderne motor gemiddeld

4 maande


Die tyd wat dit jou sal neem om per motor maan toe te ry – dit is as jy teen 'n gemiddelde spoed van 120 km/h ry




■ Diesel
■ Petrol
■ Elektries en hibried



■ Motorfiets
■ Minibusses
■ Bakkies and paneelwaens
■ Motors, sportnuse en stasiewaens



■ Handrat
■ Outomaties



■ Ligte sleepwaens en boswaens
■ Woonwaens en boswoonwaens



* Voertuigvervaardigers wat geen dogter-motormaatskappye het nie (soos Nissan en Ford) of wat nie amptelik in Suid-Afrika teenwoordig is nie (soos General Motors en Nio), of wat geen bakkies en sportnuse plaaslik verkoop nie (soos FAW), is uitgesluit.

Liewe Kersvader...

Ons het die redaksie van *Ry & Sleep* gevra wat hulle graag vir Kersfees wil hê. Elkeen kry twee wense: een geskenk wat 'n ma met 'n gewone pensioen kan bekostig, en een wat Elon Musk onder die boom sal kan sit.

Saamgestel deur **Cyril Klopper**

Schalk se wenslys



STANLEY ARTISAN-FLES
lets te drinke?

Ek het nog altyd vir myself gesê eendag as ek groot is, wil ek 'n Stanley-fles hê soos wat my oupa-hulle gehad het. Ek reken ek is nou groot genoeg vir dié outjie van Stanley. Hy vat 1,4ℓ, en danksy die vervaardiger se jongste tegnologie kan hy vir tot 43 uur jou koffie warm of jou koeldrank koud hou. Dié een is boonop in dieselfde kleurskakering as Oupa-hulle s'n.

Prys R2 570 by Awesome Tools.

TENTCO DIRECTORS DELUXE-KAMPSTOEL
Sit-sit só

My kampstoel het ná jare die gees gegee en ek hou styf duim vas dat hierdie outjie onder die Kersboom op my wag. Dit is so na aan die volmaakte kampstoel as wat jy kry: Hy het 'n sterk staalraam wat met poeierverf afgewerk is, kan 'n gewig van tot 180 kg dra, en die nylonmateriaal gaan vir jare hou. Dis egter die tafeltjie wat so reg in my kraal val. Ek sê altyd twee van die belangrikste bestanddele vir 'n heerlike kamp is dat jy lekker moet kan sit en jou goed êrens moet kan neersit. Met dié meneer slaan jy albei daardie vlieë met een klap.

Prys R950 by Tentco.





Leon se wenslys

MOTOQUIP- HERBRUIKBARE KABELSTROPPE

Beskeie maar goud werd

Kabelstroppe is die uitvindsel van die vorige eeu en 'n moderne antwoord op 'n tang en bloudraad. Met dié outjies in jou gereedskapkas kan jy jouself uit die moeilikste penarie langs die pad kry, maar hulle het ook 'n klomp ander gebruike in die huis én die kamplek. Beter waarde vir R50 gaan jy moeilik kry, en as jy nog geld wil bestee, oorweeg verskillende groottes.

Prys R50 by Camp & Climb.



ZEISS-SFL-10x40-VERKYKER

Kom nader!

Elke gesin het 'n verkyker – een wat waarskynlik niks meer as R1 000 kos nie. Maar vir die beste gehalte gaan jou sak ook geraak word. Hier gaan dit alles oor die Duitse handelsnaam Zeiss, wat al byna 200 jaar puik lense vervaardig. 'n Verkyker met 80% helderheid is goed, maar teen 90% (soos dié een) is die beeld so helder as kan kom.

Prys R34 000 by Outdoor Warehouse.

>





TENTCO SE PIENK AMMOKIS
Staan uit

Hy is dieselfde as Tento se swart ammokis, net pienk. Hierdie kis het glo soos soetkoek verkoop op vanjaar se Woonwaskou in Gauteng en ek soek ook een. Die plastiek is duursaam en daar is selfs gleuwe sodat jy hom op 'n dakrak kan vasmaak of 'n strop kan deurryg sodat jy hom makliker kan dra. Die kleur pas ook mooi by 'n Bloubul-trui.

Prys R300 by Tentco.



MOTORHOME-WORLD DISCOVERER XTREME
Nag, ou grote

As ek en Elon Musk maats was, sou ek hom vra vir hierdie ryding. Ek sal graag my aftreedae in hom wil deurbring, en omdat hy 'n skamele R1,3 miljoen kos (sonder die onderstel) is dit vir ou Elon kleingeld. Dié ryhuis is ook geskik vir die apokalips wanneer jy zombies uit die pad moet stamp, én jy mag hom met 'n kode C-rybewys bestuur.

Prys R1,3 miljoen by Motorhome-World.





TOYOTA LAND CRUISER 300

Geepad voor!

Ons gaan Elon bankrot maak met ons wenslys, maar my Suzuki Jimny raak oud en ek soek 'n nuwe ryding. Ek was dadelik smoorverlief toe ek die LC300 by sy bekendstelling in 2021 kon toetsbestuur. Hy kan my Mobi Lodge of hengelboot (ek het nie een van die twee nie) met gemak sleep én 4x4 ry, want ek's nog lank nie klaar getoer nie.

Prys Vanaf R1,5 miljoen by Toyota.


Cyril se wenslys

GELERT TRYFAN-STAPSTOK

Kierie vir my knie

Nadat ek oor die jare al etlike kere in droë rivierlope, op duine en in moddergate geval het met my avontuurmotorfiets, kan my knieë deesdae voorspel as daar reën op pad is. 'n Stapstok sal dus welkom wees vir Kersfees, want buiten 4x4 hou ek ook van stap. Hierdie stok is 65 cm lank wanneer jy hom bêre, en tot 135 cm wanneer jy hom gebruik.

Prys R240 by Outdoor Warehouse. 🌐



KRY DIE PRODUKTE HIER

- 🌐 tentco.co.za 🌐 awesometools.co.za
- 🌐 campandclimb.co.za 🌐 motorhome-world.com
- 🌐 outdoorwarehouse.co.za 🌐 toyota.co.za

Besoek altyd eers 'n verskaffer se webblad om die jongste en korrekte pryse te kry.

KAMPKOS

Padstal- proviant

Droëvrugte en neute
is pure padkos wat jou
dadelik aan die langpad
en samesyn laat dink. Kom
ons kook 'n Kersmaal met
dié staatmakers.

Resepte en stilering **Johané Neilson**

Foto's **Ed O'Riley**



'SPEKVET' SPRINGBOKFILET 'n Bok vir braai!

As jy 'n jagter in die familie het, het jy waarskynlik springbokfilette in die vrieskas, en dan gaan dié feestelike plankiebraai-voorgereg 'n gunsteling word! As springbok jou nie beskore is nie, werk varkfilet ook goed – braai die vark miskien net 'n raps gaarder as die bakkie, wat basies nog (met 'n bietjie aanmoediging) moet kan spring. Die hoeveelhede is na raming.

Jy benodig

(genoeg vir 6 as voorgereg)

- 1 springbokfilet van ongeveer 600 g
- 6 repe strepiespek (*streaky bacon*)
- 2 groot spinasieblare, are verwyder (die spinasie is opsioneel, maar lyk baie mooi)
- ½ koppie roomkaas
- ¼ koppie elk droë bosbessies en geroosterde neute

Só maak jy

1 Maak 'n snit in die lengte van die filet – omtrent driekwart deur die vleis – en vou dit oop. (Moenie dit heeltemal deursny nie, anders gaan die vulsel uitloop.) Druk die vleis effens platter met jou hande en geur dit met sout en peper.

2 Pak die spekrepe langs mekaar op 'n snyplank en sit die filet met die dikste kant na onder bo-op. Rangskik 'n enkellaag spinasie op die gesnyde kant van die vleis.

3 Meng die roomkaas met die bosbessies en neute, en skep die mengsel in 'n lyntjie in die middel van die spinasie.

4 Vou die filet se stertkant (die dun deel) binnetoe oor die vulsel en rol dan die vleis met die vulsel in die middel toe met die spek aan die buitekant. Bind die rol netjies vas met tou. (Sien die foto's op die oorkantste blad.)

5 Braai die gevulde filet tot dit so gaar is as wat jy daarvan hou (maar verkieslik aan die pienk kant) en sit dit in skyfies voor.

Ry & Sleep sê As jy nie die vleis onder die spek wil wegsteek nie, braai die spek bros, snipper dit en vou dit saam met die roomkaasvulsel in die vleis toe. Braai die filet in 'n warm gietysterpan met 'n bietjie botter en olyfolie oor die kole om dit oraloor te seël en laat dit goed rus voor jy dit voorsit.

GEVULDE VARKLIES MET VARKWORSIES Opgestop

Hierdie luukse lies braai maklik omdat dit plat is, maar dit werk ook goed as 'n opgerolde porchetta met die vel aan die buitekant – veral as jy 'n braai-rotisserie byderhand het wat dit stadig oor die kole kan draai terwyl dit braai!

Jy benodig

(genoeg vir 6-8)

- 1,5 kg varklies, vel ingesny en gesout (kies 'n groot, dun stuk vleis)

VIR DIE VULSEL

- 1 ui, gekap
- ½ rooi of groen soetrissie, gekap
- 1 eetlepel olyfolie
- 1 teelepel matige masala
- ½ koppie fyngekapte droëvrugte – ons het 'n mengsel van appelkossies, peer en appel gebruik
- 2 eetlepels geroosterde amandelvlokkies
- 1 eetlepel fyngekapte pietersielie
- 500 g rou varkworsies, vleis uit die derm gedruk

Só maak jy

1 Braai die ui en soetrissie in die olyfolie tot sag – jy kan gerus knoffel en gemmer byvoeg as jy wil.

Roer die masala by en verwyder die pan van die hitte. Meng die droëvrugte, amandels en pietersielie by en laat die mengsel afkoel voordat jy die varkworsievleis daarby inroer.

2 Vlek die lies só Sny met 'n skerp mes horisontaal deur die middel van die vleis sonder om dit heeltemal deur te sny. Vou die vleis oop en geur dit na smaak met sout en peper.

3 Versprei die vulsel oor die regterkantste helfte van die vleis. Vou die boonste helfte van die gevlekte vleis oor die vulsel terug.

4 Knyp die knuppeldik vark in 'n toeklaprooster vas. Braai dit stadig oor matige hitte sodat die vetjie lekker kan uitbraai. Nog 'n manier is om die rooster regop staan te maak teen die kant van die vuur, soos vir 'n staanrib, en vir minstens 1 uur omdraai-omdraai te braai. Hou dit fyn dop en maak seker die vark braai eweredig.

5 Sodra die vleis gaar is, kan jy die velletjie oor warm kole bros braai. (As dié waagstuk nie werk nie, sny die vel af en verf die vetlagie onder die vleis met 'n bietjie appelkooskonfyt voor jy dit oor die kole glaseer.)

Ry & Sleep sê Woolies verkoop nou sosatiegegeurde varkworsies. Die varkworsies het reeds masala, groen en rooi soetrissie, droë appelkoos en dies meer in. Dit is 'n uitstekende plaasvervangervulsel as jou tyd min is. >



TAMATIEPOT MET APPELKOSIES Tagine à la Mzansi

Die droë appelkose wat stadig saam met die vleis stowe, sorg vir 'n heerlike suur smaak in die bredie wat vir my in die uiteindelijke pot gelyktydig erg tradisioneel en tog eksoties smaak!

Jy benodig

(genoeg vir 6)

- 1,3 kg lamskenkelskywe
- 3 eetlepels koekmeel
- 'n ruim skeut olyf olie
- 2 uie, grofgekap
- 1 teelepel elk fyn komyn, koljander en geroekte paprika
- 3 knoffeltoontjies, geskil
- 1 stuk gemmer van 2 cm, geskil en gerasper
- 1 heel brandrissie (opsioneel)
- 12 droë appelkosies – 6 daarvan fyngeskap en die ander helfte heel
- 1 eetlepel ligbruin suiker
- 1 teelepel heelkorrelmosterd
- 1 blokkie vleisaftreksel, gekrummel
- 2 lourierblare, vars of gedroog
- 1 blik (400 g) gekapte tamaties
- 1 blik (400 g) tamatiepuree
- 1 koppie room

Só maak jy

1 Rol die vleis in die meel en skud die oortollige meel af. Verhit die olie in jou gunstelingpotjie en braai die vleis

mooi bruin. Sodra die vleis kleur het, roer die uie by en braai dit vir 'n paar minute saam.

2 Voeg die speserye, enige ekstra meel, knoffel en gemmer by en geur dit met sout en peper. Ná 'n minuut of twee kan jy die res van die bestanddele (behalwe die room) byvoeg. Spoel die tamatieblikke met 'n bietjie water en voeg dit ook by. Sit die deksel op en prut dit rustig vir 2 uur of tot die lam sag is.

3 Roer die room by – dit is nie tradisioneel nie, maar die room en tamatie saam is hemels. Prut die bredie oop vir nog so 30 minute of tot ingedamp en weelderig. As jy vars kruie byderhand het, sprinkel 'n bietjie gekapte platblaarpietersielie of koljanderblare oor. Proe vir outlaas of daar genoeg sout is en sit dit voor met groente en rys om die meeste te maak van die heerlike sous!

Ry & Sleep sê Vir die allerlekkerste geelrys, meng vir elke koppie droë rys ½ teelepel elk borrie en bruinsuiker, ¼ koppie goue sultanas, 1 heel kaneelstokkie en sout na smaak by en kook dit in net genoeg water sodat die rys nie gespoel hoef te word nie. Stip dit met botter as jy luuks voel en rond dit af met 'n strooisel geroosterde amandelvlokkies vir knars.



SLAPHAKSKEENTJIES MET ROSYNTJIES Lekker vir later

Jy benodig

(maak 2 groot flesses)

- 1,2 kg klein wituitjies

VIR DIE SOUS

- 4 eiers
- ½ koppie sultanas
- 1 koppie ligte bruinsuiker
- 2 eetlepels mosterdpoëier
- 1 teelepel mielieblom
- 1 teelepel mosterdsaadjies (opsioneel)
- 'n ruim knypie sout
- ½ teelepel borrie vir kleur (opsioneel)
- 1½ koppie witasyn

Só maak jy

1 Bedek die uitjies met kookwater, laat staan dit vir 15 minute en skil dit

dan af. Kook die geskilde uitjies in soutwater tot net-net sag. Dreineer en hou dit eenkant.

2 Klits al die bestanddele vir die sous (behalwe die asyn) saam in 'n groot metaal- of glasmengbak. Voeg die asyn in 'n dun straaltjie by en klits dit tot ingemeng.

3 Sit die mengbak met die sous oor 'n kastrol met 'n paar vingers kookwater daarin op 'n stoofplaat en klits die sous so oor die stoom tot dit verdik en die agterkant van 'n houtlepel bedek. Verwyder dit dadelik van die hitte.

4 Giet die warm sous oor die uie en meng dit goed deur. Bottel in gesteriliseerde flesses en verseël die flesses terwyl dit nog warm is.

Ry & Sleep sê Die uitjies se geur verbeter as dit 'n paar dae staan en die asynsmaak so effens versag.





'TRAILMIX'-TAMELETJIE

Smeer heuning om die mond

Brokke van hierdie bederf is 'n goeie snoephappie, maar dis ook heerlik as jy dit fynkap en oor groenslaai met sagte kaas sprinkel – óf oor gebraaide pampoen.

Jy benodig

(maak 1 plaatjie vol)

- 2 eetlepels gesmelte botter
- ½ koppie loperige heuning
- 200 g heel neute – ons het amandels en kasjoeneute gebruik
- 100 g "trailmix" met 'n kombinasie van droë bosbessies, goji-bessies en pampoensaad

Só maak jy

- 1 Meng** die botter, heuning en heel neute saam in 'n mikrogolf-bestande bak.
- 2 Mikrogolf** alles saam op Hoog vir 5-6 minute of tot die heuning 'n diep karamelkleur het. (Ek hou van myne donker.)
- 3 Roer** die trailmix blitsig by, giet die mengsel versigtig op 'n vel bakpapier uit en maak dit gelyk.
- 4 Koel** die tameletjie heeltemal af. Breek dit in stukke en hou dit in 'n lugdigte houer.

Ry & Sleep sê Steek die houer mooi weg, want as jou gesin dit in die hande kry gaan dié happie verdwyn voor die kar nog gepak is!



RUM-EN-ROSYNTJIELOLLIES

Rosyne by dosyne!

As jy nie wil lollies maak nie, vries eenvoudig die roomys in 'n geskikte houer – onthou dan net 'n roomyslepel vir opskep!

Jy benodig

(maak 10 lollies met 'n inhoudsmaat van 50 ml elk)

- ½ koppie gemengde rosyne, sultanas en korente
- gerasperde skil en sap van 1 nartjie
- ¼ koppie donker rum
- 1 koppie klitsroom (nie pouring cream nie)
- 1 plak (80 g) donkersjokolade, gesmelt
- ½ blik kondensmelk
- 'n knippie seesoutvlokkies (ek gebruik graag maldon)

Só maak jy

- 1 Week** die droëvrugte vir 'n paar uur (of oornag) saam met die nartjieskil en -sap in die rum.
- 2 Klits** die room met 'n elektriese klitser styf. Klits in 'n aparte bak die gesmelte sjokolade en sout by die kondensmelk in – sodra dit effens verdik, vou die room en geweekte rosyne by die kondensmelkmengsel in. (Liefs nie enige ekstra vloeistof wat nie ge-absorbeer is nie.)
- 3 Vul** die ysievorms, sit 'n stokkie in elkeen en vries dit tot hard.
- 4 Doop** die onderkant van die vorms vlugtig in warm water om die ysies uit te haal en eet dit dadelik – die roomys smelt redelik vinnig.

Ry & Sleep sê As jy te veel alkohol byvoeg, gaan jou lollies nie hard vries nie – dus is minder in dié geval beter.

Weg! Ry & Sleep KOOFGIDS

In die mark vir 'n karavaanskuiwer?

Die heeltemal nuwe en beste in die wêreld-woonwaskuiwer

powrtouch
EVOLUTION
auto



outomatiese karavaanskuiwer

Met 1-4 helling werkverrigting. Slegs een stel
benodig vir dubbelas-woonwa.

KONTAK ONS GERUS VIR NAASTE AGENTSAP.

**GRATIS
5 JAAR**
GEEN GEKIBBEL
ONDERDELE & WERK
WAARBORG

SOMILL PTY LTD,
RIETFontein, R51 DISTRIK
BALFOUR

KOÖRDINATE
S 26.977890 O 28.593968

KANTOOR TEL: 058 821 0006
info@powrtouch@somillfs.co.za

WILD

Accessories
BYKOMSTIGHEDE:

- KOMBUIS EENHEDE
- AMMO KRAT GLYERS
- DAKGEMONTEERDE TAFELS
- DAKRAKKE
- LAAISTELSELS
- INSTALLASIE VAN DAKTENTE EN SONSKERMS
- LAAISTELSELS
- SEKURITEITSMAS
- YSKASGLYERS
- LED KAJUITLIGTE



**VAN WERK TOT
SPEEL, ONS
KAPPIES HET JOU
GEDEK**

VIR MEER INLIGTING KONTAK ONS BY:

TEL: 012 771 7940

SEL: 083 284 6929

E-POS: SALES@WILDACC.CO.ZA

INFO@WILDACC.CO.ZA



PRYSE BEGIN VANAF:

STANDAARD:

- **DUBBELKAJUIT-R24,000.00**
- **EKSTRAKAJUIT-R26,900.00**
- **ENKELKAJUIT-R30,500.00**

GROTER:

- **DUBBELKAJUIT-R28,900.00**
- **ENKELKAJUIT-R33,500.00**




Safe-T-Locksmiths



- Transpondeersleutels gesny
- Sleutelkodering en -programmering
- Rekenaarboks-herstelwerk

**Commissionerstraat 307A,
Boksburg
083 226 3003 or 011 917 2016**



**OM HIER TE ADVERTEER,
KONTAK:**

DANIE NELL
danie.nell@media24.com

SHARLENE SMITH
083 583 1604
sharlene.smith@media24.com

SANETHA MEINTJIES
sanetha.meintjies@media24.com

Hou jou
KOEL
In die somer...
en **WARM**
in die winter!

Lugversorger

Lugversorger buite-eenheid

Auto Ewik karavaanskuier

Manual Ewik karavaanskuier

Purple Quattro skuiwers

Daklugversorger-eenheid

Trukameras

Lugversorger:

- Karavane
- Kommersieel
- Residensieel
- Daklugversorger
- Installasies
- Herstelwerk
- Dienste

Skuiwers:

- Karavaanskuiwers
- Ewiks
- Quattro

Ons doen ook:

- Spaarwielhak
- Volledige outomatiese waterpasstelsel

CJ Aircon's

072 413 3899 Jacques/Cindy
www.cj-aircons.co.za | info@cj-aircons.co.za

Trukameras:

- Purple-trukamer
- Draadlose trukamera

BATTERY & OUTDOOR KING

Beste Kwaliteit Beste Pryse

Die NR. 1 winkel met KAMPKRAG
VIR ENIGE VOERTUIG OF KARAVAN INSTALLASIES



Winkel: Rubensteinrylaan 870, Moreletapark, Pretoria-Oos
Tel: **066 2288 919** / 082 4444 911 | E-pos: jaco@mrek.co.za | www.batteryking.co.za



FB @batteriesking | FB-groep "Battery & Outdoor King"



BOOXE
CUSTOMISED VEHICLE ACCESSORIES

Hou Dit Netjies

Pasgemaak en
beskikbaar in
verskeie
afwerkings vir
alle fabrikate en
modelle.

info@booxe.co.za
066 176 2522



Vloer- en Kattebakmatte



Invoeg-bakkievoerings




Fortuner-bykomstighede



Universele bykomstighede

Koop aanlyn
www.booxe.co.za



Ons installeer **EWIKS KARAVAANSKUIWERS**

by jou perseel in Gauteng, Mpumalanga, North West, Limpopo and the Free State.

**Goeie
gehalte
draadlose
tru-kameras
vir karavane
R5 900**



KONTAK Wimpie Struwig by 082 33 33 833 | **Pieter Kalis** by 083 715 1226 | www.caravanmovers.co.za

MACLAREN AIR

Vir inligting en pryse kontak | Tel: 011 315 4348 | E-pos: maclaren@ust.co.za

Maclaren ondertoonbank-lugverkoeling vir karavaan/kampeerwa

Algehele Afmetings (mm): 395 B x 340 H x 735 L

- ▶ Maklike Doen-dit-self installasie
- ▶ Stil werkend
- ▶ Verkoeling & verhitting (hittepomp)
- ▶ Eenheid ten volle eie aangedrewe, reg om in te prop
- ▶ Maklike installasie (onderdele en patroonplaat ingesluit)
- ▶ Ideaal vir wiptent-dakkaravane en ander
- ▶ Liggewig, ideaal vir karavane
- ▶ Geen lekkasies wat houtverrotting veroorsaak

Maclaren 'Slimline' Dakwoonwa/ Ryhuys Lugversorger

Algehele afmetings met bedekking (mm): 736 B x 253 H x 1054

- ▶ Eenheid gemaak vir strawwe Afrika toestande
- ▶ Omliggende beligting in drie kleure
- ▶ Kragstelsel AC 220-240 V/50 Hz
- ▶ Ontwerp-verkoelingskapasiteit **3500W**
- ▶ Ontwerp-verhittingskapasiteit **3500W**
- ▶ Kraglewering (verkoeling/verhitting) **1300W/1100W**
- ▶ Installasie-opening se afmetings in dak (mm): 370 x 370



INDIEN VOLGENS SPESIFIKASIES GEÏNSTALLEER, BELEMMER JY NIE ENIGE VAN DIE WAARBORGE OP JOU KARAVAAN/KAMPEERWA NIE

ewiks

caravan mover
www.ewiks.co.za

Beweeg jou groot of klein karavaan self sonder moeite deur net 2 skakelaars te gebruik. Dit word deur die karavaanbattery aangedryf en permanent gekoppel om op padbande te ry.

Vir 'n toerustingsentrum of doen-dit-self inligting, kontak asseblief:

Kyle ☎ 084 33 00 606 ✉ info@ewiks.co.za



* Standaard stelsel, battery uitgesluit, en laaier weeg minder as 30 kg





**MIDWEEK, SPESIALE AANBOD: KAMP VANAF SONDAG
TOT VRYDAG SLEGS 2 PERSONE R900-00**

**EENHEDE, SPESIALE AANBOD: BLY VANAF SONDAG
TOT VRYDAG SLEGS 2 PERSONE R2 950-00**

Natuurreservaat in malaria-vrye gebied. Bosveld-atmosfeer – minder as 'n uur van Pretoria en Johannesburg – naby Brits. Selfsorghuise en woonwapark met netjiese ablusieblokke – rolstoelvriendelike badkamer. Staproetes – fietsryroetes – voëlkyk – wildritte – volop wild

- Speelpark • Tafeltennis • "Pool"-tabelle • Springmatte • Mini-gholf
- Binnenshuise verhitte swembaddens • Jacuzzi's • Koue swembaddens
- "Lazy river" • Watergrybane • Wegneemetes

Tel: +27 66 298 5379 / +27 66 298 1664 / +27 73 171 8331 /
+27 82 375 6179 • E-pos: info@dubegame.co.za • www.dubegame.co.za
Bespreek aanlyn: www.alloutbookings.co.za

NOORDWES

BRITS

OM HIER TE ADVERTEER, KONTAK:

DANIE NELL
danie.nell@media24.com

SHARLENE SMITH
083 583 1604 | sharlene.smith@media24.com

SANETHA MEINTJIES
sanetha.meintjies@media24.com



Dibiki Hartenbos Vakansieoord

Ons bied geplaveide kampeerplekke en privaat ablusiekampeerplekke, met toesluit badkamer en aparte opwaskamer. Daar is ook 'n rolstoelvriendelike badkamer vir kampeerders.

Ons onberispelike 1- tot 3-slaapkamer selfsorg, en volledig toegeruste houtchalets kom met 'n semi-toe braaidek, en ons het knus bachelor-eenhede. Linne en handdoeke word voorsien.

Ons het 'n rolstoelvriendelike chalet, wat gemak vir al ons gaste verseker.

Dibiki Riversdal Vakansieoord

Ons eenslaapkamer selfsorgverblyf bied 'n volledig toegeruste oopplan-kombuis en braaigeriewe. Linne en handdoeke word voorsien.

Kampe in styl met 16 ruim staanplekke – elk met privaat ablusiegeriewe. Eie krag- en waterpunte. Net 'n kort entjie van plaaslike restaurante en strande soos Stilbaai en Witsand.

ONS BIED JOU: Dibiki Spa, 'n groot swembad en babapoel, 'n biblioteek en 'n avontuurlike omgewing



☎ 044 695 1532 ✉ info@dibiki.co.za | www.dibiki.co.za

☎ 068 213 2845 ✉ info@dibikiriversdal.co.za | www.dibikiriversdal.co.za

Hierdie blokraai is n t die ding om jou brein 'n bietjie te laat oefen terwyl jy rustig in jou kampstoel agteroor sit. Navorsing het bevind blokraai hou talle voordele in en is goed vir dinge soos jou geheue en konsentrasie. Hou daai verstand dus skerp, nes jou potlood, en s  hierdie ene die stryd aan. En selfs al is jy iemand wat nie juis sterk gevoelens het oor di  soort navorsing nie, gee dit jou minstens iets om te doen tot jou o  te swaar raak. Die oplossing vir die vorige uitgawe se blokraai verskyn op bl. 109.

		Ruskamp in Etosha	Plant dit voor die lente	Plegtige belofte Verstreke	Kwessies	Palings	Nasionale park in SA		
Teenstrydigheid	Tante se man	Element�r		Vaartule				Maaltyd	Jong soldaat
Druifsoort	Hemp			Implemente		'n Voog		Arbeids-eenheid	Ondervind
				Moeg vir		Op die tafel gesit			
Verhouding					Kaggel				
Slaan		Oslo, bv.			Vals				Oersted (simbool)
		Heilige			Beltoestel				
Eiergeel	Abses				Kiekie			Stegs	
	Ram en ...								
				Predikasie			Gogga		
Buite-landse verteenwoordiger					Kykertjie				
					Indium (simbool)				
Op 'n stoel rus			Rivier in Frankryk				Noord (afk.)	Kamp-kombuis-toerusting	
		Hanswors	Halwe em		Porsie koek			Verfoelik	Priem
			Doodstryd		Kloue			Bome	Bitter sap
				16de Gr. letter		Weeg-toestel			
				Steen		"Skoert!"			
		Omvang-ryk							
		Aanwins							
Pas in KZN	Breekbaar	Verste punt			Opper (prefiks)				Kos inneem
	Toemooi	Aandryf			Dadelik				
						Klooster-vertrek			Onaf-gewerk
						Salot			
Digkonde					Lummel		lerland		
Gesny									
				Skieter					

Kleur dié prent in



KLEUR IN

Kry die vetkryt en kleur die toneel in.

WOORDSOEK

Soek die woorde op die lysie en merk hulle af.

SOEK DIE VERSKILLE

Daar is minstens tien verskille tussen die twee sketse. Kyk of jy hulle almal kan kry!

DOOLHOF

Wys die doolhof wie's baas. Onthou om eers 'n potlood te gebruik – ingeval jy 'n fout begaan.



Woordsoek

F B B M Z A L A N D O H Q C P M F K N U I N
J I O V C N Y J R M H U B B U J M B D O A Z
B N O H Z D Z B I G C O M M E R C E O M L T
O P L U M E T S Y E B W S D V G W U A O I C
F T C W U E S G J T Q O L D U E E Z T O B U
K R H B Y M C U M A P X H H T D O W Q Z A O
R D A L I E X P R E S S A X E N Z A N I B T
H S A B H R A E T V C O T N U W I T J Z A P
J R B Z F J W P I B Y R B Z S I A B O N D B
O D A U W L W C Y N T E E H J R T S B S Z E
E B I K M T I V I S D O D U G B G W I R D U
W P N X U U Q P L U C P B E W A P J D C O M
A O O F V T X B K S I F T Q G Y Q T D I A D
W J O K F O E K Y A X E J C D D F S L L H N
G H A C V D P N B W R F T K W S H O P I F Y
M I S C O W E Q L S K T N E O S W C Y B L W
X O C W T M Y D U I T G B O B L R S D F V H
C W T N F A M I P Z O W N O E I U H O M J W
T A J Z Y D O E S A C D Q K S V R K S E A M
N L G Z E W J B R F Z T I S T Z Q I W R W G
I M D V S B T E A C R C E M B T A Z E C Z L
C A W D B T T Q R O E K W I U B T D S A A O
Z R M G J S C I Z S R L D Y Y T A U E D W F
D T S A W O A T N G F U A D L E Y C D O Z E
S G U T G F P J M U B B Y Z W J S P N L W S
U Q J N Y B K D O Y E T J K A A G U Z I E D
H D F A T I U S Z A Z G W M I D Z O H B J W
G P W D Y E W E Q B Z V E Z F Z A M Z R O Q
U D Y N X V I Z L E S H H J U S O I L E W C
Z Z H O S H O P E E P C Y W S H Y D O L Y J


E-HANDELAARS

Alibaba	Flipkart	Shopify
AliExpress	JD.com	Taobao
Amazon	Lazada	Target
Best Buy	MercadoLibre	Walmart
BigCommerce	Rakuten	Wayfair
eBay	Shopee	WooCommerce
Etsy		Zalando

Soek die verskille



Doolhof



Dierefeite



ARMADIL (DASYPODIDAE)

- Armadille is soogdiere – daar's 20 spesies waarvan almal behalwe een in Latyns-Amerika voorkom.
- Die Spaanse woord "armadillo" beteken "die klein gepantserde een" – dit verwys na die beenplate waarmee hulle bedek is.
- Dit is die enigste soogdier met 'n pantserdop en kan tot 54kg weeg.
- Hulle is verwant aan miervreters en luidiere.
- Hulle is omnivore wat vroeg soggens en saans insekte, plante en vrugte soek om te eet.
- Die meeste spesies grawe diep gate en slaap vir 'n vale – tot 16 uur per dag. In die natuur is hulle lewensverwachting enigtiets van 7 tot 20 jaar.

Die opmars van die Chinese

Die dae van Chinese produkte wat bloot goedkoop namaaksels van Westerse produkte is, is verby, sê **Mic van Zyl**. Hy voorspel dieselfde gaan uiteindelik in motorvervaardiging gebeur.

Ek het 'n goeie maat wat vroeër, in die tyd toe ek met Nissan Suid-Afrika sake gedoen het, aan die stuur was van Nissan Oos-Afrika. Ons ken mekaar al amper 'n dekade lank.

Hy is intussen weg by Nissan, waar-skyndelik oor die agteruitgang van dié voormalige motorreus. Dis natuurlik net my mening, maar dit wil lyk asof dit wêreldwyd nie te waffers gaan met Nissan nie, en dis werklik jammer.

Ek het onlangs weer met my vriend kontak gemaak en verneem hy het hom aangesluit by 'n nuwe en opkomende maatskappy wat 'n toonaangewende Chinese motorhandelsnaam hier in Suid-Afrika verteenwoordig. Ons het by sy nuwe kantoor koffie gedrink, en my eerste reaksie was: "Hoe kon jy?" Ek het egter vinnig opgemerk dat hy nie die enigste oud-Nissan-werknemer by die nuwe maatskappy is nie.

Dinge het begin sin maak toe ons uiteindelik oor die Chinese maatskappy en sy produkte begin gesels.

Uit ons gesprek het ek 'n sleutelkenmerk van Chinese motorvervaardigers opgemerk wat hulle onderskei van die tradisionele of gevestigde handelsname uit Japan, Korea en Europa: Hulle is aansienlik minder selfvoldaan oor hulle produkte en ambisies.

Ek dink dit is een van die redes waarom sommige van hierdie gevestigde name sukkel. Dis baie makliker om iemand in te haal as om voor te bly, en die Chinese motorvervaardigers haal teen 'n verstommende tempo in. Ek dink 'n onaangename verrassing wag dalk binnekort op die tradisionele motorvervaardigers. Dis nou as hulle dit nie reeds besef nie.

In Suid-Afrika het ons voertuigvervaardigings-, invoer- en verkoopslandskap die afgelope dekade beduidend verander, en dit versnel al hoe haastiger met die toetrede tans van Chinese handelsname in ons mark.

Volgens NAAMSA se voertuigverkoopsyfers vir 2024 is 304 400 van die 484 800 nuwe passasiersvoertuie wat in daardie tyd verkoop is, ingevoerde modelle – dit is 62,8%. Chinese invoere was ongeveer 52 100 (17,1%) en invoere uit Indië 173 700 (57,1%).

Van die totale voertuigverkope verteenwoordig Chinese handelsname 10,7%, terwyl Indië vir 'n enorme 35,8% verantwoordelik is. Indië lei hierdie segment hoofsaaklik omdat baie van die plaaslike topverkopers – soos Suzuki en Toyota – in Indië vervaardig word eerder as in hulle oorsprongland, Japan.

Die hele Suzuki-reeks wat in Suid-Afrika verkoop word, kom van Maruti Suzuki in Indië. Dieselfde geld vir die

klein Suzuki's met Toyota-handelsname wat deur Toyota SA verkoop word. Daar is ook baie ander nie-Indiese modelle buite die topverkoperlys wat uit daardie land kom, insluitend Renault, Nissan en Kia.

Dit is nie goeie nuus vir die gevestigde name en hulle vervaardigingsaanlegte op eie bodem nie. Die tempo waarteen Chinese voertuie in ons mark aanvaar word, is verstommend en die produkte verbeter met elke nuwe model wat bekend gestel word.

Handelaarsnetwerke ontstaan oral in stedelike sentrums, wat beter naverkoopdiens tot gevolg het, en ek sien al hoe meer handelaarsgroepe wat tradisioneel handelsmerke soos Toyota, Nissan, Ford en Isuzu verteenwoordig wat begin om Chinese motorhandelsmerke by hulle portefeulje in te sluit. Hulle sal moet, as hulle 'n mededingende onderneming wil bly.

'n Ander faktor wat die tradisionele motorvervaardigers moet bekommer, is die feit dat die Chinese vasbeslote is om die wêreld se motorbedryf te oorneem. Verbruikersprodukte wat nie oorneem word deur Chinese tegnologie en vervaardiging nie, raak al hoe skaarser.

Die dae van Chinese produkte wat goedkoop namaaksels van Westerse produkte is, is verby. Ek voorspel dieselfde sal uiteindelik in motorvervaardiging gebeur. Dalk nie so gou in Amerika of Indië nie, maar sekerlik in plekke soos Europa en, helaas, ook hier in Suid-Afrika.

Sal ek vir my 'n Chinese voertuigkoop eerder as 'n model van 'n tradisionele gevestigde handelsmerk? Tans is my antwoord nee... maar hoe lank sal ek nog kan uithou?



Ontdek die onverwagte



Daaglik oop, toegang is gratis.

Bon Game Reserve



KAMPERING

Omhels die stilte van 'n kampvuur terwyl die son sak oor die pragtige Gouritz-brug, met wild wat vrylik rondom jou kamp rondbeweeg.



SELSORG AKKOMMODASIE

Gaste wat twee of meer nagte by ons Imba House bly, ontvang 'n gratis wildrit.



STAPROETES

Ervaar die skoonheid van die natuur deur sy twee betowerende staproetes wat langs die reservaat se rand kronkel.



HOVERCRAFT AVONTURE

Hierdie ervaring neem jou langs die rivierwal na 'n swempeel, terwyl jy asemrowende uitsigte oor die kloof en die oorhangende kranse geniet.

@bongamereserve
www.bongame.co.za
076 980 6841



Wat het geword van billikheid?

Hoekom is daar só baie mense wat weier om te aanvaar kamp is nié meer die spotgoedkoop keuse wat dit eenmaal was nie, vra **Neels van Heerden**.

Ai tog! Ek staan deesae al hoe meer verstom oor hoe gereeld ek kampeerdere teëkom wat amper trots verklaar dat hulle nie bereid is om “'n plaas se prys” te betaal vir 'n lekker kampervaring nie.

Hulle is die mense wat van die een internetforum na die ander en op elke denkbare WhatsApp- en Facebook-groep rond dwaal, oorgehaal en vasbeslote om die goedkoopste kampterrein te vind.

“Help asseblief. Op soek na 'n kamp-plek,” begin hulle versoek gewoonlik, voor hulle skrikwekkend vinnig die kluts kwytraak. “Dit moet verkieslik die volgende hê: 'n verhitte swembad, personeel om te help met ons tent, iemand wat skottelgoed was en 'n kampwinkel met goedkoper pryse as supermarkte. O ja, die kinders moet heel dag vermaak word. En dit mag natuurlik nie 'n fortuin kos nie – die petrolpryse en tolpaai maak reeds 'n groot duik in ons begroting.” Goed, dis nie altyd só blatant nie, maar jy verstaan wat ek bedoel, of hoe?

'n Mens kan amper die kollektiewe sug van eienaars en bestuurders van kampterreine reg oor Suid-Afrika hoor. Mense wil hulle kom tuismaak by 'n oord wat alles en nog wat bied, maar kla steen en been as die tariewe nie strook met wat hulle in vervloë dae betaal het nie.

Soms stop die versoeke nie daar nie. “Ons soek iewers waar dit stil is,” dring hulle aan, “maar die staanplekke moet naby aan die kinderaktiwiteite wees.

Ons wil in die natuur kamp, maar ons soek wif op ons staanplek. Ons wil naby die verhitte swembad kamp, maar daar moet om hemelsnaam nie enige rumoer wees nie. Ons kleinkinders kom ook saam, dus soek ons menseredders wat van sonsopkoms tot donker aan diens is.”

Dis hierdie soort mense wat vinnig in klakouse verander en kampterreine begin slegsê. Ek wonder hoe ver die dag is waar iemand vra vir 'n plek waar muskiete klokslag na hulle neste terugkeer en blouapies opgelei is om die grense van kampgebiede te respekteer.

Sommige ouers is net so skuldig. “Billike tariewe asseblief, maar ons soek

vermaak vir ons kinders sodat hulle nie verveeld raak en vloermoere gooi nie.”


Moderne kampplekke moet moderne speelgeriewe, trampoliens en klimrame hê. Personeel moet in staat wees om al elf amptelike tale te praat én genoegsame hulp kan bied aan kinders met huiswerk. Miskien ekstra wiskundeklasse ook – hoekom nie?

Dan word die tariewe bevraagteken. Hoekom word pryse per persoon bepaal? Hoekom is staanplekke beperk tot slegs vier of ses mense? “Boetie en Sussie se vriende verbruik mos min water en elektrisiteit,” redeneer ouers. Hulle gebruik hulle slimfone om presies te bepaal hoe die kamp wildritte, ponieritte en goedkoop vermaak kan verskaf – sonder 'n verdere aanslag op hulle begroting.

Ongelukkig bestaan daar nie iets soos 'n volmaakte én spotgoedkoop kampoord nie. Kampplekke en vakansieoorde is ondernemings met 'n winsbejag – nie liefdadigheidsorganisasies nie.

Die oorhoofse kostes wat hulle het vir dinge soos onderhoud en instandhouding, salarisse en vervoerkoste beïnvloed die koste van selfs die mees basiese kampwinkelprodukte. Die verskillende dienste by oorde verskil dikwels hemelsbreed. Hierdie verskille verklaar ook die uiteenlopende tariefstrukture.

Kamp is eenvoudig nie meer die goedkoop keuse wat dit eenmaal was nie en dis net billik om te verwag dat jy betaal vir dit wat jy kry.



WAAR SPORT, KUIER, MUSIEK EN GESELS
LEKKER SAAM SKOP!




TOKS & TJOPS

VRYDAE 20:00



As die kampingogga jou byt

Hy sou nooit kon dink dat hy só laat in sy lewe weer sou begin kamp nie, maar hier is hy nou, sê **Francois Nel**.



My pa het nie aan kamp geglo nie en daarom het ek op skool maar saam met my maats se ouers gaan kamp. Ek het ook een slag saam met my vriend 'n fietstoer van Boksburg na Badplaas onderneem met R20 in my Poskantoorpaarboekie.

Op universiteit het ek wel gereeld gaan kamp, maar dit was hoofsaaklik om vir 'n verandering op 'n nuwe plek

te kan sit en bier drink. Wanneer ek en my maters gaan stap het, het ons altyd gesorg dat ons in oornaghutte bly, want niemand was bereid om 'n tent saam te dra nie.

In my dienspligjare was die weermag se idee van kamp eintlik 'n afskrikmiddel omdat ons, gewoonlik op

'n Saterdag, daardie 4x4- of 4x6-tente moes opslaan terwyl die res van die eenheid rus. Dit was 'n veeleisende storie om almal van hulle presies in lyn te kry. Die weermag het ook gedink dis 'n goeie idee om in die winter in die Swartberg te kamp. Dit het behels dat ons loopgrawe moes grawe waarin

ons, omring deur ysterklip, onder ons bivvies probeer slaap het in daardie nat en yskoue nagte.

Ná ons troue is ek en my vrou met twee pragtige dogters geseën, maar dit was nie lank nie voor daar mooi vir my vertel is kamp is nie hulle ding nie. Hulle het nie kans gesien om saans die donker te trotseer vir 'n draai in die badkamer nie. Hulle het my ook mooi laat verstaan dat ek hulle aan onnodige gevare blootstel, want daar is altyd die kans dat hulle moontlik oor 'n tentpen kan struikel.

Dis in sulke tye dat ek myself geblameer het, want dis ek wat hulle grootmaak het met vakansies waar jy op wit linne slaap en waar elkeen haar eie badkamer het met handdoeke van Egiptiese katoen.

Tyd wag vir niemand nie, en mettertyd het die lewe en ouderdom my ingehaai. Toe ek my oë uitvee, is ek afgetree en stoksielalleen.

Gelukkig ontfrem my vriend hom oor my en nooi my saam na 'n bierfees wat elke jaar op Greyton gehou word. My liefde vir bier is sterker as my weersin in kamp en ek besluit om die uitnodiging te aanvaar, maar met een voorwaarde: Ek slaap nié op 'n opblaasmatras in 'n tweemantent nie, want ek is te oud.

Teen die tyd dat my knieë

my regop het en ek hande-
viervoet uit die tent kruip, is
die helfte van die dag verby.

Gelukkig is my een skoonseun baie lief vir kamp en ek leen by hom 'n paar items soos 'n behoorlike tent (waarin ek regop kan staan) en 'n oprolmatras. Dinge soos 'n koelboks, ou duvet, kussing en 'n klompie kampstoele het ek reeds, en in die gees van kamp belê ek in 'n kampbedjie en 'n behoorlike kamplig wat deur die son gelaai word en inproppek vir my foon se kabel het.

Ná die naweek kom ek tot 'n paar gevolgtrekkings. Ek hou van kamp en sal só voortaan meer kan reis, op 'n klei-

“

My liefde vir bier is sterker
as my weersin in kamp
en ek besluit om die
uitnodiging te aanvaar.

”

ner begroting. My vriende ry almal omgeboude bakkies wat binne minute omskep kan word in 'n tent-op-wiele. Die probleem is egter dat hulle alles weer moet opslaan as hulle êrens heen wil ry, wat tot gevolg het dat hulle by die bierfees op my staatgemaak het as hulle aangewese vervoer feesterrein toe en terug... wat nogal 'n demper geplaas het op my poging om die beste lager op te spoor.

'n Ander ding wat ek opgemerk het, is hoe die eerste paar uur van elke gesprek in beslag geneem word deur vergelykings van mekaar se kampbakkies. Dan spog elkeen oor die jongste katoeter wat hy aangeskaf het. En die ouens noem so in die verbygaan wat dit kos en ek verstik amper, want op my karige pensioengeld is dit my nie beskore nie.

Die kampinggogga het egter gebyt... of dalk het die kampkrokodil my verorber. Ek besluit ek kan steeds die genot van kamp ervaar met 'n paar selfopgelede reëls. Eerstens moet al my kamptoeerusting in my Mazda CX5 pas. Tweedens moet ek so gemaklik as moontlik kan kamp en derdens gun ek myself 'n ruim begroting van R10 000. Nou begin ek koop soos 'n modebewuste tiener by 'n rooihanger-uitverkoop.

Die eerste wat ek aanskaf, is presies dieselfde tent as my skoonseun s'n, want my ouers het my mooi geleer dat leen verhoudings vertroebel. Ek belê ook in my eie matrassie en kamptafel. 'n Grondseil en penne is ononderhandelbaar en ek koop ook 'n kragkabel. Hierna volg breekware, nog ligte en 'n kampkrat terwyl vriende 'n gasstofie en koffiedompelaar skenk.

Soos 'n gesoute politikus oorskry ek my begroting met 6,41%, maar regverdig dit met die wete dat die koeël met die eerste aankope reeds deur die kerk was. Inflasie kry ook 'n bietjie van die skuld.

Ek het besef ek moet die leisels stywer vashou toe ek myself betrap dat ek drieuur in die oggend op die internet rondsoek vir 'n sleepwagentjie.

Nou moet ek myself begin gereed kry. Toe ek my skoonseun se tent geleen het, het ek gesukkel om die besigheid so op te vou dat dit weer in die sak pas. Skoonseun kom gee raad en verduidelik versigtig die kernbeginsels van tentopvou. Ek spoor ook 'n video op van iemand wat sy tent binne 4 minute afslaan, opvou en terug in die sak pak.

Die Maandag nadat ek my tent gekoop het, slaan ek hom die eerste keer op. En die afslaanslag vat my 'n volle 25 minute en kos my liters sweet. Teen die derde dag kry ek dit binne 18 minute reg en vind vertroosting daarin dat die ou op die video baie jonger is as ek.

In my binneste glo ek vas ek is nou reg vir kamp. Ek woon op Malmesbury en het 'n vrees dat daar sekere lewensbelangrike en noodsaaklike kamptoeerusting is wat ek nog nie het nie.

Ek wil nie die eerste keer in die grammadoelas gaan kamp waar ek nie die broodnodige goed kan aanvul nie, en besluit om vir vier dae in Melkbosstrand te gaan afpak vir my heel eerste amptelike alleenkamp.

Die aand voor ek ry, is ek so opgewonde soos 'n kleuter op Oukersaand. Ek kan nie slaap nie, rol rond en maak lysies van enigiets wat ek moonlik kon vergeet het. Die volgende oggend gaan stap ek met die honde, eet vinnig ontbyt en begin pak. Teen twaalfuur is alles in die kar.

Toe ek nog 'n kind was, het die vakansie begin met ontbyt in die Wimpy op Harrismith. Ek besluit om voort te bou op dié tradisie. Ek ry 32 km Spur toe en bederf myself met 'n kaasburger en ietsie kouds. Om moed te skep.

Stiptelik om tweeuur ry ek by die Ou Skip in, kry my staanplek en begin my tent opslaan.

Die bakkie se pad...

Die bakkie is so eg Suid-Afrikaans as boerewors en brandewyn. Ja, jy kry dalk in ander lande *pickup trucks*, maar die bakkie is deel van óns kultuur.

Die wêreld se heel eerste bakkie was die Daimler Motor Lastwagen (of dan gemotoriseerde afleveringswa) wat in 1892 deur die maatskappy Daimler-Motoren-Gesellschaft gebou is – die maatskappy wat later sou bekend staan as Mercedes-Benz.


Die wa kon 1,2 t dra en die 1,5 l-tweesilinderenjin kon 4,1 kW opwek teen 720 r.p.m. en 'n topspoed van 12 km/h haal. Ná vele naslaanwerk kon ons nie bevestig of die wa ooit na Suid-Afrika gebring is nie, maar dit is inderdaad moontlik. Die oorspronklike wa staan vandag in die Mercedes-Benz-museum in Stuttgart, Duitsland.

Die eerste bakkie wat ons wel weet in Suid-Afrika verkoop is, is die bakkie-weergawe van die Ford Model T. Die oudste voorbeeld wat nog bestaan, is waarskynlik in die private versameling van André Wessels, 'n boer van Wellington in die Wes-Kaap. Terloops, dié 1922-model Model T was een van die laastes wat slegs in swart bakverf beskikbaar was – nadat verftegnologie verbeter het, kon jy van 1926 af 'n Ford ook in ander kleure bestel.

Gaan kyk gerus na André se versameling by die ou leerlooiers langs die Hermonpad buite Wellington.

Die eerste moderne bakkie in Suid-Afrika soos ons dit vandag ken, was die Toyopet Stout wat in 1966 aangeland het. Suid-Afrika het voor hierdie voertuig uiteraard ander Amerikaanse en Britse bakkies gehad, maar soos ons noem, was die Toyopet Stout die eerste moderne een.

Toyota Suid-Afrika het die effens langer Toyota Hilux in 1970 in sy Durbanse aanleg begin vervaardig. Die eerste Hilux – die N10 – had 'n 1,5 l-petrolenjin, maar hy is kort daarna vervang deur die N20-model met 'n sterker 2 l-petrolenjin wat 89 kW kon uitgeskop en die bakkie 'n topspoed van 136 km/h laat haal het.



Het jy dalk iewers 'n seldsame
sleepsel of ryding raakgeloop?
Vertel ons daarvan en stuur vir ons
'n foto na
rysleepp@weg.co.za





Weg! Stapfees

go! FESTIVAL OF
Hiking

Inskrywings vir 2026 se Weg- stapfees is nou oop!

Stappers kan begin strek vir volgende jaar se Weg-stapfees in die Kaap. Die inskrywings vir die Kaap is nou oop. Van 20 tot 22 Februarie 2026 word die Kaapse Weg-stapfees by Meerendal buite Durbanville gehou.

WAT IS DIT?

Weg-stapfees is 'n lekker bederf! Dis 'n naweek waar jy jou fiksheid vir die Vis, die Otter of die Amatola in die veld kan toets en sommer lekker kan gesels met ander mense wat versot is op stap.

Die eerste twee Weg-stapfeeste in 2024 en 2025 was albei 'n reuse-sukces wat deur duisende stappers bygewoon is. Jy kan al vanjaar inskryf vir die Kaapse Weg-stapfees, maar inskrywings vir die Gautengse fees open eers in 2026.

AFSTANDE BY DIE KAAPSE WEG-STAPFEES

Vrydag 20 Februarie: 'n 6km-stap om 18:00 (geskik vir die hele gesin).

Saterdag 21 Februarie: Kies of jy aan die 6km-, 12km- of 21km-stap wil deelneem. Die verskillende pretstappe spring op verskillende tye weg, maar almal is vroegoggend.

Sondag 16 Februarie: 10km-stap om 07:00.

WAT IS VANJAAR NUUT?

Die feestertrein is weer by die grasperk langs die proelokaal, waar jy koffie, bier en kos kan koop. By ons eksposruimte gaan jy verlei word deur die borge se nuutste toerusting.

Die roetes is ook effens anders. Die kort afstande, sowel as die Sondagroete, bly dieselfde. Op Saterdag sal die 12km-stappers in 2026 'n nuwe roete stap, en die 25km-roete word ingekort tot 21km. Slegs die 21km sal in 2026 oor Dorstberg loop.

WAAR KAN EK BLY?

As jy verblyf nodig het, kan jy een van die kamers in die boetiekhotel op Meerendal bespreek. Bespreek dit by dieselfde skakel waar jy inskryf.



20-22 Feb 2026

Meerendal-wynlandgoed,
Durbanville

SAAM MET



TOP EVENTS

www.topevents.co.za



Bespreek by
wegstapfees.topevents.co.za

Skryf vir een, twee of drie staptogte op al drie dae in!

VRYPAG

'n Maklike
6km
op Meerendal.
Bring die hele
gesin. Bly vir
die braai!

SATERDAG

Kies tussen
**6km,
12,5km
of 'n stewige
21km.**

SONDAG

'n Maklike
10km
voor die afsluiting
en prysuitdeling.

A man with a beard and a black cap is looking upwards and to the side. He is holding a large, orange Stanley water bottle with a flip straw. He is wearing a green jacket over a dark shirt. The background shows a clear blue sky with some clouds and green trees.

For Every Move.

Avontuur met jou IceFlow™ Bottle Flip Straw 2.0 in
Goldenrod Coral

Ons nuwe reeks IceFlow™-bottels is hier. Hulle hou jou water yskoud vir ure wanneer jy verken of in die gimnasium is. Sluk dit, klap dit toe, bêre dit – pas perfek in jou dra sak of motorbekerhouer.



STANLEY®

Sunel

Kyk wat het ek gratis gekry! Stuur dit aan. 😊



Johan

Hoe het jy die nuwe uitgawe verniet gekry?? 😊

Sunel

Wie gee om? Stuur dit net aan.

DIE DEEL VAN PDF-PUBLIKASIES IS 'N **MISDAAD**

MOENIE STEEL NIE

AS JY 'N PDF-PUBLIKASIE OP E-POS, WHATSAPP OF ENIGE ANDER BOODSKAPDIENS ONTVANG, RAPPOORTEER DIT ASSEBLIEF AAN REPORT@MEDIA24.COM

MEDIA24